



Annual Report Jaarverslag

2020/2021





Agri SA | Private Bag X180 | Centurion | 0046
Inkwazi Office Park | Block A | Embankment Road 1249 | Zwartkop X7

T +27 (0)12 643 3400
F +27 (0)12 663 3178
E agrisa@agrisa.co.za

www.agrisa.co.za

INDEX | INHOUDSOPGAWE

5	VISION, MISSION AND VALUES VISIE, MISSIE EN WAARDES
6	FOREWORD BY THE PRESIDENT VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT
10	OVERVIEW BY THE EXECUTIVE DIRECTOR OORSIG DEUR DIE UITVOERENDE DIREKTEUR
26	PHOTOS FOTO'S
30	CHAMBER OVERVIEW KAMER OORSIG <ul style="list-style-type: none">General Affairs Chamber Algemene SakekamerCommodity Chamber BedryfskamerCorporate Chamber Korporatiewe Kamer
36	CONGRESS REPORT 2020 KONGRESVERSLAG 2020
80	CENTRES OF EXCELLENCE SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID <ul style="list-style-type: none">Land GrondRural Safety Landelike VeiligheidNatural Resources Natuurlike HulpbronneLabour and Development Arbeid en OntwikkelingEconomics Ekonomie
112	AGRI SECURITAS TRUST FUND AGRI SECURITAS TRUSTFONDS
122	PERSONNEL PERSONEEL
124	ORGANOGRAM
125	IN MEMORIAM
126	HONORARY AWARDS ERETOEKENNINGS
128	COMPOSITION OF CONGRESS SAMESTELLING VAN KONGRES
129	STRUCTURES IN WHICH AGRI SA IS REPRESENTED STRUKTURE WAARIN AGRI SA VERTEENWOORDIGING GENIET
132	FINANCIAL MATTERS FINANSIËLE STATE



We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

VISION, MISSION AND VALUES

VISIE, MISSIE EN WAARDES

VISION • VISIE

To secure an inclusive and prosperous agricultural sector.
Om 'n inklusiewe en welvarende landbousektor te verseker.

MISSION • MISSIE

We enable farmers.
Ons stel boere in staat.

VALUES • WAARDES

Agri SA and its members

- Trust
- Respect
- Collaboration

Agri SA en sy lede

- Vertrou
- Respekteer
- Werk saam

FOREWORD BY THE PRESIDENT

VOORWOORD DEUR DIE PRESIDENT



Pierre Vercueil
President

The year 2020 was a good year for agriculture and the expectation is that 2021 will be equally successful.

Whilst overall economic growth in 2020 was at -5,3%, the agricultural sector grew at 13,1% in the same year. It was declared an essential service and benefitted from bumper crops and the eased lockdown regulations applicable to the sector.

The pandemic, however, also had a negative impact on the sector. According to Dr Roelof Botha, economic adviser to the Optimum Investment Group, loss of demand for products of the agriculture, forestry and fishing sector as a result of Covid-19, amounts to R13,5 billion.

This came about as a result of lockdown restrictions that disrupted transport of resources. Public sector services related to international agricultural trade came to a halt in many instances. The demand for agriculture products consumed through restaurants were significantly affected. Revenues generated by informal food markets declined sharply during the initial lockdown. The most significant negative impact on agriculture in terms of lost revenues was felt in game farming, agri-tourism, the hospitality industry and inputs for processed food and beverages.

Agri SA and its staff has, however, played a significant role to assist our members in addressing a range of constraints. These include the issuing of permits to deliver products to local markets, engaging with harbour authorities to address the bottlenecks and speed up exports of products to international markets and

Die jaar 2020 was 'n goeie jaar vir die landbousektor en dieselfde word verwag in 2021.

Terwyl algemene ekonomiese groei in 2020 op -5,3% te staan gekom het, het die landbousektor met 13,1% in dieselfde jaar gegroei. Die landbou is as noodsaaklike diens verklaar en het voordeel getrek uit goeie oeste en 'n verslapping van die inperkingsregulasies wat in die sektor van toepassing was.

Die pandemie het egter ook 'n negatiewe uitwerking gehad op die sektor. Volgens dr Roelof Botha, ekonomiese adviseur vir die Optimum Investment Group, het die afname in vraag na landbou-, bosbou- en visserye-produkte as gevolg van Covid-19 sowat R13,5 miljard bedra.

Die rede hiervoor was dat die Covid-19-inperkings die vervoer van hulpbronne onderbreek het. Openbaresektordienste wat internasionale handel in landbouprodukte betref, het in baie gevalle tot stilstand gekom. Die vraag na landbouprodukte deur restaurante is geweldig hierdeur geraak. Inkomste gegeneer deur informele voedselmarkte het ook skerp afgeneem gedurende die aanvanklike inperking. Die nadeligste uitwerking op die landbou in terme van verlies aan inkomste is in die wild-, agri-toerisme- en gasvryheidsbedrywe ervaar, asook ten opsigte van insette vir verwerkte voedsel en drank.

Agri SA en sy personeel het egter 'n belangrike rol gespeel om ons lede te help om 'n reeks knelpunte te hanteer. Dit sluit in die uitreiking van permitte om produkte aan plaaslike markte te lewer; skakeling met hawe-owerhede om blokkasies op te los en die uitvoer van produkte na internasionale markte te bespoedig; asook om te verseker dat ingevoerde insette en tegnologie betyds aan die landboubedryf gelewer word.

Hierdie tydigte ingrypings en konstruktiewe skakeling met kabinetministers, die leierskap van staatsondernemings soos Transnet, SANRAL en veral Eskom, en vele ander belanghebbendes, het meegehelp om hierdie probleme spoedig op te los.

Persoonlike gesprekke met president Cyril Ramaphosa in Desember 2020, asook met wyle professor Mohammed Karaan en die voormalige minister van finansies, Trevor Manuel, het 'n geleentheid geskep om Agri SA se standpunte oor kritieke aangeleenthede te deel, soos byvoorbeeld die waarde van die kommersiële landboubedryf, sy bydrae tot voedselsekerheid, 'n gunstige beleidsomgewing vir die landbou, en ons verbintenis om by te dra tot die herbou van die land se ekonomie.

Hierdie interaksies het die fondament gelê vir opvolggesprekke met die hoof- uitvoerende beampte van die Land Bank,

to ensure that imported input supplies as well as technology be delivered on time to the agricultural industry.

These timeous interventions and constructive engagements with cabinet ministers, the leadership of state-owned institutions such as Transnet, SANRAL and Eskom in particular and many other stakeholders helped to resolve challenges speedily.

In personal meetings with President Cyril Ramaphosa in December 2020 as well with the late Prof Mohammed Karaan, the previous minister of finance, Trevor Manuel, created an opportunity to share Agri SA's views on critical issues such as the value of commercial agriculture, its contribution to food security, conducive policy environment, job creation and foreign exchange earnings, land reform, agricultural development and our commitment in terms of contributing towards the rebuilding of the country's economy.

These interactions laid the basis for follow-up discussions with the chief executive officer of the Land Bank, Treasury officials, the acting director-general of the department of agriculture, rural development and land reform and many other role players to discuss the Land Bank's liquidity constraints. The latest interaction with the minister of public enterprises, Pravin Gordhan, minister of agriculture, Thoko Didiza, the chief executive officer of Transnet, Portia Derby, and other key stakeholders on the harbours and rail infrastructure challenges, has illustrated the immense value of an organisation such as Agri SA.

As an apex organisation that represents, protects and advances the interests of farmers in South Africa, Agri SA must continue to strengthen its facilitation role in this respect. Facilitation, however, requires that discussions must be frank and robust at times, not only to bring a point across, but to spur government into action.

The fact that the president has acknowledged the agricultural successes achieved last year during his State of the Nation address, I believe, is the result of lobbying by organised agriculture, sharing of information, constructive engagement with the state and collaboration at various levels to facilitate local and international trade during various stages of lockdown levels announced by the president from time to time.

In addition, South Africa has seen efforts to accelerate the implementation of structural economic reforms. These reforms are crucial to bring about a strong economic recovery, and to put our economy on a faster and more sustainable growth trajectory.

The demand for South Africa's agriculture, mining and manufacturing exports have necessitated these reforms. Not only is it necessary to modernise and transform our rail, road and harbour infrastructure to increase efficiency, reduce costs and make our exports more competitive, but it also leads to job creation and increased inflows of foreign exchange.

These reforms include the following:

- Private businesses will now be allowed to generate power of up to 100 MW each, without a licence.
- The establishment of the Transnet National Ports Authority as an independent subsidiary of Transnet, in line with the

Tesourie-amptenare, die waarnemende direkteur-generaal van die departement van landbou, landelike ontwikkeling en grondhervorming en verskeie ander rolspelers om die Land Bank se likiditeitsprobleme te bespreek. Die jongste interaksie met die minister van openbare ondernemings, Pravin Gordhan, die minister van landbou, Thoko Didiza, die hoof- uitvoerende beampte van Transnet, Portia Derby, en ander sleutelbelanghebbendes, oor die probleme wat ervaar word met hawe- en spoorinfrastruktuur, het die ontsaglike waarde van 'n organisasie soos Agri SA bevestig.

As oorkoepelende organisasie wat die belange van boere in Suid-Afrika verteenwoordig, beskerm en bevorder, moet Agri SA voortdurend sy fasiliteringsrol in dié verband versterk. Fasilitering vereis egter dat samesprekings te aller tye openhartig en robuus geskied, nie bloot om 'n punt te maak nie maar ook om die regering tot aksie aan te spoor.


Die feit dat die president die suksesse wat die landbou verlede jaar behaal het tydens sy Staatsrede erken het, was na my mening die gevolg van georganiseerde landbou se voorspraak, verspreiding van inligting, konstruktiewe skakeling met die staat, en samewerking op verskeie vlakke om plaaslike en internasionale handel te fasiliteer gedurende die verskillende stadia van inperkingsvlakke, soos van tyd tot tyd deur die president aangekondig.

Verder het Suid-Afrika ook pogings gesien om die implementering vanstrukturele ekonomiese hervorming te bespoedig. Hierdie hervormings is uiters noodsaaklik om sterk ekonomiese herstel te bewerkstellig en om ons ekonomie op 'n vinniger en meer volhoubare groeitrajek te plaas.

Die vraag na Suid-Afrikaanse landbou-, mynbou- en vervaardigingsuitvoere het hierdie hervormings vereis. Hervorming is noodsaaklik om ons spoor-, pad- en hawe-infrastruktuur te moderniseer en te transformeer ten einde doeltreffendheid te verhoog, kostes te verlaag en ons uitvoer meer mededingend te maak, maar sal ook werkskepping en 'n toename in buitelandse valutaverdienste tot gevolg hê.

Dié hervormings sluit die volgende in:

- Private ondernemings mag nou krag van tot 100 MW elk sonder 'n lisensie opwek.
- Die stigting van die Transnet Nasionale Hawe-owerheid as 'n onafhanklike filiaal, geheel en al in Transnet se besit, met sy eie direksie wat aangestel word deur die minister van openbare ondernemings. Sodanige afsonderlike filiaal maak voorsiening vir die hawe-owerheid om sy eie investeringsbesluite te neem en sal verseker dat alle terminaaloperateurs regverdig en billik behandel word in belang van die hawe-gebruikers.
- Die president het ook gevra vir bemiddeling tydens die geregtelike dooiepunt wat die land se spektrum vendusieprosesse ontwig het.
- Die Wysigingswet op die Ouditberoeop is ook tot wet verklaar en sal dien as belangrike instrument is die stryd teen staats- en korporatiewe roof en korrupsie. Tesame met verdere beheermaatreëls vir die beroep, bied die wetsontwerp groter bevoegdhede aan die Onafhanklike Regulatoriese Raad vir Ouditeurs, insluitend die vermoë om enige perseel te betree en te deursoek met die voorafverkygde toestemming van die eienaar of persoon in beheer.



National Ports Act of 2005, will facilitate the establishment of an independent National Ports Authority as a wholly owned subsidiary of Transnet, with its own board appointed by the minister of public enterprises. Such separate subsidiary will allow the ports authority to make its own investment decisions and will ensure that it treats all terminal operators fairly and equally in the interests of port users.

- The president has also called for mediation in the legal impasse that has held back the country's spectrum auction process.
- The Auditing Profession Amendment Act was also signed into law as it will serve as a critical tool in the fight against state and corporate capture and corruption. Alongside further controls for the profession, the bill gives greater power to the Independent Regulatory Board for Auditors, including the ability to enter and search any premises with the prior consent of their owner or the person in control.

These are fundamental reforms and laws to ensure that South Africa not only frees up and grows its economy, but that it stays true to the values and principles embedded in our Constitution.

Some of these constitutional values and principles are under threat. And in this regard Agri SA's Centres of Excellence plays a critical role to fend off these threats through advocacy, consultation, parliamentary submissions, active participation in parliamentary hearings and in some instances legal action. These actions are underpinned by thorough and in-depth research, analysis and intelligence.

Well done to the various Centres of Excellence, such as the Land, Natural Resources, Labour, Safety and Security and Economics centres. The work done in these centres are of great value to our members and in the interest of the greater good. Two other entities within Agri SA that also play a valuable role, are Agri Securitas and the Agri SA Disaster Relief Foundation.

The Agri Securitas Trust Fund supports agricultural unions at grass roots level with security equipment and other interventions to keep farmers and farmworkers safe. The increase in farm attacks and murders is of great concern. Hence, the support given by Agri Securitas has helped to stave off these attacks. Too many farmers and farmworkers, however, still remain vulnerable, and efforts must be stepped up in collaboration with our security establishment to prevent attacks.

The Agri SA Disaster Relief Foundation is now established, and plans are afoot to expand the disaster aid provided to farmers, farmworkers and rural communities. The impact of droughts, fires, floods and food insecurity are in many instances devastating. In this regard the Disaster Relief Foundation is geared to mobilise the greater South African public to support farmers and farmworkers in need.

We have also seen the establishment of Agri Enterprises that is steadily, but surely, making progress in terms of the establishment of commercial partnerships between white and black farmers and the training of many young black and white farmers and professionals entering the agricultural sector.

Hierdie is fundamentele hervormings en wetgewing om te verseker dat Suid-Afrika nie alleen sy ekonomie oopmaak en groei nie, maar ook voldoen aan die waardes en beginsels soos uiteengesit in die Grondwet.

Sommige van hierdie grondwetlike waardes en beginsels word bedreig. Agri SA se sentra van uitnemendheid speel 'n kritieke rol om hierdie bedreigings af te weer deur middel van voorspraak, konsultasie, parlementêre voorleggings, aktiewe deelname aan parlementêre verhore en, in sommige gevalle, regsopptrede. Sodanige aksies word gegrond op deeglike en indiepte-navorsing, ontleding en intelligensie.

Ek sê welgedaan aan die sentra van uitnemendheid soos Grondsake, Natuurlike hulpbronne, Arbeid, Veiligheid en sekuriteit, en Ekonomie. Die werk wat in hierdie sentra gedoen word, is van groot waarde vir ons lede en dra by tot die algemene belang. Twee ander entiteite binne Agri SA wat ook 'n waardevolle rol speel is Agri Securitas en die Agri SA Ramphulpstigting.

Die Agri Securitas Trustfonds ondersteun landbou-unies op grondvlak met sekuriteitstoerusting en ander ingrypings om boere en plaaswerkers te beveilig. Die toename in plaasaanvalle en -moorde is kommerwekkend. Die ondersteuning wat Agri Securitas bied help om sodanige aanvalle te voorkom. Té veel boere en plaaswerkers is egter steeds hieraan blootgestel, daarom moet pogings om plaasaanvalle af te weer in samewerking met ons sekuriteitsmagte opgeskerp word.

Die Agri SA Ramphulpstigting is nou gevestig en planne word beraam om die ramphulp wat aan boere, plaaswerkers en landelike gemeenskappe voorsien word, uit te brei. Die uitwerking van droogtes, brande, vloede en voedselonsekerheid is in menige gevalle vernietigend. In hierdie opsig is die Ramphulpstigting gerat om die breër Suid-Afrikaanse publiek te mobiliseer om boere en plaaswerkers in tye van nood te ondersteun.

Ons het ook die stigting van Agri Enterprises gesien, 'n maatskappy wat stadig maar seker vordering maak ten opsigte van kommersiële vennootskappe tussen wit en swart boere en die opleiding van talle jong swart en wit boere en professionele persone wat die landbousektor betree.

Die Grondwetlike Hersieningskomitee (CRC) het ook 'n noemenswaardige rol gespeel om Agri SA se grondwet te hersien en die fondament te lê vir die omskepping van Agri SA vanaf 'n Vrywillige Assosiasie na 'n Nie-winsgewende Maatskappy (NPC). Sodanige ontbinding sal nie voor 30 April 2022 plaasvind nie en dit sal ook nie gebeur indien die Agri SA-direksie, om enige rede op enige tydstip vóór sodanige ontbinding, van mening is dat die ontbinding van Agri SA en die daarstelling van Agri South Africa NPC nie substansieel dieselfde finansiële voordele aan die lede van Agri SA sal bied as wat die huidige struktuur en samestelling van Agri SA bied nie.

Ten slotte, in die woorde van die president van van die Wêreldbank, Robert B. Zoellick: "Ons het 'n groenrevolusie vir die 21ste eeu nodig wat ontwerp is vir die spesiale en diverse behoeftes van Afrika. Dit moet gedryf word deur groter beleggings in tegnologiese navorsing en verspreiding, volhoubare grondbestuur,

The Constitutional Review Committee (CRC) has also played a remarkable role to review Agri SA's constitution and to lay the foundation for the conversion of Agri SA from a Voluntary Association to a Non-Profit Company (NPC). Such dissolution will not take place before 30 April 2022, nor will it occur if the board of Agri SA at any point before the dissolution for any reason believe that the dissolution of Agri SA and the establishment of Agri South Africa NPC will not substantially provide the same financial benefits to the members of Agri SA as the current structure and composition of Agri SA do.

In conclusion, the World Bank president, Robert B. Zoellick, stated: "We need a 21st century green revolution designed for the special and diverse needs of Africa. It must be driven by greater investments in technological research and dissemination, sustainable land management, agricultural supply chains, irrigation, finance, and policies that strengthen market opportunities, while assisting with rural vulnerabilities and insecurities."

Agri SA embraces these sentiments and will going forward, strengthening its internal capacity to help realise this vision. A 21st Century Green Revolution will require aligning all affiliates behind this vision and mobilising funds internally and externally to capacitate Agri SA with resources. This will be the focus for the future ahead.

Thank you to all our farmers, affiliates, board members, farmer leaders heading up the chambers, Centres of Excellence, Agri Securitas, Disaster Relief Foundation, Agri Enterprises, the CRC team and the staff. Your dedication and professionalism are truly appreciated. May you grow from strength to strength and remain in service for the agricultural sector, South Africa and the greater good. God's richest blessings.



Pierre Vercueil
President, Agri SA

landbouvoorraadkettings, besproeiingsfinansiering, asook beleid wat markgeleenthede versterk en terselfdertyd landelike kwesbaarhede en onsekerhede aanspreek."

Agri SA omhels hierdie sentimente en sal vorentoe sy interne kapasiteit versterk om dié visie te realiseer. Die 21st Century Green Revolution sal vereis dat alle affiliasies hulself belyn met hierdie visie en intern sowel as ekstern die nodige fondse mobiliseer om Agri SA met hulpbronne te bekwaam. Dit sal ons fokus vir die toekoms wees.

Dankie aan ons boere, affiliasies, direksielede en boereleiers wat aan die hoof van kamers staan, asook die Sentrums van Uitnemendheid, Agri Securitas, die Ramphulpstigting, Agri Enterprises, die CRC-span en personeel. U toewyding en professionalisme word hoog op prys gestel. Mag u van krag tot krag gaan en in diens bly van die landbousektor, Suid-Afrika en die groter belang. Ek wens u alle seën toe.



Pierre Vercueil
President, Agri SA

OVERVIEW BY THE EXECUTIVE DIRECTOR

OORSIG DEUR DIE UITVOERENDE DIREKTEUR



**Christo
van der Rheede**
Executive director
Uitvoerende direkteur

Agri SA in service of South African agriculture and South Africa at large

Agri SA has served South African agriculture and South Africa at large since 1904. This is a role that the organisation has, over the years, fulfilled with pride and dedication. By continuing to adapt to changing circumstances, the organisation has to date survived many political and economic dispensations.

One hundred and seventeen years later, Agri SA is even more committed to protecting and promoting the interests of South African agriculture. In the meantime, the political, economic and social environment, both locally and internationally, is changing by the day.

We are being restrained by a pandemic and are facing many serious challenges. The unrest in KwaZulu-Natal and parts of Gauteng is a telling example of this. Agriculture is also confronted with high input costs, droughts, fires, paralysing government policy, socio-economic problems and many other challenges.

At the same time, we see several opportunities for agriculture and the country. During the past year, the agricultural sector produced record crops, with various exports such as citrus, table grapes, pears and apples increasing year after year.

It is within this context that Agri SA's role is critically important. The many crises that we face also offer new opportunities, and this

*Where there is no vision,
there is no hope.*

George Washington Carver

Agri SA in diens van Suid-Afrikaanse landbou en Suid-Afrika in die breë

Agri SA staan sedert 1904 in diens van Suid-Afrikaanse landbou en Suid-Afrika in die breë. Dit is 'n rol wat die organisasie oor die jare heen met trots en toewyding vervul het. Deur voortdurend by veranderende omstandighede aan te pas, het dit vele politieke en ekonomiese bedelings tot op hede oorleef.

Honderd en sewentien jaar later is dit nou selfs meer as ooit toegewyd om die belange van Suid-Afrikaanse landbou te beskerm en te bevorder. Intussen verander die politieke, ekonomiese en maatskaplike omgewing by die dag, plaaslik en internasionaal.

Ons word deur 'n pandemie aan bande gelê en ons land staan groot uitdagings in die gesig. Die opstande in KwaZulu-Natal en dele van Gauteng is 'n sprekende voorbeeld daarvan. Verder word landbou gekonfronteer deur hoë insetkoste, droogtes, brande, misdaad, verlammeende regeringsbeleid, sosio-ekonomiese probleme en vele ander uitdagings.

Terselfdertyd klop vele geleenthede aan landbou en die land se deur. Vir die afgelope paar jaar lewer die landbousektor rekordste in vele kommoditeite en die uitvoer van sitrus, tafeldruwe, pere, appels en vele ander kommoditeite na die res van die wêreld neem jaar ná jaar toe.

Dit is binne hierdie konteks wat Agri SA se rol van kritieke belang is. Die vele krisisse wat ons in die gesig staan, bring ook nuwe geleenthede en dit is waarop Agri SA fokus. Dit is die eertydse Britse premier, sir Winston Churchill, wat die volgende op 'n dag gesê het: *"Never let a good crisis go to waste."*

Die politieke, ekonomiese en maatskaplike krisisse wat ons in die gesig staan, vra van Agri SA om 'n baie breër rol te vervul as bloot net 'n diensverskaffer wat bepaalde dienste aan sy lede verskaf. Die konteks waarin die land hom op die oomblik bevind, skep 'n geleentheid vir Agri SA om 'n leierskapsrol te vervul deur eenheid te bevorder, nie net in eie geledere nie, maar ook in nasiebouverband.

Dit gryp die organisasie met beide hande aan. Op die oomblik word dit plaaslik, nasionaal en internasionaal beskou as Suid-Afrika se grootste en gesaghebbendste landbou-organisasie, wat in diens staan van Suid-Afrika en al sy mense.

is what Agri SA focuses on. As a former British prime minister, Sir Winston Churchill, once said: "Never let a good crisis go to waste."

The political, economic and social crises that we face require us to fulfil a much broader role than merely that of service provider rendering certain services to our members. The context in which the country finds itself at present creates an opportunity for Agri SA to play a leadership role by promoting unity, not only among its own ranks but also in terms of nation-building.

The organisation has grabbed this opportunity with both hands. Locally, nationally and internationally, Agri SA is currently regarded as South Africa's biggest and most influential agricultural organisation serving South Africa and all its people.

In a report published by Reuters on 13 July, reference is made to Agri SA as *South Africa's main agricultural body*. The *New York Post*, in an article published on 14 July, referred to Agri SA as *the nation's largest farmers' organization*. These are but a few examples of the international media positioning Agri SA as a leading organisation.

The sum total of the role that Agri SA fulfils can therefore not be reduced to the mere provision of services! In addition to protecting and promoting the interests of all farmers and the broader agricultural industry and empowering farmers at grassroots level, Agri SA also fulfils a constitutional role as defined in section 27 of the country's Constitution, namely the right to sufficient food.

The *right to have access to sufficient food* is entrenched in section 27(1)(b) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996. Section 27(2) of the Constitution also affords the South African government a mandate to take reasonable legislative and other measures (within its available resources) to achieve the progressive realisation of the right to have access to sufficient food.

Agri SA's members and the broader agricultural sector play a key role in this regard and the organisation has a political and economic obligation to ensure that the measures that the government must put in place, as required by section 27(2) of the Constitution, do not jeopardise food production and food security for South Africa and its people.

This obligation places Agri SA within a political-economic position from which it can never escape. This is an extremely volatile and polarised environment, rife with race politics, ignorance, irrational ideology and political statements, opportunism and policies that create further distrust, polarisation and marginalisation.

It is an unforgiving environment where the past offers fertile ground for radical policy views such as expropriation without compensation, nationalisation or custodianship of land, with no regard for the economic consequences.

Agri SA cannot, however, turn its back on this environment. This environment in fact offers the opportunity to remain intensely involved, to deploy the best expertise to lobby on our behalf, to bring workable proposals and solutions to the table and, where necessary, to have the legal validity of certain decisions tested in our courts.

Reuters, in 'n berig op 13 Julie 2021, verwys na Agri SA as '*South Africa's main agricultural body*'. Die *New York Post*, in 'n berig op 14 Julie, verwys na Agri SA '*as the nation's largest farmers' organization*'. Hierdie is maar enkele voorbeelde van internasionale media wat Agri SA internasionaal as 'n leier-organisasie posisioneer.

Die somtotaal van Agri SA se rol wat dit vervul kan daarom nie gereduseer word tot die blote verskaffing van dienste nie! Want nié net beskerm en bevorder dit die belange van alle landbouers en die breë landboubedryf en bemagtig dit landbouers op voetsoolvlak nie, maar vervul ook 'n grondwetlike rol soos omskryf in artikel 27 van ons land se Nasionale Grondwet. Dit is die reg tot voldoende voedsel.

Die "*reg op toegang tot voldoende voedsel*" word in artikel 27(1)(b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, verskans. Verder plaas artikel 27(2) van die Grondwet 'n mandaat op die Suid-Afrikaanse regering om redelike wetgewende en ander maatreëls te tref ten einde (binne sy beskikbare middele), die reg op toegang tot voldoende voedsel toenemend te verweselik.

In dié verband speel Agri SA se lede en die breë landbousektor 'n sleutelrol. En rus daar 'n politieke en ekonomiese verpligting op Agri SA om toe te sien dat die regering se maatreëls, wat dit in plek moet sit soos vereis deur artikel 27(2) van die Grondwet, nie voedselproduksie en voedselsekerheid vir Suid-Afrika en al sy mense in gedrang bring nie.

Hierdie verpligting plaas Agri SA midde 'n politiek-ekonomiese omgewing waarvan dit nooit kan ontsnap nie. Dit is 'n uiters onstuimige en gepolariseerde omgewing wat deurtrek is van raspolitiek, onkunde, irrasionele politieke denke en uitsprake, politieke opportunisme en beleide wat verdere wantroue, polarisasie en marginalisering teweegbring.

Dit is 'n ongenaakbare omgewing, waarin die verlede 'n vrugbare teelaarde bied vir radikale beleidstandpunte soos onteiening sonder vergoeding, die nasionalisering van grond óf die plasing van sekere grond onder voogdskap en waar daar geen agting is vir die ekonomiese gevolge daarvan nie.

Agri SA kan egter nooit sy rug draai op dié omgewing nie. Hierdie omgewing bied juis nou die geleentheid om intens betrokke te bly, die beste kundigheid te ontplooi om die beïnvloedingswerk te doen, prakties haalbare voorstelle en oplossings na die tafel te bring en om, waar nodig, die regsgeldigheid van sekere besluite in die howe te toets.

Aktiewe deelname aan publieke verhore, parlementêre prosesse, skakeling met die presidensie, kabinetslede, regeringsdepartemente, staatsondernemings, betrokkenheid by verskeie plaaslike en internasionale platforms en by verskeie inisiatiewe wat daarop afgestem is om die maatskaplike omstandighede van gemeenskappe te verbeter, beteken dus nié dat Agri SA besig is om gesonde ekonomiese beginsels in gedrang te bring nie, korrupsie en wanbestuur goedkeur nie óf om namens die sektor oor grond en ander fundamentele regte te onderhandel nie.

Agri SA's active participation in public hearings, parliamentary processes, liaison with the presidency and cabinet, government departments and state-owned enterprises, or its involvement on various local and international platforms and in various initiatives aimed at improving the socio-economic conditions of communities, does not mean that it has compromised sound economic principles or approves of corruption and mismanagement, or is negotiating on behalf of the sector on land and other fundamental rights.

On the contrary, Agri SA is making the best of the opportunities that our democracy or the rule of law offers in order to promote and protect the interests of the agricultural sector and South Africa in general. And why not? The preamble to the Constitution confirms that South Africa belongs to all who live in it and that all citizens, irrespective of ethnicity, are full-fledged citizens of this country. We have to insist on this at all times and do everything in our power to defend it.

What is the alternative? To post populist statements on Twitter and cast doubt on others? To spread fake news on WhatsApp which incites further racial polarisation? To threaten war or make hostile statements against the government of the day?

How does this benefit South African agriculture? In my opinion, not at all. It merely strengthens the negative perceptions about the agricultural sector and further marginalises commercial farmers.

Through its involvement at government level and on many other national and international platforms, as well as its participation in various initiatives aimed at empowerment and emergency relief, actions intended to normalise race relations, image-building efforts to influence public sentiment about commercial agriculture positively, lawsuits to protect the rights of farmers, and the appointment and training of a new generation of agricultural and policy experts, Agri SA has been continuously strengthening the foundation on which to build a new future with a view to remaining relevant and sustainable for the next hundred years.

Our members' interests and the broader constitutional interests of the South African population form the basis for Agri SA's existence. As a members' organisation primarily, Agri SA operates from grassroots to national level via democratically elected South African agricultural leaders. Secondly, the decisions, actions and mandates driven by Agri SA at national level, are given substance at agricultural level, after which they are channelled to provincial and commodity affiliates and reflect the broader constitutional interests of South African society.

At national level there are three chambers, namely the Commodity Chamber with its 25 commodities; the Provincial Chamber which consists of nine provinces; and the Corporate Chamber with its 57 businesses. The latter includes agricultural, insurance, financing, technology, processing and retail companies, some of which are listed on the Johannesburg Stock Exchange.

These three chambers form the basis of the organisation. During Agri SA's annual congress, the members of its board and various committees (Audit & Risk, Remuneration, Social, Ethics and Transformation Committee) are democratically elected from the ranks of these committees. This also applies to the leadership of the three chambers and the respective centres of excellence.

Inteendeel Agri SA maak die meeste van die geleentehede wat ons bestaande demokrasie en regstaat bied om die belange van die landbousektor en Suid-Afrika in die breë te bevorder en te beskerm. En waarom nie? Die aanhef van die Grondwet bevestig dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon en dat alle landsburgers, ongeag hul etnisiëit, volwaardige landsburgers is. Hierop moet ons ten alle tye aandring en dit met alles in ons vermoë verdedig.

Want wat is die alternatief? Om op Twitter populistiese stellings te maak en andere verdag te maak? Om fopnuus op WhatsApp te versprei wat verdere rasse-polarisasie aanblaas? Om oorlogspraatjies aan te wakker óf om vyandige uitlatings teenoor die regering van die dag te maak?

Watter voordeel hou dit vir Suid-Afrikaanse landbou in? Na my mening niks. Dit versterk eerder negatiewe persepsies oor die landbousektor en marginaliseer die kommersiële landbousektor net verder.

Deur Agri SA se betrokkenheid op regeringsvlak en vele ander nasionale en internasionale platforms, betrokkenheid by verskillende inisiatiewe wat bemagtiging en noodleniging ten doel het, betrokkenheid by aksies wat daarop afgestem is om rasseverhoudinge te normaliseer, betrokkenheid by beeldbou-aksies wat openbare sentiment jeens kommersiële landbou positief beïnvloed, betrokkenheid by regsaksies om die regte van ons landbouers te beskerm en Agri SA se aanstelling en opleiding van 'n nuwe geslag landbou- en beleidskundiges, versterk ons voortdurend die fondasie waarop Agri SA 'n nuwe toekoms bou, ten einde vir die volgende honderd jaar relevant en volhoubaar te bly.

Ons lede en die breër grondwetlike belange van die Suid-Afrikaanse bevolking vorm die grondslag van Agri SA se bestaansreg. As 'n lede-organisasie in die eerste plek, word Agri SA vanaf grondvlak tot op nasionale vlak deur demokraties-verkose Suid-Afrikaanse landboueiers bedryf. In die tweede plek kry besluite, aksies en mandate wat deur Agri SA op nasionale vlak gedryf word, inhoud op landbou-unievak, waarna dit na provinsiale affiliasies en bedryfsaffiliasies gekanaliseer word en reflekteer dit die breër grondwetlike belange van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Op nasionale vlak is daar drie kamers, onder andere die Bedryfskamer met sy 25 bedrywe, die Provinsiale Kamer wat uit nege provinsies bestaan en die Korporatiewe Kamer met sy 57 besighede. Laasgenoemde kamer bestaan uit landboumaatskappye, versekeringsmaatskappye, finansieringsmaatskappye, tegnologiesmaatskappye, prosesseringsmaatskappye, kleinhandelmaatskappye waarvan sommige op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is.

Hierdie drie kamers vorm die grondslag van Agri SA. En, tydens Agri SA se jaarkongres word lede vir die Direksie en sy verskillende komitees (Oudit en Risiko-, Vergoedings- en Maatskaplike, Etiek en Transformasie-komitee) uit hierdie komitees demokraties verkies. Dit geld ook vir die leierskap van die drie kamers en die verskillende Sentrums van Uitnemendheid.

Die Sentrum van Uitnemendheid: Grond fokus die afgelope



The Centre of Excellence: Land has been focusing on comprehensive research and the compilation of reports relating to the Expropriation Bill and the Constitution Amendment Bill. In our submissions to parliament, Agri SA made it very clear that it opposed the amendment of section 25 of the Constitution, which forms the cornerstone of any progressive economy. We are of the opinion that state custodianship of agricultural land will have a negative impact on the growth of the sector and, ultimately, on food security. Agri SA's legal fund is available should it become necessary to contest these matters in the highest courts of the land.

The Centre of Excellence: Natural Resources supported two lawsuits dealing with farmers' water rights, which were heard in South Africa's Supreme Court of Appeal recently. The applicants had applied separately to the department of water and sanitation to transfer water rights from one property to another. Both applications were rejected.

This limitation will have a negative effect on the value of all water rights in South Africa. It destroys value and amounts to constructive deprivation of rights. For this reason, it was important to appeal the ruling. Agri SA supports the applicants financially. Judgement was reserved.

The Centre of Excellence: Economics, in consultation with tax experts, is in the process of compiling commentary on the Draft Taxation Laws Amendment Bill and the proposed amendment to prohibit losses from being carried over to the next financial year. The proposal will obviously be unfavourable for farmers whose operations are affected by drought and animal disease.

The Centre of Excellence: Labour and Development focuses on labour migration, the vaccination campaign and equal employment regulations. With regard to migration, Agri SA is working with the department of employment and labour to create a multi-stakeholder forum to provide role players within the forum with strategic guidance and to explain the roles and responsibilities of all such role players. Members of the forum will also provide advice on procedures for work visas, policies and blockages, while the committees will further inform parliament concerning national labour migration policy within the SADC region.

The Centre of Excellence: Rural Safety plays a key role in the organisation's collaboration with the National Joint Operational Intelligence Structures (NatJOINTS) and Provincial Joint Operational Intelligence Structures (ProvJOINTS) to promote rural safety. The recent violence in KwaZulu-Natal and parts of Gauteng served as a dire lesson for the agricultural sector. The Centre provides members with information and procedures in this regard and assists in creating local security structures. R4,9 million was channelled via provinces to agricultural unions during the past financial year to fund camera systems and other security initiatives.

The Agri SA Disaster Relief Centre has also been awarded section 18A status and provides support to provinces at different levels. During the past few months, drought relief to the value of R2,6 million was dispersed to the Western Cape, Northern Cape and Eastern Cape. R1 350 000 Fire assistance was provided to the

tyd op omvattende navorsing en samestelling van verslae wat verband hou met die Onteieningswetsontwerp en die Grondwet-wysigingswetsontwerp. In ons voorleggings aan die parlement het Agri SA dit duidelik gemaak dat dit gekant is teen die grondwetlike wysiging van artikel 25 as 'n meganisme om die nasionale noodsaak van grondhervorming te bespoedig. Ons glo dat regverdige en billike vergoeding, soos bepaal deur artikel 25 van die Grondwet, die hoeksteen van enige progressiewe ekonomie is. Ons is van mening dat voogdskap oor landbougrond 'n negatiewe uitwerking op die groei van die sektor en uiteindelik op voedselsekerheid sal hê. Agri SA se regs fonds is in plek, sou dit nodig word om die sake in die hoogste hof van die land te beveg.

Die Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne ondersteun twee sake wat vroeër in die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika gediën het en wat handel oor die waterregte van landbouers. Die applikante het afsonderlik aansoek gedoen by die departement van water en sanitasie om waterregte te verskuif van een eiendom na 'n ander. Beide se aansoeke is afgekeur.

Hierdie beperking sal die waarde van alle waterregte in Suid Afrika negatief beïnvloed. Die beperking vernietig waarde en kom neer op konstruktiewe ontneming van regte. Om dié rede was dit noodsaaklik dat die uitspraak geappelleer word. Agri SA ondersteun die applikante finansiëel. Uitspraak is voorbehou.

Die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie is tans besig om kommentaar in samewerking met belastingkundiges saam te stel wat verband hou met die konsepwysigingswetsontwerp op belastingwette en die voorgestelde wysiging, wat daarop dui dat verliese nie na die volgende boekjaar oorgedra kan word nie. Die voorstel sal uiteraard ongunstig wees vir boere wat moontlik deur droogtes of diëresiektes geraak word.

Die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling fokus op arbeidsmigrasie, inentingsveldtog en gelyke indiensnemingsregulasies. Wat migrasie betref, werk Agri SA saam met die departement van indiensneming en arbeid om 'n multi-belanghebbende forum te vestig wat strategiese leiding aan die rolspelers in die forum sal gee en die rolle en verantwoordelikhede van al die rolspelers in die forum verduidelik. Lede van die forum sal die sektor verder adviseer oor prosedures vir werkvisums, beleid en blokkasies. Die komitees sal die parlement verder inlig oor die nasionale arbeidsmigrasiebeleid in die SAOG-streek.

Die Sentrum van Uitnemendheid: Landelike Veiligheid speel 'n sleutelrol in samewerking met die Nasionale Gesamentlike Operasionele Intelligensie-strukture (NatJOINTS) en Provinsiale Gesamentlike Operasionele Intelligensie-strukture (ProvJOINTS) om landelike veiligheid te bevorder. Die onlangse geweld wat in KwaZulu-Natal en gedeeltes van Gauteng voorgekom het, was 'n dure les vir die landbousektor en die Sentrum voorsien inligting en prosedures aan lede en help met die skep van plaaslike veiligheidsstrukture. R4,9 miljoen is in die afgelope finansiële jaar deur provinsies na landbou-unies gekanaliseer om kamerastelsels en ander inisiatiewe te befonds.

Die Agri SA Ramphulpsentrum het ook artikel 18 A-status verwerf en verskaf ondersteuning aan provinsies op verskillende vlakke. Vir die afgelope paar maande is droogte hulp ter waarde van

Northern Cape and Free State. In light of the recent unrest in KwaZulu-Natal, an amount of R736 000 was allocated to this province. To boost food aid for needy communities, an amount of R1,2 million was paid out to all provinces.

The number of submissions (40 in total) made to parliament by the respective centres of excellence between October 2020 and September 2021 covers a variety of policy issues. We thank the staff who analysed these policy proposals or draft bills and who consulted with other experts in order to submit informed and comprehensive commentary.

Agri SA last year also established an entity named Agri SA Enterprises. Under the leadership of Mr Omri van Zyl and the board, led by Johannes Möller, this entity is moving from strength to strength. Partnership projects between white and black farmers are being rolled out in collaboration with the Motsepe Foundation, while hundreds of black farmers are being trained in partnership with AgriSETA and other role players. This entity will play a critical role in future to establish successful black farming practices.

Agri SA's media and communication team is doing incredible work to position Agri SA in the print media, social media and television and radio media on a daily basis. An exciting TV programme and virtual agricultural platform are also envisaged.

During the past two years there has also been a strong focus on appointing a young generation of experts at Agri SA level. Between Agri SA and Agri SA Enterprises, we now have no fewer than 17 millennials, also known as Generation Y. These young people represent the future of Agri SA. You are welcome to invite them for a visit and also to inspire other young people to become involved in organised agriculture.

In closing, Agri SA is a members' organisation that functions on strong democratic principles. Use this democracy to make your voice heard, to elect your leaders and to keep everyone in the Agri SA leadership accountable. We are, after all, in your service. Be assured of our loyalty and commitment to the farmers, agricultural sector and broader South African society.

As mentioned previously, Agri SA is involved in a wide spectrum of activities, all of which are aimed at protecting and promoting the interests of our farmers and broader agricultural sector. This is our mission. It is clear that our farmers and the broader agricultural sector would be worse off without Agri SA and the commitment of

R2,6 miljoen aan Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap uitbetaal. Brandhulp ter waarde van R1 350 000 is aan Noord-Kaap en Vrystaat uitbetaal. In die lig van die onlangse onluste in KwaZulu-Natal is 'n bedrag van R736 000 aan Kwanalu uitbetaal. Ter ondersteuning van voedselhulp aan hulpbehoewende gemeenskappe is R1,2 miljoen aan al die provinsies uitbetaal.

Die aantal voorleggings (40 in totaal) deur die onderskeie Sentrums van Uitnemendheid wat aan die parlement sedert Oktober 2020 tot September 2021 gestuur is, dek 'n verskeidenheid beleidskwessies. Dankie aan kundige personeel wat hierdie beleidsvoorstelle of konsepwetsontwerpe ontleed en met ander kundiges konsulteer om dan sodoende ingeligte en omvattende kommentaar in te dien.


Agri SA het ook die entiteit Agri SA Enterprises verlede jaar gevestig. Onder leiding van mnr Omri van Zyl en die direksie onder leiding van Johannes Möller, gaan hierdie entiteit van krag tot krag. In samewerking met die Motsepe Foundation word vennootskapsprojekte tussen wit en swart boere gevestig en, in vennootskap met die AgriSETA en ander rolspelers, word honderde swart boere opgelei. Hierdie entiteit gaan vorentoe 'n kritiek belangrike rol speel om suksesvolle swart boerderypraktyke te vestig.

Agri SA se media- en kommunikasiespan doen ongelooflike werk om Agri SA daagliks in die gedrukte media, sosiale media, televisie- en radiomedia te posisioneer. 'n Opwindende televisie-program en 'n virtuele landbouplatform word in die vooruitsig gestel.

Vir die afgelope twee jaar is daar ook 'n sterk fokus geplaas op die vestiging van 'n jong geslag kundiges op Agri SA-vlak. Tussen Agri SA en Agri SA Enterprises beskik ons oor nie minder nie as 17 Milleniërs, ook bekend as Generasie Y. Hierdie jong mense verteenwoordig die toekoms van Agri SA. Nooi hulle gerus om by u te kom kuier en om ander jong mense te inspireer om ook betrokke by georganiseerde landbou betrokke te raak.

The needs of the current young and future generation of farmers are different and they are looking at new ways of representation, communication, whether already commercial or emerging and if we succeed to build that platform, we would have been successful in our task; if otherwise, we would have failed.

I would like to borrow the following from Tony Mahar, chief executive officer, National Farmers' Federation of Australia: *"External perceptions of farm sector disunity and inability to coordinate nationally have contributed towards a legacy-based structure defending 'parts' rather than the 'whole' structure of farm sector representation. There is a real and tangible risk of continuing duplication of resources and effort across all levels of representation (national state, commodity) from what we know is limited funds available for representation."*

The problem is not the performance of individual organisations so much – many of which are performing well – but about the underlying structure within which all farm bodies operate and interact."

The Chamber would like to thank its members for their continuous support to Agri SA and the development of the agricultural sector.

wat almal ten doel het om 'n gunstige omgewing vir die landbou te skep. Dit is bereik deur verteenwoordiging in beleidsforums en drukgroepe. Verder werk hierdie organisasies nou saam met openbare en private belanghebbendes om die landbounetwerk te versterk en invloed uit te oefen ter bevordering van die landbou.

Daar word toenemend druk uitgeoefen op sekere bedryfsorganisasies om onafhanklik van alle georganiseerde landbouliggame op te tree ten einde hul onpartydigheid te illustreer en dit moontlik te maak om meer inklusief oor die landbouwaardeketting heen te funksioneer. Vir georganiseerde landbouliggame wat afhanklik raak van befondsing deur bedryfsorganisasies hou hierdie sentimente die risiko van finansiële onvolhoubaarheid in. Dit moet egter nie gesien word as 'n waarde-beoordeling van die werk van georganiseerde landbou op nasionale vlak, met sy wortels in boere-organisasies, nie. Die potensiele onderliggende strukturele implikasie moet eerder gesien word as 'n manier om samewerking binne die landbou-ekostelsel te verbeter. Meeste bedryfsorganisasies het egter die belangrikheid van konstruktiewe samewerking beklemtoon; dus word Agri SA, asook die rol wat hy tesame met ander organisasies binne georganiseerde landbou speel, steeds deur sy lede ondersteun.

Wat die pad vorentoe betref, sal georganiseerde landbou nie meer kan staatmaak op lojaliteit as motivering vir boere of bedrywe om lede te word nie. Ons sal 'n gesamentlike poging moet aanwend om te fokus op die waardeproposisie op verskeie vlakke van die landbouwaardeketting.

Die behoeftes van hedendaagse en die toekomstige geslag jongboere is verskillend. Ongeag of hulle opkomend is of reeds kommersieel boer, kyk hulle na nuwe maniere van verteenwoordiging en kommunikasie, en indien ons daarin slaag om daardie platform te bou, dan het ons hierdie taak suksesvol vervul; indien nie, het ons misluk.

Ek haal graag die volgende stelling van Tony Mahar, uitvoerende hoof van Australië se Nasionale Boerefederasie, aan: *"Eksterne persepsies van verdeeldheid binne die landbousektor en 'n onvermoë om nasionaal te koördineer het bygedra tot 'n nalatenskap-gebaseerde struktuur wat 'gedeeltes' – eerder as die struktuur van landbousektor-verteenvoording as geheel – verdedig. Daar is 'n wesenlike en tasbare risiko van voortdurende duplisering van hulpbronne en pogings op alle vlakke van verteenwoordiging (nasionaal, bedryfsvlak) waarvoor befondsing – sover ons weet – beperk is."*

"Die probleem is nie soseer die prestasie van individuele organisasies nie – baie van hulle presteer goed – maar eerder die onderliggende struktuur waarbinne alle boerderygroepe funksioneer en met mekaar skakel."

Die Kamer wil graag sy lede bedank vir hul volgehoue ondersteuning aan Agri SA en die ontwikkeling van die landbousektor.

CORPORATE CHAMBER • KORPORATIEWE KAMER



Gerhard Diedericks

Chairman
Voorsitter

The executive committee of Agri SA's Corporate Chamber is led by Gerhard Diedericks, chairman, Rossouw Cillié, vice-chairman and Nic Bronkhorst as additional member, supported by Mhlali Xhala. The Chamber is represented by the executive committee on Agri SA's board of directors.

The Corporate Chamber consists of 57 members, which include and are not limited to multinational companies, insurers, agribusinesses, financiers, input suppliers, retailers and tertiary education institutions. The chamber gained 14 new corporate members during the reporting year.

The Chambers' strategic focus areas are market access, training and development, research and development, government interaction and engaging government on policies such as land affairs, water rights, AgriBEE, green energy, development finance, disaster management. These policy matters are dealt with in detail by Agri SA's Centres of Excellence, as reported elsewhere in the annual report. The Corporate Chamber is committed to the positioning of Agri SA as the trusted vehicle for members to enhance their visibility in the industry.

The Corporate Chamber aims to be closer to the farmer and to provide support for the agricultural sector. Thus, unlocking value chain synergies and having more thematic interactions and networking opportunities in collaboration with the Provincial and Commodity Chambers emerged as one of the priorities.

During the reporting period, Corporate South Africa has supported Agri SA initiatives such as the Disaster Management Campaign, Drought Aid Fund and Food Aid Campaign. The Corporate Chamber has been actively participating in industry forums and will continue to support the interests of South Africa's agricultural industry. For our members, it is important that the value chain is strengthened and that corporates support the agricultural sector's efforts to contribute to South Africa's economy.

Covid-19 and the global lockdown disrupted how we do business. Globally, organisations had to adjust their growth strategies and challenges to survive and thrive in unprecedented times. During this time, corporates were able to draw on the expertise within the Agri SA membership base and the larger agricultural value

Die dagbestuur van Agri SA se Korporatiewe Kamer staan onder leiding van Gerhard Diedericks as voorsitter, Rossouw Cillié as ondervoorsitter, en Nic Bronkhorst as addisionele lid, met ondersteuning van Mhlali Xhala. Die Kamer word deur die dagbestuur verteenwoordig in Agri SA se direksie.


Die Korporatiewe Kamer bestaan uit 57 lede, insluitend maar nie beperk tot multinasionale en versekeringsmaatskappye, agribesighede, finansierders, insetverskaffers, kleinhandelaars en tersiêre onderwysinstellings. Veertien nuwe lede het tydens die verslagjaar by die Kamer aangesluit.

Die Kamer se strategiese fokus is op marktoegang, opleiding en vaardigheidsontwikkeling, navorsing en ontwikkeling, asook interaksie met die regering en skakeling rondom beleid, insluitend grondsake, waterregte, AgriSEB, hernubare energie, ontwikkelingsfinansiering en rampbestuur. Die besonderhede van hierdie beleidsake word deur Agri SA se Sentrums van Uitnemendheid gehanteer (sien elders in die jaarverslag). Die Korporatiewe Kamer is daartoe verbind om Agri SA te posisioneer as 'n betroubare voertuig vir lede om hul sigbaarheid in die bedryf te verhoog.

Die Korporatiewe Kamer beoog om nader aan die boer te beweeg en om ondersteuning aan die landbousektor te verleen. Om hierdie rede het die Kamer die ontsluiting van waardeketting-sinergieë en meer tematiese interaksie en netwerkgeleenthede in samewerking met die Provinsiale- en Bedryfskamers geïdentifiseer as een van sy prioriteite.

Gedurende die verslagjaar het korporatiewe instellings in Suid-Afrika ondersteuning verleen aan Agri SA-inisiatiewe soos die Rampbestuursveldtog, Droogtehelpfonds en Voedselhelpveldtog. Die Korporatiewe Kamer was ook aktief betrokke by bedryfsforums en sal voortgaan om die belange van Suid-Afrika se landbousektor te ondersteun. Vir sy lede is dit belangrik dat die waardeketting versterk word en dat korporatiewe instansies die landbousektor se pogings ondersteun om tot die Suid-Afrikaanse ekonomie by te dra.

Covid-19 en die globale inperking het die wyse waarop ons sake doen ontwrig. Globaal moes almal hul groeistrategieë aanpas



chain. It also provided an opportunity for chamber members to engage and foster new relationships with external stakeholders. The information sharing and representation on various forums and government at a national level on behalf of the agricultural industry by Agri SA was extremely beneficial for corporate companies as they navigated through the pandemic.

The Corporate Chamber would like to thank all its members for supporting Agri SA, collectively participating and working with the agricultural industry to drive economic prosperity in South Africa.

ten einde uitdagings aan te spreek en te oorleef en floreer in dié ongekende tye. Gedurende hierdie tyd kon korporatiewe instansies staatmaak op kundigheid binne Agri SA se ledebasis en die breër landbouwaardeketting. Dit het ook die geleentheid gebied vir kamerlede om met mekaar te skakel en nuwe verhoudings met eksterne belanghebbendes te smee. Die deel van inligting en Agri SA se verteenwoordiging in verskeie forums en skakeling met die regering op nasionale vlak namens die landbousektor was ook uiters voordelig vir maatskappye wat worstel met die uitwerking van die pandemie.

Die Korporatiewe Kamer wil graag al sy lede bedank vir hul ondersteuning aan Agri SA, asook hul kollektiewe deelname aan en samewerking met die landboubedryf om voorspoed in Suid-Afrika te bewerkstellig.





Agri SA
VIRTUAL CONGRESS 2020

Save the Date
7-8 OCTOBER 2020

AGRICULTURE: INTEGRAL PART

of the economic value chain, adapting and building a new future

Enquiries & sponsorship opportunities | aloise@agrisa.co.za

VENUE AND TIME OF CONGRESS SESSIONS • PLEK EN TYD - KONGRES-SESSIES

Held at Agri SA Centurion and via Video Conference
 Wednesday, 7 October 2020 from 9:00 to 17:00
 Thursday, 8 October 2020 from 9:00 to 13:00

Gehou by Agri SA in Centurion, asook virtueel
 Woensdag, 7 Oktober 2020 vanaf 9:00 tot 17:00
 Donderdag, 8 Oktober 2020 vanaf 9:00 tot 13:00

THEME • TEMA

Agriculture: Integral part of the economic value chain, adapting and building a new future.
 What is agriculture's position going to be post and during Covid-19 in order to fire up the economy?

Landbou: 'n Integrale deel van die ekonomiese waardeketting wat aanpas en bou vir 'n nuwe toekoms.
 Wat sal die landbou se posisie wees ná en gedurende Covid-19 om die ekonomie te laat vlamvat?

CONGRESS REPORT 2020 | KONGRESVERSLAG 2020

7 OCTOBER 2020 (DAY 1) • 7 OKTOBER 2020 (DAG 1)

OPENING SESSION

Mr Christo van der Rheede opened the proceedings on day 1 with prayer.

WORD OF WELCOME

The president, Mr Pierre Vercueil, welcomed the attendees, after which Mr JP Landman addressed the attendees on the political-economic trends of South Africa.

South African commercial farmers are in a sector that receives very few subsidies, protection, and support from the government. As a result, these farmers are seen as the most productive farmers in the world.

In the late 70s and 80s, there was an 11% decline in income of South Africa. From the mid 90s until 2014, the income of South Africa increased with 33%. Between 2015 and 2019, there has been a 3% decrease in income for South Africa. A lot of people lost their jobs and business at the end of 2019. It was clear that the stress on South Africa's economy was quite serious. Then came 2020 and the income of South Africa decreased with 9%. It is the worst performance since 1981. It is worse than the Great Depression of the 1930s.

How do we get out of it? The single most important thing that South Africa has to fix is electricity. On the one side, the electricity problem causes a severe constraint on the economy, and, on the other side, it is a new opportunity for investment.

In February 2019, it was announced that Eskom will split up into three companies, namely generation, distribution, and transmission. In October 2019, the government published two documents, namely the detailed plan for Eskom's restructuring and Integrated Resource Plan (IRP). Within the IRP, it was predicted that, over a period of eleven years (2020–2030), 30 000 MW of new electricity will be added. It is clear that 70% of this new 30 000 MW will be derived from solar and wind energy.

By 2030, 59% of our energy will come from coal, while 26% from renewables, 8% from hydro, 4,5% from nuclear, 1% from storage and 1% will come from gas.

The minister of energy made provision for the procurement of a total of 13 800 MW between 2022 and 2024. These 13 800 MW will all be produced by independent power producers.

Where is the money? The 6 000 MW that are currently installed in South Africa led to an investment of R220 billion. Forty-two per cent of that R200 billion came from foreign investors. The prediction is that 30 000 MW should lead to the investment of at least R1 trillion over the next 10 years. The nett investment in South Africa, being investment minus depreciation, amounts to approximately R200 billion per year.

OPENINGSESSIE

Mnr Christo van der Rheede open die verrigtinge op dag 1 met gebed.

VERWELKOMING

Die president, mnr Pierre Vercueil, verwelkom die kongresgangers, waarna mnr JP Landman hulle toespraak oor politiek-ekonomiese tendense in Suid-Afrika.

Suid-Afrikaanse kommersiële boere werk in 'n sektor wat baie min subsidies, beskerming en ondersteuning van die regering ontvang. Om hierdie rede word hulle beskou as die mees produktiewe boere in die wêreld.

In die laat sewentiger- en tagtigerjare was daar 'n 11% afname in inkomste in Suid-Afrika. Vanaf die middel van 1990 tot en met 2014 het inkomste in Suid-Afrika met 33% gestyg. Tussen 2015 en 2019 was daar weer 'n afname van 3%. Menige mense het aan die einde van 2019 hul werk en besighede verloor. Dit was duidelik dat die Suid-Afrikaanse ekonomie onder ernstige druk verkeer. Daarna, in 2020, het inkomste in Suid-Afrika verder afgeneem met 9% – die swakste prestasie sedert 1981. Dit was erger as tydens die Groot Depressie van die 1930's.

Hoe kom ons hier uit? Die enkel belangrikste probleem wat in Suid-Afrika moet aandag kry is sy elektrisiteitsvoorsiening. Aan die een kant veroorsaak dit enorme druk op die ekonomie, maar dit bied ook 'n nuwe geleentheid vir belegging.

In Februarie 2019 word daar aangekondig dat Eskom in drie maatskappye verdeel sal word, naamlik opwekking, distribusie en transmissie. In Oktober 2019 publiseer die regering twee dokumente, naamlik die gedetailleerde plan vir Eskom se onderverdeling en die Geïntegreerde Hulpbronplan (IRP). Binne die IRP word daar voorsien dat daar oor 'n tydperk van 11 jaar (2020–2030) 30 000 MW nuwe elektrisiteit bygevoeg sou word. Dit is duidelik dat 70% van daardie nuwe 30 000 MW vanaf son- en windenergie sal kom.

Teen 2030 sal 59% van ons energie van steenkool kom, terwyl 26% afkomstig sal wees van hernubares, 8% van hidro, 4,5% van kernkrag, 1% van opgegaarde energie en 1% van gas.

Die minister van energiesake het voorsiening gemaak vir die verkryging van 13 800 MW in totaal tussen 2022 en 2024. Daardie 13 800 MW sal alles deur onafhanklike energie-opwekkers voorsien word.

Waar is die geld? Die 6 000 MW wat tans in Suid-Afrika verwek word, het gelei tot investering van R220 miljard. Twee-en-veertig persent van daardie R200 miljard kom van buitelandse beleggers. Daar word voorsien dat 30 000 MW aanleiding sal gee tot investering van ten minste R1 triljoen oor die volgende 10 jaar. Die netto investering in Suid-Afrika (belegging minus depresiasie) beloop ongeveer R200 miljard per jaar.

Section 25 of the Constitution: Currently the proposed amendments will change this section to read that no compensation can be paid in certain circumstances. The circumstances under which no compensation can be paid is set out in the Expropriation Bill. There are five cases where no compensation has to be paid, namely (i) abandoned land; (ii) land belonging to the state; (iii) land held for speculative purposes only; (iv) where the state's input exceeds the value of the land; and (v) land belonging to labour tenants. Ownership is like Eskom and electricity. If you do not address the problem, the economy will not grow. Isn't there an opportunity to do something that will strengthen the president's hand, which will in effect strengthen agriculture?

In conclusion, the energy and spectrum release is well advanced. There will be an increase in investments in South Africa because of it, which can catapult the economy back to a 2% - 3% growth rate.

Q: Can Ramaphosa get a second term? Does he have enough support to achieve that?

A: Yes. If nothing changes within the next year, he will definitely be elected for a second term.

We will see a sharp recovery of the economy in 2021, because we have such a low base. Can we grow in 2022 and 2023? We can grow if we invest. You cannot grow the economy without substantial investment. The president understands the importance of investment. The prediction is that strong investment flow will be established in 2022.

Q: What impact will crime have on South Africa?

A: We have to come to a point where the agricultural safety strategy is implemented. It does seem as though there is a shift in the government and that they also want to help to implement these strategies.

CENTRES OF EXCELLENCE OVERVIEW - ACTIVITIES AND ACHIEVEMENTS

The reports as tabled were noted. In addition, the following verbal reports were given:

NATURAL RESOURCES

Mr Janse Rabie answered the following questions on behalf of the Centre of Excellence: Natural Resources.

Water has been on the forefront of the work that Agri SA has been doing. What are some of the highlights and lows in the policy space over the last few years?

The year 2020 has had the best of times and the worst of times as far as natural resources, particularly water, is concerned. It started in 2019 with our congress, at which we had a newly appointed minister of water and sanitation. Prior to that Agri SA's Natural Resources Centre of Excellence, particularly our water unit, went through a lengthy process of determining and formulating a national determined Agri SA mandate on our policy position on water. It opened new avenues and doors to us with the Government. Up to then, people spoke of water and water related issues in broad terms.

Artikel 25 van die Grondwet: Soos dit nou staan, sal die voorgestelde wysigings hierdie artikel verander om voorsiening te maak vir geen vergoeding in sekere omstandighede. Die omstandighede waaronder geen vergoeding betaalbaar is nie word uiteengesit in die Onteieningswetsontwerp. Daar is vyf gevalle waar geen vergoeding betaal word nie, naamlik (i) prysgegewe (abandoned) grond; (ii) grond in staatsbesit; (iii) grond wat gehou word slegs vir spekulasiedoeleindes; (iv) waar die staat se inset die waarde van die grond oorskry; en (v) grond wat aan huurarbeiders behoort. Eienaarskap is soos Eskom en elektrisiteit. As jy nie die probleem aanspreek nie, sal die ekonomie nie groei nie. Is daar iets wat gedoen kan word om die president se hand te sterk sodat dit as't ware die ekonomie versterk?

Ten slotte, die energie- en spektrumopwekking vorder goed. As gevolg daarvan sal investering in Suid-Afrika toeneem, wat dan die ekonomie sal terugneem na 'n groeiakoers van 2% - 3%.

V: Kan Ramaphosa 'n tweede termyn kry? Het hy genoeg steun?

A: Ja. Indien niks binne die volgende jaar verander nie, sal hy beslis vir 'n tweede termyn verkies word.

Ons sal drastiese ekonomiese herstel in 2021 sien, gegewe die lae beginpunt. Kan ons in 2022 en 2023 groei? Ja, ons kan groei as ons investeer. Die president verstaan die belangrikheid van investering. Die voorspelling is dat sterk investeringsvloei in 2022 gevestig sal word.

V: Watter uitwerking sal misdaad op Suid-Afrika hê?

A: Ons het by 'n punt gekom waar die landelike veiligheidstrategie geïmplementeer word. Dit lyk nie asof daar 'n verskuiwing in die regering is nie en dit blyk dat hulle ook wil help om hierdie strategieë te implementeer.

OORSIG OOR DIE SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID - AKTIWITEITE EN PRESTASIES

Kennis word geneem van die verslae soos ter tafel gelê. Verder word daar soos volg mondelings verslag gedoen:

NATUURLIKE HULPBRONNE

Mnr Janse Rabie beantwoord die volgende vrae namens die Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne.

Water was op die voorpunt van die werk wat Agri SA doen. Wat was sommige van die hoogtepunte en laagtepunte wat beleid betref die afgelope paar jaar?

Die jaar 2020 het die beste sowel as ergste tye meegebring wat natuurlike hulpbronne betref, veral ten opsigte van water. Dit het begin in 2019 met ons kongres waar ons 'n nuut-aangestelde minister van water en sanitasie gehad het. Daarvoor het Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne deur 'n lang proses van bepeinsing en formulering gegaan om 'n nasionaal-aanvaarde Agri SA-mandaat te verkry oor ons beleidsposisie ten opsigte van water. Dit het nuwe deure en werkwyses met die regering vir ons oopgemaak. Tot in daardie stadium het mense bloot in breë terme gepraat van water en water-verwante aangeleenthede.

Regarding the policy space in particular, the creation and formulation in November 2019 of the national water and sanitation master plan, is a crucial policy document from the government's side on what the government intends for water and specifically agricultural water. We have had numerous statements and media appearances by the minister of water and sanitation about issues such as water licencing and water use applications.

Agri SA has an annual water tariff consultation where farmers hear what the prices increases are going to be as far as their water are concerned and what the cost is going to be. On that we have had a surprising year, because it is, in the context of Covid-19, very important: we have had increases that have been so small it cannot even be measured. It has been a fundamental development that government takes our views into account, making sure that agriculture remains viable and cost efficient.

We, unlike any other organisation in South Africa, have quarterly meetings with the officials of the department of water and sanitation to talk about topical issues affecting farmers. We are trying to formulate a consolidated voice for agriculture as far as agricultural water is concerned in the country as a whole.

In a new development, we are taking along our colleagues in other organised agricultural players and organisations such as AFASA, TLU SA and SAAI. We have had our interactions with them to formulate and discuss those issues in agricultural water in particular, where we see eye to eye and we can take issues of mutual concern to the top of government, the minister and the president.

On a more negative level, one thing that has been a major concern is the corruption within the department of water and sanitation. This is a prevailing issue in our society.

Despite Covid-19, your portfolio has had a particularly busy year. To what do you attribute the Natural Resources: Centre of Excellence imminence in the media?

Agri SA is an organisation that has made the voice of farmers very prominent. The Natural Resources: Centre of Excellence has been particularly fortunate in having a strong committee and the chairmanship of Wayman Kritzingen and vice-chairmanship of Willem Symington. The guidance under these gentlemen, as well as the support from Agri SA generally and our management, contributes to the successes that we have had in the last 12 months. A very clear and consistent message and policy position is one of the most important things that an organisation such as ours can have and that makes us a credible and a reliable partner.

Water rights is a very contentious issue in South Africa. What is Agri SA's view regarding water rights?

If it wasn't for the fact that the expropriation of land without compensation was on the front of all newspapers in South Africa, water most certainly would have. The department of water and sanitation has for a long time asserted correctly that agriculture is the largest user of water and that there's a transformation imperative that is attached, not only to land, but also to water. From a policy point of view, Agri SA stands behind the correct implementation and interpretation of the National Water Act. It's a law-based approach. Where the Water Act says that all water

Binne die beleidsomgewing in besonder is die daarstelling en formulering van die nasionale water- en sanitasieplan in November 2019 'n uiters belangrike dokument van regeringskant oor wat die regering beoog om te doen ten opsigte van water en spesifiek landbouwater. Die minister het verskeie stellings gemaak en mediakonferensies gehou oor aangeleenthede soos waterlisensiering en watergebruiksansoek.

Agri SA het beraadslaag oor die jaarlikse watertariewe waar boere ingelig is oor die moontlike gevolge van 'n styging in waterkoste en wat sodanige koste sal wees. In daardie opsig het ons 'n verrassende jaar gehad, want dit was uiters belangrik in die konteks van Covid-19. Ons het stygings gesien wat so min was dat dit nie eens gemeet kon word nie. Daar was ook 'n noemenswaardige verwikkeling waar die regering ons standpunte in ag geneem het om seker te maak dat die landbousektor lewensvatbaar en koste-doeltreffend bly.

Anders as enige ander organisasie in Suid-Afrika, vergader ons kwartaaliks met die amptenare van die departement van water en sanitasie om akuele sake te bespreek wat die boer raak. Ons probeer om 'n gekonsolideerde stem vir die landbou te formuleer wat landbouwater betref.

In 'n nuwe verwikkeling neem ons ons kollegas in ander georganiseerde landbou-organisasies en organisasies soos AFASA, TLU SA en SAAI met ons saam. Ons het met hulle geskakel om landbouwateraangeleenthede te bespreek en standpunte daaroor te formuleer waar ons saamstem wat kwessies van wedersydse belang betref en om dit met senior amptenare van die regering asook die minister en president op te neem.

Wat laagtepunte betref, is korrupsie binne die departement van water en sanitasie 'n bron van groot kommer. Dit is ook 'n algemene probleem in ons samelewing.

Ten spyte van Covid-19, het jou portefeulje 'n besondere besige jaar gehad. Waaraan skryf jy die prominensie van die Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne in die media toe?

Agri SA is 'n organisasie wat die stem van boere baie prominent gemaak het. Die sentrum was besonder gelukkig om 'n sterk komitee onder die voorsitterskap van Wayman Kritzingen en ondervoorsitterskap van Willem Symington te hê. Die leiding van hierdie twee persone, asook ondersteuning van Agri SA oor die algemeen en ons bestuur in besonder, het bygedra tot die suksesse wat ons oor die afgelope 12 maande behaal het. 'n Baie duidelike en konsekwente boodskap en beleidsposisie is een van die belangrikste dinge wat 'n organisasie soos ons s'n kan hê en wat van ons 'n geloofwaardige en betroubare vennoot maak.

Waterregte is 'n uiters omstrede aangeleentheid in Suid-Afrika. Wat is Agri SA se standpunt in hierdie verband?

As dit nie vir die feit was dat onteiening sonder vergoeding prominent in alle nuusmedia in Suid-Afrika gepryk het nie, sou water waarskynlik die grootste nuus-item gewees het. Die departement van water en sanitasie beweer lank reeds dat die landbousektor die grootste watergebruiker is en dat transformasie rondom grond sowel as water uiters noodsaaklik is. Vanuit 'n beleidstandpunt ondersteun Agri SA die korrekte implementering en interpretasie van die Nasionale Waterwet. Waar die Wet bepaal



belongs to all the people in South Africa, that does not mean that Government owns water. That is something we should be very careful of. Government has assumed that they own water and that if they want to achieve the transformation, they can use water also to expedite transformation. That has its own political ramifications.

One of the permutations of this policy position of government was a circular that was issued by the department of water and sanitation, saying that water use transfers has been incorrectly applied by the department of water and sanitation for the past 18 years. In this circular, the department stated that water use cannot be transferred from one person to another and from one property to another without it first being surrendered to the department of water and sanitation for them to allocate as they seem fit.

The matter went to the Pretoria High Court in October 2019, where the court decided against us. The court said that water use entitlements can be transferred, as long as there is not a commercial underpinning or change of money. That was problematic for the agricultural sector. The decision was made in early 2020 to take the matter on appeal and that Agri SA will support the litigating parties in taking the matter to the Court of Appeal in Bloemfontein.

What does that mean? Water use entitlements are specifically provided for in the National Water Act. If a farmer has water use entitlements and do not use it, the Act allows for the possibility of that water use entitlement to be transferred to another person or property where it will be used efficiently. Government has taken a very strong political policy position on that, which we feel is incorrect. That takes away farmers' ability to use water efficiently during a season. We should ensure that the Act is used properly and that it is not used for political purposes to achieve transformation objectives.

We are very keen on maintaining a good relationship with Government. We need to keep on speaking to the department of water and sanitation. We have been keeping the government up to date with the progress on the court case and have not burned any bridges thus far.

What are some of the positives that have come out of those consultations with the department of water and sanitation? What does Agri SA want to achieve through that?

We have quarterly engagements in which farmers, through their provincial organisations, have direct access to the department of water and sanitation on issues such as the double billing or incorrect billing of water uses by the department. The major development in having that open relationship with the department is the fact that we go every year to the department to engage with them on raw water tariff consultations and negotiations. It is utterly important that government understands where agriculture is coming from. That it is acting in good faith and looking after the interest of feeding the nation, making sure that we have the sustainability as far as the commercial agriculture sector is concerned. You cannot keep on fighting with government. You need to have the room within a relationship to fight when it is necessary to fight and to assist government in fulfilling its obligation mandate.

dat alle water aan al die mense van Suid-Afrika behoort, beteken dit nie dat die regering die water besit nie. Dit is iets waarvoor ons baie versigtig moet wees. Die regering het aangeneem dat hulle hierdie hulpbron kan gebruik om die transformasieproses te bespoedig. Dit bring sy eie politieke vertakings mee.

Een van die verskuiwings in hierdie beleidsposisie van die regering was 'n omsendbrief wat deur die departement van water en sanitasie uitgereik is waarvolgens watergebruiksoordragte klaarblyklik nie korrek deur die departement oor die afgelope 18 jaar toegepas is nie. In hierdie omsendbrief meld die departement dat watergebruik nie van een persoon na 'n ander, en van een eiendom na 'n ander, oorgegee mag word nie sonder dat dit eers oorgegee word aan die departement van water en sanitasie sodat hulle dit kan allokkeer soos hulle goeddink.

Die saak is in Pretoria se Hoëhof verhoor, waar die hof ten gunste van die regering beslis het. Die hof was wel van mening dat watergebruiksregte oorgegee mag word indien daar geen onderliggende kommersiële motief of geldverwisseling is nie. Dit was problematies vir die landbousektor. Daar is vroeg in 2020 besluit om te appelleer en Agri SA het onderneem om die litigerende partye te ondersteun in hul appèlaansoek by die Appèlhof in Bloemfontein.

Wat beteken dit? Daar word spesifiek voorsiening gemaak vir watergebruiksregte in die Nasionale Waterwet. Indien 'n boer waterregte besit en dit nie aanwend nie, maak die wet voorsiening vir die moontlikheid dat sodanige reg oorgegee mag word na 'n ander persoon of eiendom waar dit doeltreffend aangewend sal word. Die regering het 'n sterk politieke standpunt ingeneem in hierdie verband, wat ons voel inkorrekt is. Dit ontnem boere van hul vermoë om water doeltreffend aan te wend gedurende 'n seisoen. Ons moet seker maak dat die wet behoorlik toegepas word en dat dit nie gebruik word vir politieke doeleindes om transformasie te bewerkstellig nie.

Ons is gretig om 'n goeie verhouding met die regering te handhaaf. Ons moet aanhou praat met die departement van water en sanitasie. Ons moet die regering voortdurend ingelig hou oor die vordering wat gemaak word met die hofsak. Tot dusver het ons nog nie enige brúe verbrand nie.

Wat is sommige van die positiewe elemente wat gespruit het uit daardie konsultasies met die departement van water en sanitasie? Wat wil Agri SA daardeur bereik?

Ons vergader kwartaalliks waar boere, via hul provinsiale organisasies, regstreeks toegang verkry tot die departement van water en sanitasie om aangeleenthede soos dubbel-fakturering of foutiewe fakturering vir watergebruik met die departement op te neem. Die belangrikste verwickeling as gevolg van die ope verhouding met die departement is dat ons elke jaar met hulle kan vergader om oor rouwatertariewe te beraadslaag en te onderhandel. Dit is uiters belangrik dat die regering verstaan waarvandaan ons kom; dat ons in goeder trou kom en dat ons daarna streef om die nasie te voed – om seker te maak dat ons volhoubaar is wat die kommersiële landbousektor betref. Jy kan nie gedurig met die regering baklei nie. Ons het ruimte binne die verhouding om te baklei wanneer dit nodig is, en om behulpsaam

How is Agri SA doing in terms of the tug-of-war for water between mining and agricultural sectors?

Competition for resources is as old as the history of South Africa is concerned. It has played an enormous role in agriculture. The competition for resources is vitally important and it is important that it is contextualised. South Africa is one of the 30 driest countries in the world. We are the only country in Africa that can, with the limited water resources, feed its population.

When statements are made about agricultural water and the way that it is being used, it needs to be remembered that agriculture gets what remains. The domestic, industrial and mining sectors take preference over agriculture. The pollution from mining has been problematic for agriculture. As far as environmental authorisations are concerned, the playing field is not level. Mining has a special dispensation in terms of environmental laws. Mining does seem to want to take upon itself the entitlement to mine wherever they want to, and, in any manner, they want to. That is something that needs to be resisted. We need to make sure that mining is kept in check as much as possible, especially when it comes to our high value agricultural land.

One cannot always go to court. So what Agri SA has done, except for the regular interactions we've had with the minerals council and various other efforts, is to assist our farmers with being able to ask the correct questions. Asking the right questions at the right time and exerting the pressure on shareholders of the mining companies is often the way to go. We need to make sure that agriculture maintains its position and stands firm when it comes to untoward mining activities that take place.

If we look at water quality in South Africa, what is the state of the level of pollution from mines etc?

Agri SA has been very fortunate with their provincial affiliate, Northern Cape, as well as one of our commodity members who started an initiative called "Gariepwatch". Agri SA is providing money to test the water quality levels of the lower Orange River. The initiative has been extended up to lower areas of the Vaal River. The reason why this is so vitally important is because it is verifiable, accredited water results that can be taken to government and other role players. We need to look after our water and sanitation. We know the department does not have the capacity to measure and look at water quality. Agri SA has taken it upon itself to test the water and make sure that it can assist government to ensure that water issues are addressed in a proper manner.

LABOUR AND DEVELOPMENT

Mr Christo van der Rheede answered the following questions on behalf of the Centre of Excellence: Labour and Development.

It is well known that the Centre of Excellence: Labour and Development "farm" with people. Kindly provide us with an update on all the activities over the past 12 months.

The Centre of Excellence: Labour and Development is actively involved at Nedlac, BUSA and the National Labour Organisation.

te wees wanneer dit nodig is sodat die regering sy mandaat kan vervul.

Hoe vaar Agri SA ten opsigte van die mededinging vir water tussen die mynbou- en landbousektore?

Mededinging om hulpbronne is so oud soos die geskiedenis van Suid-Afrika. Dit speel 'n geweldige rol in die landbou. Dit is uiters noodsaaklik dat sodanige mededinging gekontekstualiseer word. Suid-Afrika is een van die 30 droogste lande ter wêreld en die enigste land in Afrika wat met beperkte waterhulpbronne sy bevolking kan voed.

Wanneer stellings gemaak word oor landbouwater en die wyse waarop dit aangewend word, moet ons in gedagte hou dat die landbou kry wat oorbly. Die huishoudelike, nywerheids- en mynbousektore kry voorkeur. Die besoedeling wat veroorsaak word deur die mynwese is problematies vir die landbou. Wat omgewingsmagtigings betref, is die speelveld nie gelyk nie. Die mynboubedryf geniet 'n spesiale bedeling ingevolge omgewingswetgewing en is blykbaar geneig om hulself die reg toe te sê om op enige wyse en op enige plek waar hul wil te myn. Dit is iets wat ons moet teëstaan.

Ons moet seker maak dat mynbedrywighede so ver moontlik beperk word, veral wanneer dit kom by hoëwaarde-landbougrond. Ons kan nie altyd die hof nader nie, daarom het ons, benewens gereelde skakeling met die mineraleraad en verskeie ander pogings, ons boere gehelp om die regte vrae te vra. Die beste roete is dikwels om op die regte tyd die regte vrae te vra en om druk uit te oefen op belanghebbendes van die mynmaatskappye. Ons moet seker maak dat die landbou sy posisie handhaaf en sterk staan wanneer dit kom by onbehoorlike mynbou-aktiwiteite.

As ons kyk na watergehalte in Suid-Afrika, wat is die stand van besoedeling wat veroorsaak is deur myne ensomeer?

Agri SA was baie dankbaar toe sy provinsiale affiliasie Agri Noord-Kaap, asook een van sy bedryfslede, begin het met 'n inisiatief genaamd "Gariepwatch". Agri SA dra finansiële by tot die watergehaltetoetse in die Benede-Oranjerivier. Die inisiatief is uitgebrei na die stroomaf gedeeltes van die Vaalrivier. Die rede waarom dit so uiters belangrik was, is omdat dit verifieerbare, geakkrediteerde resultate bied wat aan die regering en ander rolspelers voorgelê kan word. Ons moet na ons water en sanitasie omsien. Ons weet dat die departement nie die kapasiteit het om watergehalte te toets en in stand te hou nie. Agri SA het homself die taak gestel om die water te toets en sodoende die regering te help om te verseker dat wateraangeleenthede op 'n behoorlike wyse aandag kry.

ARBEID EN ONTWIKKELING

Mnr Christo van der Rheede beantwoord die volgende vrae namens die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling.

Dit is welbekend dat die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling met mense 'boer'. Gee asseblief vir ons terugvoering oor al die sentrum se aktiwiteite oor die afgelope 12 maande.

Die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling is aktief betrokke by Nedlac, BUSA en die Nasionale Arbeidsorganisasie.

The following services were rendered by the Centre of Excellence: Labour and Development:

- Agri SA provided employees with information on the Covid-19 virus and what measures should be taken to stop the virus from spreading.
- A guideline on social cohesion, which confirms primary agriculture's commitment to healthy and prosperous rural communities, was developed, jointly by the Land and Labour Centres of Excellence.
- The National Minimum Wage Act requires that the 90% dispensation for agriculture must be reviewed within 18 months after the legislation came into effect.

What can be done to promote the social accord?

The social accord is very important. In South Africa, we have a constitutional democracy. Our constitution clearly outlines what our responsibilities are in terms of our fellow human beings. Our social accord gives us that perspective and reminds us all the time, as employers, how we should treat our employees. We must take care of our workers' health, we must take care of our workers' social circumstances, we must ensure that our workers are properly housed and that the working conditions are not against the Constitution in terms of human dignity.

Agriculture can absorb a lot of unemployed people. Unemployment is quite big in the country, what is your message, as Agri SA, to government?

Government has a critical role, not to start farming, but to create conducive circumstances, liberalise the economy and ensure that we have a free-market system and at the same time support small-scale farmers, commercial farmers and small-scale businesses.

On the role of the Centre of Excellence: Labour and Development. Kindly provide some inputs you provide to government.

We are not looking at the immigration bill for example. How do we ensure that, when we need expertise in the country, that we make it accessible for people with specific expertise to come into the country?

The national minimum wage – how do we manage that process so that at the end of the day you don't create a massive financial burden for the farmer?

What do we do to create and improve the social circumstances of workers in terms of public transport, public housing, public health, and proper schooling? You need to have some kind of state support in order for the farmworker to also live a life that he or she can be proud of.

What are some of the services that were rendered over the past year?

We are involved with BUSA and through BUSA, we are involved with Nedlac, where legislation is presented to stakeholders, the community and government.

We also focus on building relationships. Agri SA entered into a three-year agreement with the Commission for Reconciliation, Mediation and Arbitration, in which we allow them to enter into conversations with the farmers and help them to dismiss workers in accordance with the law. The relationship also includes different

Die volgende dienste word deur die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling gelewer:

- Agri SA voorsien werknemers van inligting oor Covid-19 en die maatreëls wat getref moet word om die verspreiding daarvan te verhoed.
- 'n Riglyndokument oor maatskaplike samehorigheid, wat die primêre landbousektor se verbintenis tot gesonde en welvarende landelike gemeenskappe bevestig, is gesamentlik ontwikkel deur die Sentrums van Uitnemendheid: Grondsake en Arbeid.
- Die Nasionale Minimumloonwet vereis dat die 90%-bedeling vir die landbousektor binne 18 maande ná inwerkingtreding van die wet hersien word.

Wat kan gedoen word om die maatskaplike ooreenkoms (social accord) te bevorder?

Dit is 'n uiters belangrike ooreenkoms. In Suid-Afrika het ons 'n konstitusionele demokrasie. Ons Grondwet bied 'n duidelike uiteensetting van ons verantwoordelikhede teenoor ons medemens. Hierdie ooreenkoms bied ons daardie perspektief en herinner ons voortdurend dat werkgewers moet omsien na hul werknemers. Ons moet omsien na hul gesondheid, asook hul maatskaplike omstandighede; ons met verseker dat hulle behoorlike behuising het en dat hul diensvoorwaardes, wat menslike waardigheid betref, nie teenstrydig met die Grondwet is nie.

Die landbou kan baie werkloos absorbeer. Werkloosheid is nogal 'n groot probleem in die land. Wat is Agri SA se boodskap aan die regering?

Die regering het 'n kritieke rol te speel – nie om te begin boer nie, maar eerder om gunstige omstandighede te skep; om die ekonomie te liberaliseer en te verseker dat ons 'n vryemarkstelsel het; en om gelyktydig ondersteuning te bied aan kleinskaalboere, kommersiële boere asook kleinskaalbesighede.

Wat die rol van die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling betref: Wat is sommige van die insette wat julle aan die regering lewer?

Ons is byvoorbeeld besig om na die immigrasiewetsontwerp te kyk. Wanneer ons kundigheid in die land nodig het, hoe kan ons seker maak dat mense met spesifieke kundigheid toegang tot die land kan verkry?

Die nasionale minimumloon - hoe kan ons daardie proses bestuur sodat ons nie aan die einde van die dag 'n massiewe finansiële las vir die boer skep nie?

Wat doen ons om beter maatskaplike omstandighede vir werkers te skep of om hul omstandighede te verbeter met betrekking tot openbare vervoer, behuising en onderwys? Ons het een of ander tipe staatsondersteuning nodig om te sorg dat 'n plaaswerker ook 'n leefwyse het waarop hy of sy trots kan wees.

Wat is sommige van die dienste wat oor die afgelope jaar gelewer is?

Ons is betrokke by BUSA en, via hulle, ook by Nedlac, waar wetgewing aan belanghebbendes, die gemeenskap en die regering voorgelê word.



initiatives and the implementation of the training-retrenchment scheme at farms that experience financial pressure.

We also have agreements with the provident fund for farmworkers and this fund's goal is to provide pension and other benefits to farmworkers. Agri SA also has a partnership with the department of labour and the International Labour Organisation (ILO).

How can agricultural producers, as employers, work to improve the relationship with workers?

There are different practices in the sector, namely (i) some farmers give up a portion of their land to the workers for housing; (ii) some farmers purchase extra land for the workers to farm on; (iii) some farmers establish nurseries for the children; (iv) some farmers provide health services to their workers; and (v) some farmers provide bursaries to their workers' children.

To do all the above, you need money. That is where the government should step in, to make it easier for farmers to have a profitable business. The more profit you are making, the more funds you have available to look after your workers. The government has an important role to protect our industry.

We must ensure that all moneys that are raised through, for example skills-levies that flows through SETA and other institutions, flow back to the industry and that it is applied correctly. The role of this centre of excellence is to analyse the synergy between the government, the department, the farmer, and the employee.

What are this Centre of Excellence's prospects for the near future?

The centre should be on the forefront of human capital development. We need to understand what is happening with humanity to ensure that we create something for all the generations to come.

We must look at our value chain and those values are imbedded in the Constitution. Agriculture has a critical role to contribute to the creation of a stabilised and prosperous society.

Ons fokus ook daarop om verhoudings te smee. Agri SA het 'n driejaar-ooreenkoms met die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie aangegaan ingevolge waarvan ons in gesprek mag tree met boere om hulle te help om, indien nodig, werknemers streng volgens wetgewing te ontslaan. Hierdie verhouding sluit ook verskillende inisiatiewe in, asook die implementering van die opleiding/afleggingskema op plase wat onder finansiële druk verkeer.

AgriSETA is creating a research hub with existing research councils. There are eleven subsectors, and those subsectors have their own committees. In these committees they determine what the sectors need. The funding of AgriSETA is informed by these committees.

Sy deelname aan 'n internasionale netwerk was van groot hulp vir Corteva SA. Die takke in Europa wat geraak is deur Covid-19 het aan Corteva SA toegang verleen tot verskillende strategieë tydens die pandemie. Corteva het ook 'n dinamiese voorraadketting-model wat hy soveel as moontlik vir beïnvloedingsdoeleindes aanwend.

Corteva het 'n vyf-fase-strategie. Die eerste is om sy werknemers veilig te hou. Sedert die Covid-uitbraak het verskeie werknemers Covid opgedoen, maar hulle het almal herstel en is terug by die werk. Die tweede is om na boere en sakevennote om te sien. As 'n noodsaaklike diensverskaffer is Corteva nie werklik ontwrig as gevolg van die inperkings nie.

Wat tegnologies betref, het Covid Corteva se bedryfsstrategie verander. Tegnologie help met die bekendstelling van nuwe produkte wanneer Corteva nie by boere kan uitkom nie. Dit is steeds belangrik om op die lande te kom en dit sal Corteva se strategie bly.

Die meeste boere laat steeds toe dat Corteva se verteenwoordigers hulle tydens die pandemie op hul plase besoek. Corteva verseker dat alle veiligheidsmaatreëls geld voordat enige van sy werknemers die boer besoek. Die boer ontvang altyd 'n oproep om uit te vind of hy/sy gemaklik is met 'n gewas-adviseur of verkoopsvertegenwoordiger se besoek op sy/haar plaas.

Die slagspreuk "In it for farmers. In it for good" beteken ons is betrokke om produsente se lewens te verryk, maar ook om dit te doen vir toekomstige geslagte. Dit sluit in die volhoubaarheid van boere, gemeenskappe en bedryfsaktiwiteite op die plaas. Ons glo dat ons 'n sterk, dinamiese en volhoubare boerderygemeenskap nodig het, want dit gee aanleiding tot 'n sterk voedselstelsel en voedselsekerheid. Corteva het hom byvoorbeeld verbind tot 'n skenking van R500 000 aan Agri Securitas Trustfonds van Agri SA om die veiligheid van ons boere en plaaswerkers te verseker.

AgriSETA

Die uitvoerende hoof van AgriSETA, mnr Zenzele Myeza, word by die kongres verwelkom. AgriSETA is een van die borge van Agri SA se 2020-kongres.

Die algemene prentjie van AgriSETA: AgriSETA het gekyk hoe hy 'n groter impak kan maak en daarop gelet dat dit te doen het met die ekonomiese waardeketting in die landbou. AgriSETA pas hierby in vanuit 'n vaardigheidsontwikkelingsperspektief. Die missie is hersien en is nou: "Beter toegang tot vaardigheidsontwikkeling deur middel van strategiese vennootskappe, met die oog op wye navorsing en inklusiewe ekonomiese groei". AgriSETA het 'n begroting van R500 miljoen om sy bydrae op landbou te verbeter, veral ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling.

AgriSETA het altyd gekyk na korttermynprojekte maar het besluit om eerder te fokus op mediumtermyn- en langtermynprojekte. Byvoorbeeld, AgriSETA het die Universiteit van Pretoria genader en fokus op 60 PhD-, 50 Meesters- en Honneurs-studente - in totaal 210 studente wat spesifiek geplaas sal word in brandpuntgebiede ten einde iets relevant vir die sektor te doen.



AgriSETA's pool is approximately R500 million. That pool is not sufficient. Thus, AgriSETA's drive is to determine how they can increase that pool. It should be noted that, according to the Skills Development Act, not everybody contributes to the fund. Mr Myeza had to engage with all the sectors to determine how everyone can work together.

Announcement of second deputy president and nominations for executive member of the General Affairs Chamber

Mr Phineas Gumede has been appointed as second deputy president of Agri SA.

Nominations for the election of the executive member of the General Affairs Chamber will close in 10 minutes, after which the online voting platform will open to vote for the executive member of the General Affairs Chamber.

ENGEN DROUGHT RELIEF CAMPAIGN

Mr Jason Delpport from Engen was welcomed to the congress.

Engen has a long history within the agricultural sector, which goes back to the late 1800s. Engen's journey and success through the years is linked to the success of South Africa's farmers. Due to the contribution that farmers make to the economy by providing jobs and food, Engen felt compelled to get involved.

The drought fund was established in 2016 during the height of that drought season. Agri SA collected approximately R30 million, which was distributed via Agri SA's provinces. The provinces took the responsibility to make sure that farmers get the necessary assistance. It is not just limited to commercial farmers but assists developing farmers and drought-stricken communities.

Engen had several initiatives that they helped with over the past few years. One of the most recent initiatives was where Engen gave away a tractor to the value of R500 000 to a farming community. Engen also donated 100 JoJo Tanks to the Sarah Baartman municipality in the Eastern Cape.

Mr Delpport handed over a check of R700 000 to Mr Christo van der Rheede as a contribution to the Drought Aid Fund.

HONORARY AWARDS

The honorary awards are awarded to persons that rendered a special service to the organisation. The golden lapel pin is an award given by the board to persons that made a special contribution within the organisation. The General Affairs Chamber also gives out awards to persons for excellent service.

It is noted that the General Affairs Chamber will not be giving out any awards this year.

The golden lapel pin is awarded by the board to Dr Pieter Prinsloo, who served as chairman of the Commodity Chamber.

AgriSETA skep 'n navorsingshub met bestaande navorsingsrade. Daar is 11 sub-sektore en daardie sub-sektore het hul eie komitees. In hierdie komitees bepaal hulle wat die sektore benodig. Die befondsing van AgriSETA word deur hierdie komitees gerig.

AgriSETA het ongeveer R500 miljoen tot sy beskikking. Daardie bedrag is egter nie voldoende nie. AgriSETA wil dus bepaal hoe hy daardie poel kan vergroot. Let daarop dat, ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, almal nie bydra tot die fonds nie. Mnr Myeza moes met elke sektor skakel om te bepaal hoe almal kan saamwerk.

Aankondiging van tweede adjunk-president en benoemings vir die verkiesing van die bestuurslid vir die Algemene Sakekamer

Mnr Phineas Gumede word verkies tot tweede adjunk-president van Agri SA.

Benoemings vir die verkiesing van die bestuurslid van die Algemene Sakekamer sluit binne 10 minute, waarna die aanlynplatform oop sal wees vir die verkiesing van die bestuurslid vir die Algemene Sakekamer.

ENGEN-DROOGTEHULPVELD TOG

Mnr Jason Delpport van Engen word by die kongres verwelkom.

Engen het 'n lang geskiedenis binne die landbousektor, wat reeds in die laat 1800's begin het. Engen se sukses oor die jare heen hou nou verband met die sukses van Suid-Afrika se boere. As gevolg van die bydrae wat boere tot die ekonomie maak deur werkgeleenthede en voedsel te voorsien, was Engen genoop om betrokke te raak.

Die droogtehelpfronds is in 2016 gestig te midde van daardie droogteseisoen. Agri SA het kollektief ongeveer R30 miljoen ingesamel wat via sy provinsiale affiliasies versprei is. Die provinsies het ook verantwoordelikheid aanvaar om seker te maak dat boere die nodige hulp ontvang. Dit was nie beperk tot slegs kommersiële boere nie maar is ook tot die beskikking van opkomende boere en droogtegeteisterde gemeenskappe gestel.

Engen het verskeie inisiatiewe waarmee hy behulpsaam was oor die afgelope paar jaar. Met een van die onlangse inisiatiewe het Engen 'n trekker ter waarde van R500 000 aan 'n boerderygemeenskap geskenk. Engen het ook 100 JoJo-tenks aan die Sarah Baartman-munisipaliteit in die Oos-Kaap geskenk.

Mnr Delpport oorhandig 'n tjek van R700 000 aan mnr Christo van der Rheede as bydrae tot die droogtehelpfronds.

ERE-TOEKENNINGS

Die ere-toekennings word oorhandig aan persone wat 'n spesiale diens aan die organisasie gelewer het. Die goue-lapelwapen is 'n toekening wat deur die direksie aan persone gemaak word wat 'n spesiale bydrae tot die organisasie gelewer het. Die Algemene Sakekamer maak ook toekennings aan persone wat uitstekende diens gelewer het.

Die kongres neem kennis daarvan dat die Algemene Sakekamer nie vanjaar enige toekennings sal maak nie.

ELECTION OF AGRI SA'S CHAMBER EXECUTIVE MEMBERS AND BOARD OF DIRECTORS

The chair, vice chair and executive members of:

Agri SA Commodity Chamber
Agri SA General Affairs Chamber
Agri SA Corporate Chamber

The chambers elect from own ranks three representatives to serve on the Agri SA Board.

The following persons were elected:

Commodity Chamber

Board members

Niël Joubert
Sipiwo (SK) Makinana
Derek Mathews

Chamber executive

Niël Joubert – Chair
Jannie de Villiers – Deputy chair
James Faber - Additional member

General Affairs Chamber

Board members

Doug Stern
Nicol Jansen
Piet Engelbrecht

Chamber executive

Willem de Chavonnes Vrugt – Chair
Nicol Jansen – Deputy chair
Piet Engelbrecht – Additional member

Corporate Chamber

Board members

Gerhard Diedericks
Rossouw Cillié
Nic Bronkhorst

Chamber executive

Gerhard Diedericks – Chair
Rossouw Cillié – Deputy chair
Nic Bronkhorst – Additional member

ANNUAL GENERAL MEETING

Mr. Christo van der Rheede explained that the open session has come to an end. Members were told to open the new link that will take each member to the annual general meeting.

The annual general meeting is a closed session that is limited to the members of Agri SA.

Programme director

Mr Christo van der Rheede, executive director of Agri SA, acted as programme director.

Die goue-lapelwapen word deur die direksie toegeken aan dr Pieter Prinsloo, wat as voorsitter van die Bedryfskamer gedien het.

VERKIESING VAN AGRI SA SE KAMERBESTUURSLEDE EN DIREKSIE

Die voorsitter, ondervoorsitter en bestuurslede van:

Agri SA Bedryfskamer
Agri SA Algemene Sakekamer
Agri SA Korporatiewe Kamer

Die Kamer verkies vanuit sy eie geledere drie verteenwoordigers om in die Agri SA-direksie te dien.

Die volgende persone word verkies:

Bedryfskamer

Raadslede

Niël Joubert
Sipiwo (SK) Makinana
Derek Mathews

Kamerbestuur

Niël Joubert – Voorsitter
Jannie de Villiers – Ondervoorsitter
James Faber - Addisionele lid

Algemene Sakekamer

Raadslede

Doug Stern
Nicol Jansen
Piet Engelbrecht

Kamerbestuur

Willem de Chavonnes Vrugt – Voorsitter
Nicol Jansen – Ondervoorsitter
Piet Engelbrecht – Addisionele lid

Korporatiewe Kamer

Raadslede

Gerhard Diedericks
Rossouw Cillié
Nic Bronkhorst

Kamerbestuur

Gerhard Diedericks – Voorsitter
Rossouw Cillié – Ondervoorsitter
Nic Bronkhorst – Addisionele lid

ALGEMENE JAARVERGADERING

Mnr Christo van der Rheede verduidelik dat die oop sessie afgehandel is. Lede word versoek om op die nuwe skakel te klik wat elke lid na die algemene jaarvergadering sal neem.

Die algemene jaarvergadering is 'n geslote sessie wat beperk is tot lede van Agri SA.

Programdirekteur

Christo van der Rheede, uitvoerende direkteur van Agri SA, tree as programmeier op.

CENTRE OF EXCELLENCE | SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

LAND • GROND



Willem de Chavonnes Vrugt
Chairman
Voorsitter



Willem de Chavonnes Vrugt serves as chair of the centre with **Sandy La Marque** the vice chair. **SK Makinana** and **Tommy Ferreira** are the additional members. The centre executive is assisted by **Annelize Crosby**.

During the report year, that is May 2020 to June 2021, the Centre of Excellence was involved in the following activities:

Land expropriation at zero compensation

During the year under review, the centre's activities were once again eclipsed by the debate on expropriation and compensation. The Ad Hoc Committee appointed by parliament to formulate the proposed wording to amend section 25, held public hearings during March 2021, where Agri SA, among others, did a presentation. The committee's work was delayed by the measures prescribed in the Disaster Management Act, which placed restrictions on physical meetings during the Covid-19 pandemic.

There has been enormous media interest in the debate around the proposed amendment of the Constitution, with a large number of media releases, media conferences, and radio and TV interviews in which Agri SA participated. Agri SA also hosted a media conference on 24 March 2021 where the organisation's opposition to expropriation without compensation and the devastating economic consequences thereof, were reiterated.

A senior legal team was consulted throughout, and a few consultations were also conducted with advocates during the period under review.

LEGISLATION

Expropriation Bill

The Expropriation Bill, in revised form, was introduced at the National Economic Development and Labour Council (Nedlac) during 2020, where Business, the Labour community and government had to negotiate with regard to the amended sections, and more specifically the amendments that make provision for expropriation of certain categories of land at zero compensation. Thereafter, the bill was introduced into the parliamentary process, with public hearings scheduled from March to June 2021.

Die voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid: Grond is Willem de Chavonnes Vrugt. Sandy La Marque is ondervoorsitter en SK Makinana en Tommy Ferreira is adisionele lede. Die bestuur van die sentrum word bygestaan deur Annelize Crosby.

Gedurende die verslagperiode, naamlik Mei 2020 tot Junie 2021, was hierdie Sentrum van Uitnemendheid betrokke by die volgende aktiwiteite:

Grondonteiening teen nulvergoeding

Gedurende die verslagtydperk is die Sentrum van Uitnemendheid se aktiwiteite weer eens deur die debat oor onteiening en vergoeding oorskadu. Die ad hoc-komitee wat deur die parlement aangewys is om met 'n voorgestelde bewoording ter wysiging van artikel 25 vorendag te kom, het openbare verhore gehou gedurende Maart 2021, waartydens Agri SA onder meer aan die komitee 'n voorlegging gemaak het. Die komitee se werk is vertraag deur die maatreëls ingevolge die Wet op Rampbestuur, wat beperkings op fisiese vergaderings geplaas het tydens die Covid-19-pandemie.

Daar was deurentyd groot media-belangstelling in die debat oor die voorgestelde wysiging van die Grondwet en daar was 'n groot aantal media-krystellings, media-konferensies, radio- en TV-onderhoude waaraan Agri SA deelgeneem het. Agri SA het ook 'n media-konferensie gehou op 24 Maart 2021, waartydens die organisasie se teenkanting teen onteiening sonder vergoeding en die vernietigende ekonomiese gevolge van onteiening onder vergoeding duidelik uitgespel is.

'n Senior regsman is deurgaans gekonsulteer en daar was 'n paar konsultasies met advokate gedurende die oorsigtydperk.

WETGEWING

Onteieningswetsontwerp

Die Onteieningswetsontwerp is gedurende 2020 in gewysigde vorm in die Nasionale Ekonomiese, Ontwikkelings- en Arbeidsraad (Nedlac) ingedien, waar besigheid, die arbeidsgemeenskap en die regering moes onderhandel oor die gewysigde artikels en meer spesifiek die wysigings wat voorsiening gemaak het vir die onteiening van sekere kategorieë van grond teen nulvergoeding.

Agri SA did a presentation during the national public hearings and assisted its affiliates to provide inputs during provincial public hearings. Agri SA adopted a firm position against the narrow definition of expropriation, as well as against sub-sections 12(3) and (4), which make provision for expropriation at zero compensation in certain circumstances.

Agri SA directed Dr Roelof Botha and Ilse Botha to update the study on the possible economic impact of expropriation without compensation, which they had undertaken earlier, also taking into consideration the impact of the Covid-19 pandemic. The report on this study, which highlighted possible serious consequences for the economy, especially with regard to capital formation, was released at a media conference on 24 March 2021.

Agri SA has also sought a legal opinion on the constitutionality of the Expropriation Bill.

Upgrading of Land Ownership Rights Act

This legislation, which makes provision for the upgrading of certain rights on state-owned land, such as permission to occupy with a view to full title, was amended during 2020 in light of a ruling issued by the Constitutional Court on the rights of women. According to the court these rights should be better protected in the legislation.

Agri SA participated in the Nedlac process and did a presentation to the relevant portfolio committee, where the importance of title deeds for black farmers on state-owned land was emphasised.

Constitutional Court Bill

The bill was published in April 2021. The court will replace the Land Claims Court and, unlike the latter, will have permanent judges. A Land Appeal Court will also be established, which will hear disputes relating to expropriation and be able to recommend mediation and arbitration.

Agri SA submitted written commentary on the legislation and will participate in further public consultations processes.

POLICY DOCUMENTS

Blended finance

Discussions within Nedlac regarding blended financing (where a value-chain approach is followed), involving a combination of state contributions and loan financing, were resumed. Various consultations took place with Agri SA's affiliates, as well as with the department of agriculture, land Reform and rural development and commercial banks. A final policy document was made available in March 2021.

Agri SA's affiliates were asked to indicate whether they wish to form part of the private sector initiative involved in implementation.

Daarna is die wetsontwerp in die parlementêre proses ingevoer en openbare verhore is vanaf Maart tot Junie 2021 gehou.

Agri SA het 'n voorlegging gemaak tydens die nasionale openbare verhore en affiliasies is ondersteun om insette te lewer tydens provinsiale openbare verhore. Agri SA het sterk standpunt ingeneem teen die eng definisie van onteining, asook teen artikels 12(3) en (4), wat voorsiening maak vir onteining teen nulvergoeding onder sekere omstandighede.

Agri SA het vir dr Roelof Botha en Ilse Botha opdrag gegee om 'n studie oor die moontlike ekonomiese uitwerking van onteining sonder vergoeding, wat hulle vroeër onderneem het, op te dateer, ook met inagneming van die uitwerking van die Covid-19-pandemie. Die verslag van hierdie studie, wat dui op baie ernstige moontlike gevolge vir veral kapitaalvorming in die ekonomie, is op 24 Maart 2021 tydens 'n media-konferensie bekendgestel.

Agri SA het ook regsmenings ingewin oor die grondwetlikheid van die Onteieningswetsontwerp.

Wet op die Opgadering van Grondbesitregte

Hierdie wetgewing, wat voorsiening maak vir die opgradering van bepaalde regte op staatsgrond, soos toestemmings om te okkupeer tot voltitel, is gewysig tydens 2020 na aanleiding van 'n uitspraak van die Grondwetlike Hof oor die regte van vroue wat beter beskerm behoort te word in die wetgewing.

Agri SA het deelgeneem aan die Nedlac-proses en 'n voorlegging gemaak aan die betrokke portefeuljekomitee, waar die belangrikheid van titelaktes vir swart boere op staatsgrond beklemtoon is.

Grondhof-wetsontwerp

Die wetsontwerp is gedurende April 2021 gepubliseer. Die hof sal die Grondeishof vervang en sal, anders as dié hof, permanente regters hê. Daar sal ook 'n Grond-appélhof wees. Die hof sal ook dispute oor onteining aanhoor en sal mediasie en arbitrasie kan beveel.

Agri SA het skriftelike kommentaar oor die wetgewing ingedien en sal aan verdere openbare konsultasie-prosesse deelneem.

BELEIDSDOKUMENTE

Gemengde finansiering

Gesprekke binne Nedlac oor gemengde finansiering, waar 'n waardekettingbenadering ten opsigte van 'n kombinasie van staatsbydraes en leningsfinansiering ter sprake is, is voortgesit. Daar was verskeie konsultasies met Agri SA se affiliasies, asook die departement van landbou, landelike ontwikkeling en grondhervorming asook handelsbanke. 'n Finale beleidsdokument is teen Maart 2021 beskikbaar gestel.

Agri SA-affiliasies is versoek om aan te dui of hulle deel wil vorm van die privaatsektor-inisiatief ten opsigte van implementering.

LITIGATION

Jakkalsdans lawsuit

Agri SA provided financial support to the landowners of Jakkalsdans in Gauteng who are involved in a lawsuit aimed at fair and equitable compensation for their farms. The Valuer-General, using the formula cited in the regulations to the Property Valuation Act, had made a very low offer for the farms. Agri SA has since 2016 been objecting to the use of this formula to determine fair and equitable compensation.

The court was asked to determine fair and equitable compensation and, in the process, establish principles on how such compensation should be calculated and what role the offensive formula (if any) should play in such calculation. The case has been partially heard and will hopefully be finalised later in 2021.

INTERACTION WITH AFFILIATES AND EXTERNAL STAKEHOLDERS

During the year under review, interactions took place with various institutions, experts and role players. This included discussions with the Land Claims Commission on sustainable restitution models and further discussions with the Special Master on labour tenant claims.

In March 2021, training was provided to provincial affiliates on conflict management in the event of land reform, in collaboration with the Henley Business School. Two external experts in conflict management and land reform shared their knowledge with members. Further training in this regard is envisaged. Proactive advice and guidance to affiliates in respect of land issues have enabled affiliates to offer their members the best possible service.

LITIGASIE

Jakkalsdans-saak

Agri SA het finansiële ondersteuning verleen aan die grondeienaars van Jakkalsdans in Gauteng, wat in 'n hofstryd vir regverdigde en billike vergoeding vir hulle plase betrokke is. Die Waardeerder-Generaal het deur die aanwending van 'n formule wat vervat is in regulasies tot die Wet op Eiendomswaardering, 'n baie lae aanbod vir die plase gemaak. Agri SA maak reeds sedert 2016 beswaar teen die gebruik van hierdie formule in die bepaling van regverdigde en billike vergoeding.


Die hof is versoek om regverdige en billike vergoeding te bepaal en in die proses beginsels vas te lê van hoe sodanige vergoeding bereken moet word en wat die rol van die gewraakte formule (indien enige) by sodanige berekening moet speel. Die saak is deels verhoor en sal hopelik later in 2021 tot finaliteit gebring word.

INTERAKSIE MET AFFILIASIES EN EKSTERNE BELANGHEBBENDES

Daar was gedurende die jaar onder oorsig interaksies met verskeie instansies, kundiges en rolspelers. Dit sluit gesprekke met die Grondeisekommissie oor volhoubare restituisie-modelle, verdere gesprekke met die Spesiale Meester oor huurarbeider-eise in.

Gedurende Maart 2021 is daar opleiding vir provinsiale affiliasies aangebied in konflikbestuur by grondhervorming, in samewerking met die Henley-sakeskool. Twee buite-kundiges in konflikbestuur en grondhervorming het hul kennis in dié verband met lede gedeel. Verdere soortgelyke opleiding word in die vooruitsig gestel. Proaktiewe advies en leiding aan affiliasies ten opsigte van grondkwessies het affiliasies gehelp om hul lede ten beste te kan bedien.





CENTRE OF EXCELLENCE | SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

RURAL SAFETY • LANDELIKE VEILIGHEID



Uys van der Westhuijzen
Chairman
Voorsitter

Uys van der Westhuijzen was elected as chair of the Centre during the report year. He was assisted by Joe Scholtz as vice chair and Jakkals le Roux as executive committee member. Kobus Visser served as functionary.

The serious security threat, including farm attacks and murders, as well as general criminality experienced by the farming community, compelled Agri SA and its provincial organisations to give dedicated attention to these matters on an ongoing basis.

The announcement of the lockdown regulations to curb the spread of Covid-19 brought further pressure to bear on the farming community in that more attention had to be given to their security during this period. It also meant that the Centre had to develop processes and procedures, which posed further challenges.

The Centre's activities were therefore focused on security aspects that impact on the farming communities' personal safety and on general criminality. It remains the government's responsibility to keep all citizens safe, but given the current security threat and lockdown regulations, the farming community has been playing a bigger role in their own security, as well as that of the community.

The Centre facilitates Agri SA's lobbying activities in terms of policy, legislation and programmes relating to the safety and security of farming communities and the rural environment.

The activities of the Centre are supported by the South African Police Service (SAPS), the South African National Defence Force (SANDF), Correctional Services, and the National Prosecuting Authority (NPA), all of whom regularly attend and provide input during the Centre meetings.

DISCUSSION WITH THE NATIONAL COMMISSIONER OF POLICE

On 5 October 2020, the Centre and other organised agriculture organisations met with the National Commissioner of Police. During the discussion, the Commissioner of Police reaffirmed his commitment to prioritising rural crime on a proactive as well as reactive basis. The Commissioner also presented his vision

Uys van der Westhuijzen is gedurende die verslagjaar tot voorsitter van die Sentrum verkies en word ondersteun deur Joe Scholtz as ondervoorsitter en Jakkals le Roux as dagbestuurslid. Kobus Visser tree op as funksionaris.

Die ernstige veiligheidsbedreiging wat plaasaanvalle en -moorde insluit asook algemene misdadigheid wat die landbougemeenskap beleef, maak dit noodsaaklik dat Agri SA en sy provinsiale organisasies deurlopend toegewyde aandag hieraan gee.

Die afkondiging van die inperkingmaatreëls om die verspreiding van die Covid-19-virus te beperk, het verder druk geplaas op die veiligheid van die landbougemeenskap deurdat hulle meer aandag aan hul veiligheid in dié tydperk moes gee. Dit het ook tot gevolg gehad dat die Sentrum prosesse en prosedures moes ontwikkel om kommunikasie te bevorder wat verdere uitdagings gebied het.

Die Sentrum se werksaamhede is dus toegespits op veiligheidsaspekte wat 'n uitwerking het op boerderygemeenskappe se persoonlike veiligheid en op algemene misdadigheid. Dit bly die regering se grondwetlike verantwoordelikheid om alle landsburgers veilig te hou, maar weens die huidige veiligheidsbedreiging en die inperkingmaatreëls speel die boerderygemeenskap 'n groter rol in hul eie asook die gemeenskap se beveiliging.

Die Sentrum fasiliteer Agri SA se beïnvloeding van beleid, wetgewing en programme wat betrekking het op die veiligheid en sekuriteit van boerderygemeenskappe en die landelike omgewing.

Die werksaamhede van die Sentrum word ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW), Korrektiewe Dienste en die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG), wat gereeld vergaderings van die Sentrum bywoon en insette lewer.

GESPREK MET NASIONALE KOMMISSARIS VAN POLISIE

Op 5 Oktober 2020 het die Sentrum saam met ander georganiseerde landbou-organisasies 'n gesprek met die nasionale kommissaris van die Polisie gehad. Tydens die gesprek het die

for combating rural crime by, among others, the creation of joint rural safety centres. The centres would be responsible for jointly implementing the operational plan for the Rural Protection Strategy. The importance of addressing practical challenges around the recruitment and deployment of reservists within the context of a task team, was also emphasised.

Interventions to stabilise flash-point areas were discussed as effective proactive crime-prevention initiatives. With regard to cross-border crime, the emphasis was on adequate resources for police stations on the border, improved intelligence, and the establishment of cross-border liaison committees. Security problems at Tlhakgaming in the North West province, which have persisted for many years, were also raised with the Commissioner. Instructions were given for the appointment of a task team to investigate security-related problems and to stabilise the area. The task team has already achieved results in this regard. It was agreed that discussions should take place on a regular basis, and arrangements were made for a follow-up meeting.

DISCUSSION WITH THE CHIEF OF THE SOUTH AFRICAN NATIONAL DEFENCE FORCE

On 30 November 2020, the Centre met with the Chief of the South African National Defence Force to identify areas for closer cooperation, specifically aimed at rural safety initiatives and economic development. He said the defence force plays a role in assisting communities in emergency situations, including farming communities. He also confirmed that the safety of farming communities along the border was an important aspect of this and said the defence force and Agri SA should work together to help improve the situation.

The creation of Mzantsi Home Guard, which is not a replacement for the phased-out commando system, was discussed. Members of the Home Guard will receive basic military training, including additional training in information-gathering, the handling of disasters, and support for communities in emergency situations, and will also play an important role in rural protection. Follow-up discussions in this regard are now envisaged with the newly appointed Chief of the Defence Force, who had responded positively to Agri SA's congratulations on his appointment.

RURAL PROTECTION STRATEGY

To prepare for the Centre meeting scheduled for May 2021, the Centre's executive committee conducted a critical evaluation of the challenges experienced in effectively implementing the strategy, including the resources required. In the meantime, the National Commissioner of Police decided that the implementation dates of approximately 200 police strategies should be reviewed. This also included the Rural Protection Strategy, the implementation date of which would probably be postponed until March 2025.

The Integrated Resource Committee of the police is currently looking at the resources needed for, among others, the Rural Protection Strategy. A needs assessment has already been conducted by rural police stations and is now being offset in the

kommissaris die Polisie se verbintenis tot die priorisering van landelike misdade in landelike gebiede beide op 'n pro- en reaktiewe basis herbevestig. Die kommissaris het sy visie gegee van die bekamping van landelike misdaad deur onder meer die vestiging van gesamentlike landelikeveiligheidsbevelsentra. Dié sentra sal die verantwoordelikheid hê om gesamentlik die operasionele plan van die Landelike Beveiligingsstrategie te implementeer. Klem is ook geplaas om, binne die konteks van 'n taakspan, die praktiese uitdagings met die werwing en aanwending van reserviste aan te spreek.

Die aanwending van stabilisering-intervensies in brandpunt-areas is bespreek as effektiewe proaktiewe misdaadbekamping-inisiatiewe. Oorgrensmisdaad is bespreek en klem is geplaas op voldoende hulpbronne vir polisievestigings aan die grens, verbeterde intelligensie en die vestiging van oorgrensskakelkomitees. Die veiligheidsprobleme by Tlhakgaming in die Noordwes-provinsie, wat reeds jare lank duur, is met die kommissaris opgeneem. Opdrag is gegee dat 'n taakspan die veiligheidsprobleme moet ondersoek en die gebied stabiliseer. Die taakspan het reeds resultate in dié verband bereik. Daar is ooreengekom dat die gesprek op 'n kwartaallike basis gevoer word en reëlings word getref vir 'n opvolggesprek.

GESPREK MET DIE HOOF VAN DIE SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WEERMAG

Die Sentrum het op 30 November 2020 'n gesprek met die hoof van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag gevoer om terreine vir nuwe samewerking te identifiseer, spesifiek dié gemik op landelikeveiligheidsinisiatiewe en ekonomiese ontwikkeling. Die hoof van die Weermag het gesê dat die weermag 'n rolspeler is om gemeenskappe in nood by te staan – insluitende boerderygemeenskappe. Hy het bevestig dat die veiligheid van boerderygemeenskappe aan die grensgebied 'n belangrike aspek is en dat die Weermag en Agri SA moet saamwerk om die situasie te help verbeter.

Die vestiging van die Mzantsi Home Guard, wat nie 'n plaasvervangende struktuur vir die uitgefaseerde kommandostelsel is nie, is bespreek. Lede van dié tuiswag sal basiese militêre opleiding ontvang, insluitend addisionele opleiding in inligtingsinsameling, hantering van rampe, ondersteuning van gemeenskappe in nood en sal ook 'n belangrike rol speel in landelike veiligheid. Opvolggesprekke in dié verband word nou in die vooruitsig gestel met die nuut aangestelde hoof van die Weermag, wat positief gereageer het op Agri SA se gelukwensinge met sy aanstelling.

LANDELIKE BEVEILIGINGSTRATEGIE

Ter voorbereiding van die Sentrum se vergadering in Mei 2021, het die Sentrum se dagbestuur die strategie krities geëvalueer in terme van die uitdagings om die strategie effektief te implementeer, insluitend die benodigde hulpbronne. Intussen het die nasionale kommissaris van Polisie besluit dat nagenoeg 200 polisiestrategieë se implementeringsdatums hersien moet word. Dit sluit ook die landelikebeveiligingsstrategie in, waarvan die implementeringsdatum waarskynlik uitgeskuif sal word na Maart 2025.



budget for procurement of the necessary resources. Given the President's instructions for a smaller public service, not all vacant posts within the police force will be filled, which could have a negative impact on the implementation of the strategy.

The Centre had earlier this year made a presentation on rural safety to a workshop hosted by the Inter-Ministerial Committee (IMC) under chairmanship of the Deputy President. A similar presentation was made to the South African Human Rights Commission. The message to both was that no new plans were needed to combat rural crime. Instead, the Rural Protection Strategy should simply be implemented effectively and funded adequately.

The effective functioning of priority committees at all levels was identified as an important aspect to manage and implement the strategy successfully. The Centre also identified the following minimum requirements to facilitate the effective implementation of the strategy.

- An effectively implemented reservist system, equipped with the necessary resources.
- More effective crime investigations, arrests of suspects and the opposment of bail by the police.
- Effective crime intelligence and crime analysis, including organised crime, and the establishment of an integrated and central information system for the police.
- Greater police visibility and the implementation of blue-white lights at night.
- Establishment of police task teams and rapid response units in flash-point areas.

The minimum requirements will be cited in further discussions with the police.

FIREARM LEGISLATION

The SA Hunters' Association provided the Centre with elucidation on their approach to the conversion of approximately 450 000 green licences to white licences. They accepted that South Africa should have a single meaningful process to manage private ownership of firearms. The existing system, where some old licences remained valid in terms of a court ruling in 2009, could not continue to apply indefinitely and would have had to change some time.

It must also be accepted that those who still have the valid old (green) licences, will have to meet the requirements of the current Firearms Control Act. Should the police not be willing to enter into discussions with the association regarding a meaningful process for converting the green licence, the association will oppose the police's application to repeal the 2009 interdict. The Centre supported the association in its proposed process for converting green firearm licences into white licences.

RESERVIST POLICY FRAMEWORK

At the Centre's request, the police task team conducted an inquiry into the possibility of making the reservist system more accessible

Die geïntegreerde hulpbronne-komitee van die Polisie is tans besig om ondersoek in te stel na die hulpbronnebehoefte van onder meer die landelike beveiligingsstrategie. 'n Behoeftebepaling is reeds by die landelike polisievestigings gedoen en word nou verreken in die begroting vir die nodige aankope. In terme van die opdrag van die president dat die staatsdiens verklein moet word, word alle vakante poste in die polisie nie gevul nie, wat 'n negatiewe uitwerking op die implementering van die strategie mag hê.

Die Sentrum het vroeër vanjaar 'n voorlegging gedoen aan 'n werkwinkel van die interministeriële komitee (IMC), onder voorsitterskap van die adjunk-president, rakende die bevordering van landelike beveiliging. 'n Soortgelyke voorlegging is aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie gedoen en die boodskap aan beide was dat daar nie nuwe planne benodig word om landelike misdaad te bekamp nie maar bloot die effektiewe implementering van die landelike beveiligingsstrategie, met die beskikbaarstelling van voldoende fondse.

Die effektiewe funksionering van prioriteitskomitees op alle vlakke is geïdentifiseer as 'n belangrike aspek om die strategie suksesvol te bestuur en te implementeer. Verder het die Sentrum die volgende minimum vereistes geïdentifiseer om die strategie se effektiwiteit en implementering te bevorder:

- 'n Effektief geïmplementeerde reservistestelsel, met die nodige hulpbronne.
- Meer effektiewe misdaadondersoeke, arrestasie van verdagtes en die opponering van borg deur die polisie.
- Doeltreffende misdaad-intelligensie, ontleding van misdaad, insluitend die analisering van georganiseerde misdaad en die vestiging van 'n geïntegreerde en sentrale inligtingsentrum by die polisie.
- Verhoogde polisie sigbaarheid en die toepassing van blou-witlig-aande.
- Vestiging van polisie-taakspanne en snelreaksie-eenhede in brandpuntgebiede.

Die minimum vereistes sal gebruik word in voortgesette gesprekke met die polisie.

VUURWAPENWETGEWING

Die SA Jagtersvereniging het toeligtig aan die Sentrum verskaf oor hul benadering met die omskakeling van die nagenoeg 450 000 groenlisensies na die witlisensie. Hulle aanvaar dat, in Suid-Afrika, slegs 'n enkele en sinvolle proses moet bestaan om die private besit van vuurwapens te bestuur. Die huidige bestel, waar sommige ou lisensies geldig gehou word deur die hofuitspraak van 2009, kan nie vir ewig voortbestaan nie en sal een of ander tyd moet verander.

Dit word ook aanvaar dat diegene wat nog wapens het met die geldige ou (groen) lisensies, wel sal moet voldoen aan die vereistes van die huidige geldige Wet op Beheer van Vuurwapens. Sou die polisie nie bereid wees om in gesprek te tree met die vereniging oor 'n sinvolle proses vir die omskakeling van die groenlisensie nie, sal die vereniging die aansoek van die polisie teëstaan om die interdik van 2009 te onttrek. Die Sentrum het die vereniging ondersteun

for farmers and farmworkers. Theoretical training can now be provided remotely or through e-learning, together with a practical module on firearm handling, street skills and legal aspects. The second part consists of on-the-job training at the station, after which training will be provided outside the station as part of the police's response to complaints. The Centre will continue to monitor the implementation of the reservist system and, where necessary, provide input aimed at promoting the system.

LAND INVASIONS

In the run-up to the provincial elections on 27 October 2021, the Centre expects that political parties will use land invasions for canvassing votes. For this reason, it is important to remind the police that they have a responsibility in terms of National Instruction 7 of 2017 to take action when they receive a complaint regarding trespassing or a land invasion. Provincial affiliates were asked to ensure that the police are sensitised to this during priority committee meetings, and that such incidents are reported to the committees.

ILLEGAL HUNTING WITH DOGS

When suspects are arrested and dogs confiscated during illegal hunting operations, the safe accommodation of dogs (as SAPS-13 evidence) poses a problem. During a meeting with the police, it was decided to appoint a task team, in which Agri SA would be represented, to address the problem and to consider the possibility of developing a national instruction in this regard.

A process was followed to obtain a mandate from the National Commissioner to enter into discussions with the Society for the Prevention of Cruelty to Animals (SPCA) for the accommodation of these dogs, as well as the tariff to be paid by the police. The current arrangement is that the local police station can negotiate according to the normal procedure with a local organisation to accommodate the dogs as evidence until the case has been finalised.

The National Commissioner granted permission for discussions between the task team and the SPCA with a view to reaching an agreement at national level on the accommodation of confiscated dogs. After an agreement is reached, the provincial commissioners will have to reach similar agreements with their provincial SPCAs, because the national SPCA has no jurisdiction over provincial SPCAs. As soon as the agreements have been finalised, progress can be made with the development of a national instruction on how the police will deal with complaints concerning illegal hunting with dogs.

CRIME INTELLIGENCE

After the meeting with the National Commissioner on 5 October 2020, Crime Intelligence met with Agri SA to discuss closer cooperation. It was decided to appoint a small committee that would meet on a structured basis to discuss intelligence-related matters. The committee will consist of representatives of Agri SA's provincial affiliates, the National Stock Theft Forum and TAU SA. It was agreed that the activities of the committee would be

in sy voorgestelde omskakelingsproses van die groenvuurwapen-lisensie na die nuwe bedeling met die witsensie.

RESERVISTEBELEIDSRAMWERK

'n Taakspan van die polisie het, op versoek van die Sentrum, ondersoek ingestel om die reservistestelsel meer toeganklik te maak vir boere en plaaswerkers om daaraan deel te neem. Teoretiese opleiding kan nou by wyse van afstandsonderrig of e-leer geskied, met 'n praktiese module oor vuurwapenhantering, straatvaardighede en wetlike aspekte. Die tweede gedeelte is indiensopleiding by die stasie self en daarna vind opleiding buite die stasie plaas as deel van die reaksie van die polisie op klagtes. Die Sentrum sal voortgaan om die implementering van die reservistestelsel te monitor en, waar nodig, toepaslike insette te lewer ter bevordering van die stelsel.

GRONDBESETTINGS


In aanloop tot die provinsiale verkiesings op 27 Oktober 2021, verwag die Sentrum dat politieke partye die kwessie van grondbesettings kan gebruik in stemwerwing. Dit is daarom nodig dat die hantering van grondbesettings deur die polisie op prioriteitkomitee-sakelyste geplaas moet word en dat die polisie daarop gewys moet word dat hulle 'n verantwoordelikheid het, in terme van die Nasionale Instruksie nommer 7 van 2017, om op te tree wanneer 'n klagte gelê word van betreding en grondbesettings. Provinsiale affiliasies is versoek om toe te sien dat die polisie hieroor gesensiteer word tydens prioriteitsvergaderings en dat voorvalle in dié verband aan die komitees gerapporteer word.

ONWETTIGE JAG MET HONDE

Wanneer verdagtes gearresteer en honde gekonfiskeer word tydens onwettige jagtogte, is dit tans 'n probleem oor waar die honde in veilige bewaring (as 'n SAPS 13-bewysstuk) aangehou kan word. Tydens 'n gesprek met die polisie is besluit om 'n taakspan, waarvan Agri SA deel uitmaak, daar te stel om die probleem aan te spreek en die moontlikheid te ondersoek om 'n nasionale instruksie te ontwikkel.

'n Proses is gevolg om 'n mandaat van die nasionale kommissaris te kry om in gesprek te tree met die nasionale dierebeskermingsvereniging (DBV) vir die huisvesting van hierdie honde asook die tarief wat deur die polisie betaal sal word. Die reëling is tans dat die plaaslike polisieestasie deur hul normale prosedure met 'n plaaslike instansie kan onderhandel oor die aanhou van die honde as bewysstuk totdat die saak afgehandel is.

Die nasionale kommissaris het toestemming gegee vir gesprekke deur die taakspan met die DBV om 'n ooreenkoms te bereik oor die aanhouding van gekonfiskeerde honde op 'n nasionale vlak. Ná bereiking van die ooreenkoms sal provinsiale kommissarisse soortgelyke ooreenkoms met hul provinsiale DBV moet bereik, aangesien die nasionale DBV geen bevoegdheid het oor provinsiale DBV's nie. Sodra al die ooreenkoms gefinaliseer is, sal daar dan gevorder kan word met die ontwikkeling van 'n nasionale instruksie oor die hantering van klagtes deur die polisie oor die onwettige jag met honde.



conducted on a confidential basis and that information of such activities would not be disclosed. Dates for a follow-up meeting must be finalised.

FORENSIC INVESTIGATIONS

The contractual problems experienced with the service provider for the analysis of animal DNA samples resulted in such cases not progressing in the courts. This gave rise to a backlog in the analysis of all DNA samples. According to the feedback that the minister provided to the Portfolio Committee on Police, there is currently a backlog of 200 000 samples that still have to be analysed. The police also told the portfolio committee that special arrangements had been made for the analysis of human DNA samples. During a priority committee meeting, the police at provincial level were requested to give priority to DNA samples because it would still take some time to work through the backlog.

SANRAL CAMERA AGREEMENT

A meeting took place with SANRAL in July 2020 to discuss the development of an agreement in terms of which farmer associations can legally install camera systems along reserves of national roads that fall under SANRAL's control. All camera systems installed along the roads without SANRAL's consent, are considered illegal, and the owners thereof can be held responsible for removing them. The agreement includes all nine provincial affiliates.

After the General Affairs Chamber had considered the agreement, Agri SA's board of directors approved it for sign-off on the recommendation of the Chamber. The agreement now makes provision for a modus operandi according to which farmer associations can apply for the legal installation of cameras on reserves along national roads. Agri Eastern Cape was thanked for their support during discussions with SANRAL and finalisation of the agreement.

PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT

The Protection of Personal Information Act recognised the right to privacy, as enshrined in section 14 of the Constitution. The legislation, which came into effect on 1 July 2020, states that processing of all personal information must comply with the provisions of the act within one year after it becomes effective. Agri SA compiled guidelines in this regard, including a policy on the use of personal information gathered by way of CCTV cameras. These guidelines were made available to all members of Agri SA.

It is important to erect warning signs where CCTV cameras are used so that people are aware of them. According to available information, the police have already received enquiries from individuals regarding the installation of cameras and possible invasion of privacy. The Centre has expressed concern over members' handling of personal information gathered via camera systems and shared on social media platforms such as WhatsApp. It is important to look closely at the dissemination of information to ensure that it complies with the provisions of the Act. With a

MISDAADINTELLIGENSIE

Ná afloop van die gesprek met die Nasionale Kommissaris op 5 Oktober 2020 het Misdaadintelligensie 'n gesprek met Agri SA gehad oor nouer samewerking. Daar is besluit om 'n klein komitee in die lewe te roep om op 'n gestruktureerde basis te vergader om intelligensie-aspekte te bespreek. Die komitee sal bestaan uit verteenwoordigers van Agri SA se provinsiale affiliasies, die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum en TLU SA. Daar word ooreengekom dat die werksaamhede van die komitee op 'n vertroulike basis gehanteer sal word en dat inligting oor die werksaamhede van die komitee nie versprei sal word nie. Datumreëlings vir 'n opvolgvergadering moet gefinaliseer word.

FORENSIESE ONDERSOEKE

Die kontraktuele probleme met die diensverskaffer vir die ontleding van diere se DNA-monsters het tot gevolg gehad dat sulke sake nie in die howe vorder nie. Dit het aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n groot agterstand in die ontleding van alle DNA-monsters. In die minister se terugvoer aan die Portefeuljekomitee van Polisie is daar tans 'n agterstand van meer as 200 000 monsters wat ontleed moet word. Volgens terugvoer van die polisie is die kontraktuele probleme uitgesorteer en kan die monsters nou ontleed word. Die polisie het ook aan die Portefeuljekomitee van die polisie gerapporteer dat spesiale reëlings getref is vir die ontleding van menslike DNA-monsters. Tydens 'n prioriteitskomiteevergadering is die polisie op provinsiale vlak versoek om prioriteite toe te ken aan DNA-monsters vir ontleding, aangesien dit nog 'n tyd sal neem om die agterstand weg te werk.

SANRAL-KAMERA-OOREENKOMS

Gesprekke het sedert Julie 2020 met SANRAL plaasgevind vir die ontwikkeling van 'n ooreenkoms waarvolgens boereverenigings op 'n wettige wyse kamerastelsels in die padreserwe van nasionale paaie wat onder die beheer van SANRAL val, kan oprig. Alle kamerastelsels wat op die paaie opgerig word sonder die eksplisiete goedkeuring van SANRAL is onwettig en die eienaars daarvan kan aanspreeklik gehou word om dit te verwyder.

Die ooreenkoms sluit al nege provinsiale affiliasies in en, nadat die Algemene Sakekamer die ooreenkoms oorweeg het, het Agri SA se direksie die ooreenkoms goedgekeur vir ondertekening op aanbeveling van die Kamer. Die ooreenkoms maak nou voorsiening vir 'n werkswyse waarvolgens boereverenigings kan aansoek doen vir die wettige oprigting van die kameras in die padreserwe van nasionale paaie. Agri Oos-Kaap word bedank vir hul ondersteuning in die gesprekke met SANRAL en die finalisering van die ooreenkoms.

WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting gee erkenning aan die reg tot privaatheid, soos omskryf in artikel 14 van die Grondwet. Die wet het in werking getree op 1 Julie 2020 en die prosering van alle persoonlike inligting moet binne een jaar ná



view to rural safety, a guideline document is being compiled on the gathering of personal information via cameras systems and disclosure thereof on social media.

HATE-SPEECH COMPLAINT

Following the actions of the EFF during court proceedings in Senekal, Agri SA on 27 October 2020 lodged a hate-speech complaint with the Human Rights Commission (HRC) and a similar complaint with the Independent Electoral Commission (IEC). During a meeting with the HRC, Agri SA was informed that the complaint was being investigated by the HRC office in the Free State. The IEC also confirmed in writing that the complaint was being investigated. The Centre will now request written answers from both organisations regarding a deadline within which this must take place. Depending on the answer, Agri SA will decide on further steps in this regard in consultation with its legal department.

INDEPENDENT ELECTORAL COMMISSION

On 3 March 2021, Agri SA, other role players within organised agriculture, and trade unions attended an information session hosted by the Independent Electoral Commission (IEC) to provide information on the upcoming municipal elections. The IEC provided elucidation on the enforcement of the Electoral Act and how to deal with financial donations to political parties. During the discussion, mention was also made of the protocol that has been in existence since 2014.

After the discussion, the IEC proposed amendments to the protocol that were not acceptable to the Centre. Participants in the discussion had until end April 2021 to comment on the proposed wording of the protocol. The Centre has already submitted commentary, which basically includes the wording to the previous protocol, with an additional clause that makes provision for compliance with Covid-19 regulations when visiting farms. Feedback is currently awaited from the IEC.

BILLS

The Police Amendment Bill, 2020: The amendment bill consists of approximately 119 pages and focuses mainly on the submission of commentary on aspects relating to rural safety. The recommendations of the National Development Plan were also included in the commentary. The draft commentary was forwarded to Agri SA's member organisations for further inputs. The Centre's commentary was submitted, and the legislative process will be scrutinised for further amendments.

The Centre also commented on the Victim Support Services Bill, 2019, which relates to the rights of an arrested person in terms of section 35 of the Constitution. The bill was welcomed because it serves as step forward in addressing the challenges that victims face.

die inwerkingtreding daarvan geskied, volgens die voorskrifte van die wet. Agri SA het riglyne saamgestel oor die wet, wat insluit 'n beleid oor die aanwending van persoonlike inligting wat ingesamel word deur CCTV-kameras. Hierdie riglyne is aan alle lede van Agri SA beskikbaar gemaak.

Dit is belangrik dat waarskuwingsborde opgerig word waar CCTV-kameras in gebruik is om mense in te lig oor die gebruik daarvan. Volgens inligting het die polisie reeds navrae van individue ontvang oor die oprigting van kameras en die moontlike inbreek daarvan op hul privaatheid. Die Sentrum het sy kommer uitgespreek oor lede se hantering van persoonlike inligting wat deur kamerastelsels ingesamel word en inligting wat deur sosiale-media platforms, soos WhatsApp, versprei word. Daar sal sorgvuldig gekyk moet word na die verspreiding van die inligting sodat dit aan die vereistes van die wet voldoen. 'n Riglyndokument word saamgestel in terme van landelike veiligheid oor die versameling en verspreiding van persoonlike inligting deur kamerastelsels en sosiale-media-platforms.

HAATSPRAAKKLAGTE

Agri SA het op 27 Oktober 2020, na aanleiding van die optrede van die EFF tydens die hofverrigtinge in Senekal, 'n haatspraakklage by die Menseregtekommissie (MRK) gelê asook 'n soortgelyke klage by die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK). Tydens 'n gesprek met die MRK is Agri SA ingelig dat die klage deur die MRK se kantoor in die Vrystaat ondersoek word. Die OVK het skriftelik ook bevestig dat die klage ondersoek word. Die Sentrum sal nou skriftelik antwoorde van beide organisasies versoek, met 'n keurdatum waarbinne dit moet geskied. Na gelang van die antwoord sal daar in oorleg met Agri SA se regsafdeling oor verdere optrede besin word.

ONAFHANKLIKE VERKIESINGSKOMMISSIE

Agri SA, ander rolspelers in georganiseerde landbou en vakbonde het op 3 Maart 2021 'n inligtingsessie bygewoon wat deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) gereël is om toeligting te verskaf oor die komende munisipale verkiesings. Die OVK het toeligting verskaf oor die toepassing van die Kieswet asook die hantering van finansiële skenkings aan politieke partye. Tydens die gesprek het die protokol wat reeds sedert 2014 bestaan, ter sprake gekom.

Die OVK het ná afloop van die gesprek wysigings aan die protokol voorgestel wat nie vir die Sentrum aanvaarbaar was nie. Deelnemers aan die gesprek het tot einde April 2021 kans gehad om kommentaar oor die voorgestelde bewoording van die protokol te lewer. Die Sentrum het reeds sy kommentaar ingedien, wat basies die vorige protokol se bewoording insluit, met 'n addisionele klousule waarin voorsiening gemaak word vir die nakoming van Covid-19-regulasies wanneer plase besoek word. Terugvoering van die OVK word tans afgewag.

WETSONTWERPE

Die Polisie wysigingswetsontwerp van 2020: Die wysigingswetsontwerp het nagenoeg 119 bladsye beslaan en daar is



LEGAL INFORMATION DOCUMENT

The Centre has compiled a list of legal aspects with which members have to deal on a daily basis. The Centre will now compile a manual to address these legal aspects individually in a practical manner and provide members with guidance on how to act in such instances. To this end, MacRobert Attorneys were approached. They agreed to assist in the compilation of such a document.

Further discussions will be conducted with MacRobert Attorneys, with a request that their online platform – where information regarding other legal aspects, such as contracts, legal documents and various questions and answers, can be posted – be made available to members. The content of the manual can also be made available on the platform. Consideration is being given to a dedicated section on the platform where agriculture-specific legal aspects can be made available. Further attention is also given to the inclusion of a list of available attorneys on the platform who can be used by members as needed.

PRIVATE SECURITY INITIATIVES

During the report year, the Centre received various submissions from private organisations such as the SA Agricultural Crime Prevention Institute, Specialised Service Solutions of Mike Bolhuis and Fidelity ADT. All these organisations can offer some or other service to the farming community to improve farm safety. The Centre has been approached by numerous private organisations that wish to offer services to the farming community and in most cases are seeking Agri SA's support in this regard. These requests are carefully considered before the companies are granted an interview or opportunity to make presentations. Afterwards a decision has to be made as to whether the service will benefit the organisation and members at grassroots level.

TECHNOLOGY

During the report period, the Centre looked at technology that would offer a cost-saving for members and can be used in emergency situations, as well as at the integration of various technologies on one platform. The technology entails the Syntell software, which is available to farmer associations at an affordable price and could save costs. This information has already been made available to provincial affiliates so that they can enter into agreements on an individual basis.

The Centre's executive committee and some members of provincial affiliates are currently testing the AgriTrec panic button, which can be used to send a message, together with a GPS coordinate, in order to elicit a response. The TraxBox platform is being evaluated in conjunction with Agri Limpopo and TAU SA North in Limpopo. The platform has the capability to integrate a variety of technologies and to make the information available to various role players.

TRAUMA NETWORK

During a church meeting at the end of 2020, the extent of trauma suffered by farm attack victims was discussed. The

hoofsaaklik gekonsentreer om kommentaar te lewer op daardie aspekte wat van belang is vir landelike veiligheid. Aanbevelings van die Nasionale Ontwikkelingsplan is ook in die kommentaar ingesluit. Die konsepkommentaar is aan Agri SA se lede-organisasies voorsien vir verdere insette. Die Sentrum se kommentaar is ingedien en die wetgewende proses sal dopgehou word vir verdere wysigings.

Die Sentrum het ook kommentaar gelewer op die Slagoffer-ondersteuningsdienstewetsontwerp van 2019, wat verband hou met die regte van 'n gearresteerde in terme van artikel 35 van die Grondwet. Die wetsontwerp is verwelkom aangesien dit 'n tree nader is om die uitdagings waarmee 'n slagoffer te make het, aan te spreek.

REGSINLIGTINGDOKUMENT

Die Sentrum het 'n lys van regsaspekte saamgestel waarmee lede daaglik te make het. Die Sentrum sal nou 'n handleiding saamstel waarin die regsaspekte individueel op 'n praktiese wyse aangespreek word om leiding aan lede te gee oor hoe om op te tree in sodanige gevalle. In dié verband is McRobert Prokureurs genader om die dokument saam te stel, wat aangedui het dat hulle daarmee behulpsaam sal wees.

Verdere gesprekke sal met McRobert Prokureurs gevoer word om hul aanlynplatform, waarop inligting oor ander regsaspekte soos kontrakte, regsdokumente en 'n verskeidenheid van vrae en antwoorde geplaas word, tot die beskikking van lede te stel. Die inhoud van die handleiding kan ook op die platform beskikbaar gestel word. Oorweging word geskenk om 'n toegewyde landbougedeelte op die platform te skep, waarop landbouspesifieke regsaspekte beskikbaar gestel kan word. Verder word aandag geskenk om 'n lys van beskikbare prokureurs op die platform beskikbaar te kan stel, wat lede na behoefte kan gebruik.

PRIVAATVEILIGHEIDSINISIATIEWE

Die Sentrum het tydens die verslagtydperk verskeie voorleggings ontvang van privaatinstanties, soos die SA Agricultural Crime Prevention Institute, Specialised Service Solutions van Mike Bolhuis en Fidelity ADT. Al die instanties verskaf op die een of ander wyse 'n diens aan die boerderygemeenskap waardeur plaasveiligheid bevorder kan word. Die Sentrum word oorval deur privaatinstanties wat 'n diens aan die landbougemeenskap wil lewer en in die meeste gevalle Agri SA se ondersteuning daarvoor soek. Versoeke van privaatinstanties in dié verband behoort sorgvuldig oorweeg te word voordat onderhoude of voorleggings aan hulle toegestaan word en dan moet daar ook geoordeel word of dit tot voordeel van die organisasie en die lid op grondvlak is.

TEGNOLOGIE

Gedurende die verslagtydperk het die Sentrum aandag gegee aan tegnologie wat kostebesparend kan wees vir lede, in noodsituasies gebruik kan word asook die integrering van verskeie tegnologieë op een platform. Die tegnologie behels die Syntell-sagteware wat teen 'n bekostigbare prys aan boereverenigings beskikbaar is en kostebesparend kan wees. Hierdie inligting is reeds aan



Handwritten text in a cursive script, partially obscured by the green watercolor splash.





Handwritten text in a cursive script, partially obscured by the circular inset and the cow illustration.

CENTRE OF EXCELLENCE | SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

NATURAL RESOURCES • NATUURLIKE HULPBRONNE



Willem Symington
Chairman
Voorsitter

Willem Symington served as chair of the Centre of Excellence: Natural Resources. He was assisted by Hannes de Wet as deputy chair and Laubscher Coetzee and Daan van der Merwe as additional members. Janse Rabie was the functionary.

WATER AFFAIRS

Agri SA again affirmed its position as the leading body concerning water policy development and management for the South African agricultural sector over the past 12 months.

Raw water tariff negotiations

Agri SA participated in the annual sector-specific and national raw water tariff consultations regarding tariff increases for the 2022/23 financial year. Agri SA made submissions concerning disproportionately high tariffs raised at certain (historic) state water schemes and has since met with the Department of Water and Sanitation to address the issue.

Voluntary water fund

Agri SA manages a voluntary water fund (VWF), to which various irrigation boards and water user associations across the country contribute. The purpose of the fund is to address agricultural water issues that have a significant impact on irrigation agriculture, especially those of national interest.

During 2021 funds from the VWF were utilised to contribute to the legal fees in respect of two court cases pertaining to the permanent and temporary transfers of water use entitlements and a water quality testing and action project regarding water quality along the Lower Orange River (Gariepwatch).

The fact that institutions continue to contribute to this voluntary fund during the current economic downturn underscores the importance of Agri SA's role with respect to the sector's water interests.

Willem Symington dien as voorsitter van die Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne. Hy word bygestaan deur Hannes de Wet as ondervoorsitter, met Laubscher Coetzee en Daan van der Merwe as addisionele lede. Janse Rabie dien as funksionaris.

WATERSAKE

Agri SA het oor die afgelope 12 maande weer eens sy posisie as leier in beleidsontwikkeling en bestuur van water vir die Suid-Afrikaanse landbousektor bevestig.

Rouwatertarief-onderhandelinge

Agri SA het deelgeneem aan die jaarlikse sektor-spesifieke en nasaionale rouwater tarief-onderhandelinge vir die 2022/23 finansieële jaar. Agri SA het voorleggings gemaak ten opsigte van buitensporige hoë tariewe wat gehê word ten opsigte van sekere (historiese) staatswaterskemas en het sedertdien met die Departement van Water en Sanitasie vergader om die kwessie aan te spreek.

Vrywillige waterfonds

Agri SA bestuur 'n vrywillige waterfonds (VWF), waartoe verskeie besproeiingsrade en watergebruikersverenigings oor die land heen bydra. Die doel van die fonds is om landbouwater-aangeleenthede wat 'n aansienlike uitwerking op besproeiingslandbou het, veral dié wat van nasionale belang is, aan te spreek.

Gedurende 2021 is fondse vanuit die VWF aangewend om 'n bydrae te maak tot regsgelede ten opsigte van twee hofsake rondom die permanente en tydelike oordrag van watergebruiksregte, asook vir 'n watergehaltetoetsing- en aksieprojek langs die Benede-Oranjerivier (Gariepwatch).

Die feit dat verskeie instellings steeds tot die fonds bydra, ten spyte van huidige ekonomiese omstandighede, beklemtoon die belangrikheid van Agri SA se rol met betrekking tot die sektor se waterbelange.

Pro-active solutions to deteriorating water quality

The deterioration of water quality and its implications for agriculture is a significant concern to Agri SA. To ensure the issue of pollution is addressed, Agri SA continuously calls upon the department of water and sanitation (DWS) to improve its monitoring, enforcement and reporting functions with respect to water quality throughout the country. Implementation of resource classification and resource quality objectives are a few examples thereof.

Agri SA is actively involved in a project concerning the deteriorating quality of water in the Lower Orange River. Through participation in a broadly inclusive grouping known as Gariepwatch, water quality monitoring and testing is conducted along a large section of the river by an external accredited service provider and laboratory.

All relevant stakeholders, including organised agriculture, the relevant national, provincial and local authorities and role players (including the department of health and the South African Local Government Association) are included in this initiative, which is intended to provide evidence-based solutions to a very significant problem. While the ambit of the Gariepwatch initiative is currently limited to the Lower Orange River, success in this project indicates a truly viable model through which deteriorating water quality may be addressed throughout South Africa.

Quarterly meetings with the department of water and sanitation

The DWS, as the regulator and custodian of water resources, is a vital role player in the water sector. Agri SA holds quarterly meetings with the DWS during which events we engage with government on water-related issues of concern to the agricultural sector. During the past 12 months this included flood management procedures for the Vaal and Orange River Catchments and water licensing procedures.

Good cooperation does not necessarily imply we always agreed with one another, but where we differed with the government on certain issues over the past year, such differences were conveyed and discussed through good mutual communication and regular engagements. This approach has paved the way for Agri SA to protect agricultural interests and promote the agricultural perspective.

Summit meeting with Minister Lindiwe Sisulu

On 10 February 2020, the minister of human settlements, water and sanitation, Minister Lindiwe Sisulu, convened a summit meeting with Agri SA to discuss developments concerning the implementation of the National Water and Sanitation Master Plan (NWSMP). The NWSMP is a vital policy instrument outlining the department's vision regarding water governance and management up to 2030 and beyond. Agri SA was actively involved in the development of this plan.

While there are definite positive aspects such as insights into what is planned over the next decades, with specific dates attached thereto, there are also elements of uncertainty,

Proaktiewe oplossings vir verswakende watergehalte

Die agteruitgang van watergehalte en die implikasies daarvan vir die landbou is 'n bron van groot kommer vir Agri SA. Om te verseker dat besoedeling aangespreek word, doen Agri SA herhaaldelik 'n beroep op die DWS om sy monitoring-, afdwinging- en verslagdoeningsfunksies rondom watergehalte oral in die land op te skerp. Voorbeelde hiervan sluit in die implementering van hulpbronklassifikasie asook -geheldoelwitte.

Agri SA is aktief betrokke by 'n projek om die verswakende watergehalte in die Benede-Oranjerivier aan te spreek. Deur middel van die inklusiewe groepering wat bekend staan as Gariepwatch, word watergehalte langs 'n groot deel van die rivier deur 'n eksterne geakkrediteerde diensverskaffer en laboratorium gemonitor en getoets.

Alle belanghebbendes, insluitend georganiseerde landbou en die betrokke nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede en rolspelers (insluitend die departement van gesondheid en die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging) neem deel aan hierdie inisiatief, waarmee daar beoog word om bewysgebaseerde oplossings vir 'n uiters ernstige probleem te vind. Hoewel die omvang van die Gariepwatch-inisiatief tans beperk is tot die Benede-Oranjerivier dui sukses in hierdie projek op 'n werklike lewensvatbare model waardeur verswakte watergehalte in Suid-Afrika aangespreek kan word.

Kwartaallikse vergaderings met die departement van water en sanitasie

Die DWS, as die reguleerder en bewaarder van waterhulpbronne, is 'n noodsaaklike rolspeler in die watersektor. Agri SA vergader kwartaalliks met die DWS, waar gesprekke fokus op waterverwante aangeleenthede wat van belang vir die landbousektor is. Oor die afgelope 12 maande het dit ook vloedbestuursprosedures vir die Vaal- en Oranjerivier-opvanggebiede en waterlisensieringsprosedures ingesluit.

Goeie samewerking impliseer nie noodwendig dat ons altyd met mekaar saamstem nie, maar waar ons in die verlede met die regering verskil het oor sekere dinge, is sodanige verskille uitgelig en bespreek deur middel van goeie wedersydse kommunikasie en gereelde skakeling. Hierdie benadering het die weg gebaan vir Agri SA om sy lede se landboubelange te beskerm en die landbouerspektief te bevorder.

Beraad met minister Lindiwe Sisulu

Die minister van menslike nedersettings, water en sanitasie, me Lindiwe Sisulu, het op 10 Februarie 2020 met Agri SA vergader om verwikkelinge rondom die implementering van die Nasionale Water- en Sanitasie-meesterplan (NWSMP) te bespreek. Die NWSMP is uiters noodsaaklik as beleidsinstrument en skets die departement se visie vir waterbeheer en -bestuur tot en met 2030 en daarna. Agri SA was aktief betrokke by die ontwikkeling van hierdie plan.



including proposed new institutional developments. Importantly, however, through the NWSMP we have a clear indication of the government's direction and plans when it comes to water resource and infrastructure management in South Africa, which we can engage with the DWS upon going forward.

Transferability of water use entitlements

In 2017 the DWS adopted a revised policy position and instruction asserting that the National Water Act (NWA) cannot be interpreted as to allow for the private trading in water use entitlements. Agri SA consistently maintained that the provisions of section 25 of the NWA require the active participation of the minister of water and sanitation and/or the local water management institution where water use entitlements are transferred. The purported notion of private bi-lateral transactions was not the matter at stake. At the heart of the matter lies the efficient use of water through the surrender of existing entitlements to facilitate more appropriate water uses through licensing (i.e. the active participation of the DWS being implicit).

Agri SA's Voluntary Water Fund is funding the legal costs of two matters (*Lötter and Wiid*) dealing with issue. The matters were argued before the Supreme Court of Appeal on 20 August 2021. (*At the time of publication of this annual report, judgement was still reserved).

ENVIRONMENTAL AFFAIRS

Shale-gas development

Agri SA's Natural Resources Centre of Excellence remains at the forefront of opposing the proposed establishment of an onshore shale-gas industry in South Africa. Agri SA maintains that, in the absence of information as to the availability of water and details as to how contaminated soil and water will be treated and disposed of, it cannot endorse or support the proposed creation of a shale-gas industry in South Africa.

Agri SA approached by consultants appointed by the Petroleum Association of South Africa for support in their undertaking a groundwater quality monitoring network study in the Central Karoo for the area currently under an exploration right application for shale gas. Agri SA informed affiliates of the circumstances surrounding the proposed study.

Biological control of alien and invasive species

Agri SA actively supported the Centre for Biological Control and Rhodes University in programmes to introduce biological control measures to manage alien and invasive species, including the management of *Prosopis* species, particularly in the Northern Cape.



Terwyl daar ongetwyfeld positiewe aspekte is, soos insigte oor wat beplan word vir die volgende paar dekades, gekoppel aan spesifieke sperdatums, is daar ook elemente van onsekerheid, insluitend voorgestelde nuwe institusionele verwickelinge. Van belang is egter dat die NWSMP 'n duidelike aanduiding bied van die regering se beleidsrigting en planne wanneer dit kom by waterhulpbron- en infrastruktuurbestuur in Suid-Afrika. Dit is iets waaroor ons vorentoe met die DWS kan gesels.

Oordraagbaarheid van watergebruiksregte

In 2017 het die DWS 'n gewysigde beleidsposisie ingeneem, insluitend 'n instruksie dat die Nasionale Waterwet (NWA) nie vertolk kan word op 'n wyse wat private handel in watergebruiksregte toelaat nie. Agri SA se standpunt was deurlopend dat, ingevolge die bepalings van artikel 25 van die NWA, die deelname van die minister van water en sanitasie en/of die plaaslike waterbestuursinstansie vereis word waar watergebruiksregte oorgedra word. Die kwessie van beweerde private bilaterale transaksies was nie ter sprake nie. Sentraal tot die aangeleentheid is die doeltreffende gebruik van water deur oorgawe van bestaande regte ten einde meer gepaste watergebruike deur middel van lisensiering te bewerkstellig (d.w.s. die aktiewe deelname van die DWS is implisiet).

Agri SA se Vrywillige Waterfonds befonds die regskostes van twee hofsake (*Lötter en Wiid*) waarin die kwessie ter sake kom. Die sake is op 20 Augustus 2021 in die Hoërhof van Appèl aangehoor. (*Uitspraak was ten tye van die publiserings van die jaarverslag nog voorbehou).

OMGEWINGSAKE

Skaliegas-ontwikkeling

Agri SA se Sentrum van Uitnemendheid: Natuurlike Hulpbronne bly aan die voerpunt van die stryd om die voorgestelde daarstelling van 'n binnelandse skaliegasbedryf in Suid-Afrika teë te staan. Agri SA is van mening dat, in die afwesigheid van inligting oor die beskikbaarheid van water en besonderhede oor hoe besmette grond en water behandel en verwyder sal word, die organisasie nie die voorgestelde ontwikkeling van 'n skaliegasbedryf in Suid-Afrika kan onderskryf of ondersteun nie.

Agri SA is genader deur konsultante wat aangestel is deur die Petroleumvereniging van Suid-Afrika vir ondersteuning van hul grondwatergehalte-moniteringsnetwerkstudie in die Sentrale Karoo met betrekking tot die gebied wat tans onderhewig is aan 'n eksplorasierig-aansoek vir skaliegas. Agri SA het sy affiliasies ingelig oor die omstandighede rondom die voorgestelde studie.

Biologiese beheer oor vreemde en indringerspesies

Agri SA het aktiewe ondersteuning verleen aan die Sentrum vir Biologiese Beheer en Rhodes-Universiteit se programme vir die daarstelling van biologiese beheermaatreëls om vreemde en indringerspesies te beheer, met inbegrip van *Prosopis*-spesies, veral in die Noord-Kaap.

RISK AND DISASTER UNIT

The strategic focus of Agri SA's Risk and Disaster Unit are, amongst others, the set-up of a Disaster Relief Foundation, to be a fully independent unit by December 2021, climate change, risk and disasters within agriculture, legislative and policy development as well as media management and advocacy.

RISKS

Drought

In March 2020 a national drought disaster was declared by the department of cooperative governance and traditional leaders (COGTA). Agri SA requested to extend the drought declaration from 4 June 2020 with a month as permitted by the Disaster Management Act. Agri SA has also called on the government to provide financial assistance to farmers who are affected by the drought in the form of stock feed, water infrastructure, drills, equipment, upgrading of boreholes and other interventions that could help to soften the burden of those who are suffering. The department ringfenced R139 million to assist farmers in drought-stricken areas. Financial aid was distributed as follows for drought relief per province:

Province	R million
Northern Cape	R36m
Western Cape	R25m
Eastern Cape	R35m
Limpopo	R18.5m
Mpumalanga	R12.5m
North West	R8m
KwaZulu-Natal	R4m

Drought conditions in many parts of South Africa still have a severe impact on the sustainability of farms. Farmers in the Northern Cape, Western Cape, Eastern Cape and Limpopo are still under threat by the continuous drought. Agri SA, in partnership with Engen, ran a promotion on Engen Lubricants. A portion of the sales in the promotion period was donated to Agri SA's drought relief funds. A contribution of R700 000 was donated by Engen at Agri SA's congress and was used to brought relief where it was needed most.

RISIKO- EN RAMPEENHEID

Die strategiese fokus van Agri SA se Risiko- en Rampeenheid is onder meer die daarstelling van 'n Ramphulpstigting as ten volle onafhanklike eenheid teen Desember 2021; klimaatsverandering, risiko's en rampe in die landbousektor; die ontwikkeling van wetgewing en beleid, asook mediabestuur en voorspraakmaking.

RISIKO'S

Droogte

In Maart 2020 het die departement van samewerkende regering en tradisionele sake (CoGTA) die droogte as 'n nasionale ramp verklaar. Agri SA het gevra dat die tydperk van die rampverklaring vanaf 4 Junie 2020 met 'n maand verleng word, soos veroorloof deur die Wet op Rampbestuur. Agri SA het ook 'n beroep gedoen op die regering om finansiële hulp aan boere, wat geraak is deur die droogte, te voorsien in die vorm van veevoer, waterinfrastruktuur, boortoerusting, opgradering van boorgate en ander ingrypings wat kan help om die las van diegene wat swaarkry te verlig. Die departement het R139 miljoen opsy gesit om boere in droogtegeteisterde gebiede te help. Finansiële bystand is soos volg versprei vir droogtehelp per provinsie:

Provinsie	R miljoen
Noord-Kaap	R36m
Wes-Kaap	R25m
Oos-Kaap	R35m
Limpopo	R18.5m
Mpumalanga	R12.5m
Noordwes	R8m
KwaZulu-Natal	R4m

Droogtetoestande in menige dele van Suid-Afrika het steeds 'n ernstige uitwerking op die volhoubaarheid van boere. Boere in die Noord-Kaap, Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo word steeds geteister deur voortsepende droogtetoestande. Agri SA, in vennootskap met Engen, het 'n promosieveldtog met Engen Lubricants onderneem. 'n Gedeelte van verkope gedurende die promotie tydperk is aan Agri SA se droogtehelpfondse geskenk. 'n Bydrae van R700 000 is deur Engen gemaak tydens Agri SA se kongres en is aangewend vir droogtehelp waar die grootste nood geïdentifiseer is.

Fires

Veld fires in the Free State destroyed almost 100 000 hectares of pastures, with farmers losing large numbers of livestock and infrastructure in the fires, which were carried by strong winds. The inferno started from 18-19 October 2020 in the vicinity of Dealesville, Bultfontein and Hoopstad. Veld fires also caused damage in North West as well as Northern Cape.

Agri SA submitted an independent report to the National Disaster Management Centre (NDMC) on damages incurred by the farming community.

Agri SA distributed more than R500 000 to affected provinces to assist the farming community.

Floods

In February 2021 a national state of disaster was declared by COGTA due to tropical storm Eloise and summer seasonal rains. Agri SA conducted a survey amongst members to determine the extent of the damage caused. The aim of submitting the information was to request the NDMC and the department of agriculture, land reform and rural development (DALRRD) to consider the impact this flood had on the agricultural sector, and to request budget allocation to address the economic damages caused. Agri SA offered to assist the department on further assessments. Agri SA is awaiting information from the department of agriculture on the budget allocation for relief in the agricultural sector.

Due to roads heavily damaged we submitted a report to SANRAL, containing the names and numbers of such roads.

The NDMC requested that affiliated members follow up with the respective provincial disaster management centres on budget allocations.

Locusts

Locusts outbreaks have been reported in the Northern Cape, Eastern Cape and Free State mainly due to the good rains they received and favourable weather conditions for swarms. The national department of agriculture is responsible to contain locusts outbreaks. Agri SA has been engaging with the department to ensure the effective management of the outbreaks and to streamline communication between farmers and the department where issues arise.

Covid-19

Agri SA has been keeping members up to date with the latest developments on Covid-19 regulations and the progress on the national roll-out of the vaccination program. Agri SA, through its membership with Business Unity South Africa (BUSA), has been advocating to ensure that the agricultural sector is prioritised in the vaccination drive.

Brande

Veldbrande in die Vrystaat het nagenoeg 100 000 ha weiveld vernietig, waar boere groot getalle vee asook infrastruktuur verloor het weens veldbrande wat deur sterk winde versprei is. Die inferno het tussen 18 en 19 Oktober 2021 in die distrikte van Dealesville, Bultfontein en Hoopstad begin, en veldbrande het ook skade in Noordwes en die Noord-Kaap aangerig.

Agri SA het 'n onafhanklike verslag oor die skade wat deur die boeregemeenskap gely is aan die Nasionale Rampbestuursentrum (NDMC) voorgelê.

Agri SA het meer as R500 000 aan die betrokke provinsies beskikbaar gestel om die boeregemeenskap te help.

Vloede

In Februarie 2021 het CoGTA 'n nasionale ramp verklaar as gevolg van die tropiese storm Eloise en seisoenale somerreën. Agri SA het 'n opname onder lede gedoen om die omvang van skade te bepaal. Die doel van hierdie inligting was om die NDMC en die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling (DALRRD) te oorreed om die uitwerking van hierdie vloed op die landbousektor te oorweeg en om te vra vir 'n toewysing uit die begroting om die gevolglike ekonomiese verliese te verlig. Agri SA het aangebied om die departement te help met verdere skadebepalings. Agri SA wag vir inligting vanaf die departement van landbou oor 'n moontlike toewysing vir die landbousektor.

Aangesien paaie erg beskadig is, het ons ook 'n verslag aan SANRAL voorgelê waarin melding gemaak word van die name en nommers van sodanige paaie.

Die NDMC het geaffilieerde lede versoek om met die onderskeie provinsiale rampbestuursentrums op te volg rakende toewysings uit die begroting.

Sprinkane

Die voorkoms van sprinkaanswerms is aangemeld in die Noord-Kaap, Oos-Kaap en Vrystaat, hoofsaaklik as gevolg van goeie reëns en gunstige weerstoestande. Aangesien die departement van landbou verantwoordelik is vir sprinkaanbeheer, het Agri SA met die departement geskakel om doeltreffende bestuur van swerms te verseker en om kommunikasie tussen boere en die departement te vergemaklik waar sodanige uitbrake voorkom.

Covid-19

Agri SA het sy lede op hoogte gehou van die jongste ontwikkelinge rondom die Covid-19-regulasies en vordering wat gemaak word met die nasionale ontplooiing van die inentingsprogram. Agri SA, via sy lidmaatskap van Besigheidsenheid Suid-Afrika (BUSA), het voorspraak gemaak vir die prioritering van die landbousektor in hierdie verband.

Surplus food aid campaign

Throughout 2020 and 2021, Agri SA and partners distributed almost 330 tons of food aid to food-insecure communities throughout South Africa that were left destitute due to the Covid-19 pandemic and the consequences of weak economic growth.

Risk register

A risk register was compiled by the provincial and commodity chamber on what affiliated members perceive as the biggest risks affecting the agricultural value chain. This was to inform the centre of excellence on the risks that members prioritise within their constituency.

CLIMATE CHANGE

Agri SA intends to adopt a climate change mandate at Congress in 2021, which forms the industry's perspective on climate change.

Agri SA Disaster Relief Foundation

Agri SA's Drought Relief Fund was founded in 2015, which assisted farmers and farmworkers in drought-stricken areas with financial and humanitarian aid.

The need arose due to the government not having the resources or means to alleviate the plight of those affected by drought in the agricultural sector. Since 2015, R30 million has been distributed by Agri SA through its provincial affiliations to farmers and farm workers.

More risks (other than drought) emerged throughout the years, which threatened the sustainability of the value chain. This has led to the establishment of Agri SA's Disaster Relief Foundation (DRF) in 2021.

The Agri SA Disaster Relief Foundation is in process of registering at the South African Revenue Service to provide donors with section 18A tax certificates.

The board of governors of the DRF are Christo van der Rheede, Deidre Carter, Dr Pieter Prinsloo, Dr Charlotte Nkuna, Willem Symington, Janse Rabie and Andrea Campher.



Surplusvoedselhulp-veldtog

Gedurende 2020 en 2021 het Agri SA en sy vennote nagenoeg 330 ton voedselhulp gegee aan gemeenskappe oor Suid-Afrika heen wat weens die Covid-19-pandemie en die gevolge van swak ekonomiese groei hongersnood ervaar het.

Risiko-register

'n Risiko-register ten opsigte van die faktore wat geaffilieerde lede as die grootste risiko's vir die landbouwaardeketting beskou, is deur die Provinsiale Kamer en Bedryfskamer opgestel. Die doel hiervan is om die sentrum van uitnemendheid in te lig oor die risiko's wat lede binne hul gebied prioritiseer.

KLIMAATSVERANDERING

Agri SA beoog om 'n klimaatsveranderingsmandaat tydens sy 2021-kongres goed te keur om die bedryf se perspektief rondom klimaatsverandering te bewoerd.

Agri SA se Ramphulpstigting

Agri SA se Droogtehelpfonds is in 2015 gestig om boere en plaaswerkers in droogtegeteisterde gebiede by te staan met finansiële en humanitêre hulp.

'n Behoefte aan só 'n fonds het ontstaan weens die regering se versuim om voorsiening te maak vir hulpbronne of ander hulp om diegene in die landbousektor te help wat deur die droogte geraak word. Sedert 2015 is R30 miljoen deur Agri SA via sy provinsiale affiliasies aan boere en plaaswerkers versprei.

Verdere risiko's (anders as droogte) het oor die jare ontstaan wat die volhoubaarheid van die waardeketting bedreig. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van Agri SA se Ramphulpstigting (DRF) in 2021.

Die stigting is in die proses om by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens te registreer ten einde skenkers te kan voorsien van artikel 18A-belastingsertifikate.

Die bestuursraad van die DRF bestaan uit Christo van der Rheede, Deidre Carter, Dr Pieter Prinsloo, Dr Charlotte Nkuna, Willem Symington, Janse Rabie en Andrea Campher.



DISASTER RELIEF: 2020/2021 FINANCIAL YEAR

During the past financial year Agri SA responded to requests from its provincial affiliations for assistance on drought-, food and fire aid. The table below gives an overview of the financial assistance by Agri SA.

MAY 2020 - MAY 2021

Item	Date submitted application/ payment made	Province	Type of aid	Amount requested	Amount paid by Agri SA
1.	25.05.2020	Western Cape	Drought aid	R 1 200 000	R 500 000
2.	04.06.2020	Western Cape	Food aid	R 100 000	R 100 000
3.	05.06.2020	Northern Cape	Drought aid	R 400 000	R 400 000
4.	05.06.2020	Eastern Cape	Food aid	R 100 000	R 100 000
5.	05.06.2020	Gauteng (Vaal)	Food aid	R 50 000	R 50 000
6.	05.06.2020	Limpopo	Food aid	R 50 000	R 50 000
7.	12.06.2020	Northern Cape	Food aid	R 100 000	R 95 375.04
8.	24.06.2020	Gauteng (Tshwane)	Food aid	R 110 000	R 110 000
9.	03.08.2020	Free State	Food aid	R 90 000	R 90 000
10.	13.08.2020	Limpopo	Food aid	R 100 000	R 100 000
11.	14.08.2020	North West + FoodForward SA	Food aid	R 110 000	R 110 000
12.	14.08.2020	Northern Cape	Drought aid	R 250 000	R 200 000
13.	11.09.2020	Mpumalanga	Food aid	R 100 000	R 100 000
14.	22.09.2020	Northern Cape	Food aid	R 100 000	R 100 000
15.	12.10.2020	Eastern Cape	Drought aid	R 250 000	R 250 000
16.	21.10.2020	Free State	Fire aid	R 300 000	R 300 000
17.	22.10.2010	Northern Cape	Drought aid	R 375 000	R -
18.	23.10.2020	North West	Fire aid	R 200 000	R 200 000
19.	04.11.2020	Northern Cape	Drought aid	R 400 000	R 400 000
20.	04.11.2020	KwaZulu-Natal	Drought aid	R 589 400	R 200 000
21.	14.12.2020	Western Cape	Drought aid	R 203 808.75	R 200 000
22.	18.02.2021	Western Cape (Agri Gauteng requested)	Drought aid	R 56 350	R 56 350
23.	16.03.2021	Northern Cape	Drought aid	R 400 000	R 200 000
24.	31.03.2021	Gauteng	Food aid	R 20 000	R 20 000
25.	12.05.2021	Eastern Cape (Kwanalu requested)	Drought aid	R 150 000	R 100 000
TOTAL				R 5 600 750	R 3 936 350

RAMPHULP: 2020/2021 FINANSIËLE JAAR

Oor die afgelope finansiële jaar het Agri SA gereageer op versoeke van sy provinsiale affiliasies vir droogte-, voedsel- en brandhulp. Die tabel hieronder bied 'n oorsig van die finansiële hulp wat Agri SA verleen het.

MEI 2020 - MEI 2021

CENTRE OF EXCELLENCE | SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

LABOUR AND DEVELOPMENT • ARBEID EN ONTWIKKELING



Johan Wege
Chairman
Voorsitter

The chairman of the centre is Johan Wege and Roelof Swanepoel serves as deputy chair. The management of the centre is assisted by Lebogang Sethusha.

COVID-19 IN THE WORKPLACE

The worldwide coronavirus outbreak was raised as a matter of concern by members, with specific emphasis on workplace readiness and information-sharing. The Centre of Excellence: Labour and Development undertook to ensure that workplace tips would be developed and shared in poster format in as many languages as possible, to ensure a wide reach of communication.

FUTURE OF WORK PROJECT: JOB CREATION IN THE PRIMARY AGRICULTURAL SECTOR

The study was formulated to identify future-proof approaches to job creation in the primary agricultural sector. The project will include identifying what the future of work in agriculture will look like. Once the future of work in the agricultural sector is established, the study will identify the skills required to do future jobs in agriculture and the likelihood of existing workers being absorbed into future jobs.

The study will further identify the skills gap between the current workforce in the agricultural sector and the skills need in terms of future job opportunities in the agricultural sector and make recommendations on how the skills gap can be closed. The study has been engaging with organised agriculture, organised labour, agricultural academics and HR specialists within the sector.

In 2021, the IFR (Institute for Future Research) team has conducted a sector desktop scan on the future of jobs and the report is complete. On 6 May 2021, the IFR was to host a research colloquium that will consist of mostly agricultural researchers and academics to discuss the desktop scan report. The IFR team expected the study to be concluded by July 2021.

Johan Wege dien as voorsitter van die sentrum, met Roelof Swanepoel as ondervoorsitter. Die sentrum se bestuur word bygestaan deur Lebogang Sethusha.

COVID-19 IN DIE WERKPLEK

Die wêreldwye Covid-19-uitbraak word deur lede as kommerwekkend bestempel, met spesifieke klem op werkplek-gereedheid en die deel van inligting. Die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling het onderneem om wenke in dié verband te ontwikkel en in plakkaat-formaat in soveel tale moontlik beskikbaar te stel om wye kommunikasie daarvan te verseker.

FUTURE OF WORK-PROJEK: WERKSKEPPING IN DIE PRIMÊRE LANDBOUSEKTOR

Die studie is geformuleer om toekomsbestande benaderings tot werkskepping in die primêre landbousektor te identifiseer. Die projek sluit in 'n bepaling van hoe toekomstige werkgeleenthede binne die landbousektor sal lyk. Daarna sal die studie die vaardighede wat in die toekoms benodig sal word, identifiseer en ook die waarskynlikheid bepaal dat huidige werkers in sodanige werkgeleenthede geabsorbeer sal word.

Die studie sal ook poog om die vaardigheidsgaping tussen die huidige arbeidsmag in die landbousektor en die vaardighede wat vir toekomstige werkgeleenthede vereis sal word, te identifiseer, en sal aanbevelings maak oor hoe dié vaardigheidsgaping aangespreek kan word. Die studie skakel tans met georganiseerde landbou, georganiseerde arbeid asook mensehulpbronspesialiste binne die sektor.

In 2021 het die IFR-span (Institute for Future Research) 'n lessenaarstudie oor die toekoms van werk in die sektor gedoen, waarna 'n verslag opgestel is. Die IFR het beplan om op 6 Mei 2021 'n navorsing-kollokwium aan te bied, hoofsaaklik bestaande uit landbounavorsers en -akademici, om die lessenaarskanderingsverslag te bespreek. Die IFR het beplan om die studie teen Julie 2021 te voltooi.

EMPLOYMENT EQUITY AMENDMENT BILL

The Employment Equity Amendment Bill (EE Amendment Bill) tabled at parliament is aimed to expedite the pace of transformation in the sector. Agri SA is part of the delegation in consultation with the department of employment and labour (DEL) on the employment equity sectoral targets to ensure sustainable transformation.

On 2 March 2021, the DEL invited Agri SA and other agricultural organisations for an introductory meeting regarding the sectoral targets and proposals. The DEL requested that representative organisations submit a consolidated submission on their proposals by Friday, 14 May 2021. The submission was a first in a continued consultation between the DEL and the sector.

CORPORATE PERMITS AND THE EMPLOYMENT OF MIGRANT LABOUR

Agri SA continues to engage with the DEL and the department of home affairs on labour migration in the agricultural sector. Agri SA held a meeting with the DEL, department of home affairs (DHA), department of international relations and cooperation (DIRCO) and department of trade, industry and competition (DTIC) and they committed to an investigation of problems areas, develop an applications notification system, and meet on the potential phasing out of foreign labour.

The Centre of Excellence further received a request from the DEL to establish provincial working committees that would liaise with the DEL on the challenges of corporate visas and the employment of migrant labour. The working committees would further formulate provincial specific action plans, with sustainable solutions with the vision to reduce the number of migrant labourers being employed within the sector. The formulation of the provincial committees was mandated by Agri SA members for the nomination of provincial representatives.

WYSIGINGSWETSONTWERP OP GELYKE INDIENSNEMING

Met die Wysigingswetsontwerp op Gelyke Indiensneming wat in die parlement ter tafel gelê is, word daar beoog om die pas van transformasie in die sektor te bespoedig. Agri SA is deel van die afvaardiging wat met die departement van indiense-neming en arbeid (DEL) oor die gelyke-indiense-nemingsteikens beraadslaag om volhoubare transformasie te verseker.

Op 2 Maart 2021 het DEL 'n uitnodiging aan Agri SA en ander landbou-organisasies gerig om 'n inleidende vergadering oor die sektorale teikens en voorstelle by te woon. Die departement het gevra dat verteenwoordigende organisasies 'n gekonsolideerde voorlegging oor hul voorstelle teen Vrydag, 14 Mei 2021 beskikbaar stel. Dit dien as die eerste stap in deurlopende beraadslaging tussen DEL en die sektor.

KORPORATIEWE PERMITTE EN INDIENSNEMING VAN MIGRANTE-ARBEID

Agri SA gaan voort om met DEL en die departement van binnelandse sake te skakel oor arbeidsmigrasie in die landbousektor. Die organisasie het vergader met DEL, departement van binnelandse sake (DHA), departement van internasionale betrekkinge en samewerking (DIRCO) en die departement van handel, nywerheid en kompetisie (DTIC), waar dié partye onderneem het om ondersoek in te stel ten opsigte van probleemareas en om 'n aansoek-kenningsgewingstelsel te ontwikkel, asook om samesprekings te hou oor die potensiele uitfasering van buitelandse arbeid.

Die Sentrum van Uitnemendheid het 'n versoek ontvang van DEL om provinsiale werkskomitees te stig wat met DEL sal skakel oor die uitdagings rondom korporatiewe visums en die indiense-neming van migrante-arbeid. Die werkskomitees sal ook provinsiespesifieke aksieplanne formuleer vir volhoubare oplossings met die oog op 'n afname in die aantal migrante-arbeiders wat in die sektor werksaam is. Agri SA-lede het 'n mandaat goedgekeur vir die stigting van provinsiale komitees en die benoeming van provinsiale verteenwoordigers.



Мабуура, оуфигу
 афегеуа. К уууу
 nobmope, eom opone
 - zowke uenariz
 афогезу: ет о-аф

NATIONAL MINIMUM WAGE

Agri SA drafted a report on the impact of the increase and equalisation of the national minimum wage based on the desktop study conducted. The report that Agri SA presented to the Centre of Labour and Development on 9 February 2021 sets out the process followed to determine the national minimum wage. It further provides an overview of all the media interaction by Agri SA, in which opposition was expressed to the proposed 16% increase.

Agri SA communicated the impact of the national minimum wage on agriculture to the media during a media conference on 19 February 2021. In it, the government was urged to relax labour legislation and the process of applying for exemption. Through its extensive efforts, Agri SA received a response letter from the Minister, Thulas Nxesi acknowledging the unique challenges faced by the sector and committed to further engagements on the issue. Agri SA also provided an overview of the research that had been done and the implications of the 16% national minimum wage increase for employment. The impact that unemployment has on poverty was also discussed in the document. Agri SA also held a webinar with Farmer's Weekly to discuss the impact of the 16% increase.

NASIONALE MINIMUMLOON

Agri SA het 'n verslag oor die uitwerking van die verhoging en egalisering van die nasionale minimumloon opgestel op grond van die lessenaarstudie wat onderneem is. Die verslag wat Agri SA op 9 Februarie 2021 aan die Sentrum van Uitnemendheid: Arbeid en Ontwikkeling voorgehou het, bied 'n uiteensetting van die proses wat gevolg is om die nasionale minimumloon te bepaal. Dit bied ook 'n oorsig van al die media-interaksie waarin Agri SA sy besware rondom die voorgestelde 16%-verhoging uitlig.

In die verslag oor die uitwerking van die nasionale minimumloon wat Agri SA aan die media voorgehou het tydens 'n mediakonferensie op 19 Februarie 2021, is ge vra dat die regering die arbeidswetgewing, asook die aansoekproses vir vrystelling, verslap. Agri SA het deur middel van sy uitgebreide pogings 'n antwoordbrief van die minister, Thulas Nxesi, ontvang waarin hy erkenning gee aan die unieke uitdagings van die sektor en het hy hom verdere skakeling oor die saak. Agri SA het 'n oorsig gegee van die navorsing wat gedoen is en die implikasies wat 'n 16%-verhoging vir werkskepping inhou. Die uitwerking van werkloosheid op armoede word ook in die dokument bespreek. Agri SA het ook 'n webinar saam met Farmer's Weekly aangebied om die uitwerking van die 16%-verhoging te bespreek.

am kopuuppa ue o zabucuuuo
 uuuuu uuuuu uuuuu
 nobmope zafu-
 афегеуа
 uuuuu
 uuuuu
 uuuuu
 uuuuu
 nobmope





CENTRE OF EXCELLENCE | SENTRUMS VAN UITNEMENDHEID

ECONOMICS • EKONOMIE



Nicol Jansen

Chairman
Voorsitter

The chairman of the centre is Nicol Jansen, Cobus van Zyl is deputy chair and additional members are Heinie du Toit, Johan Berg and Len Vorster. The management of the centre is assisted by Kulani Siweya.

At the centre of excellence meeting that took place on 17 November 2020, the centre's name was changed to the Economics Centre of Excellence (CoE), removing the trade component. Trade matters are now overseen by Jolanda Andrag, head of Agri SA's Commodity Chamber.

The centre's activities relate to economic matters that impact on the development, profitability, stability, and sustainability of agriculture. Regarding economic matters, the centre provides inputs and/or commentary on economic policy, input costs, the diesel refund for agricultural purposes, tax matters, Covid-19, as well as agricultural legislation. The centre also oversees aspects relating to road infrastructure and telecommunication.

During the reporting year, a significant amount of time was spent on electricity matters as well as financing in the agricultural sector, with mixed success.

DIESEL REFUNDS

This centre has continued to collaborate with Grain SA, as it has done for the past 4-5 years, working on the new system.

The new diesel refund system proposes the creation/registration of a diesel user profile, which will typically work like e-filing. These new rules were discussed in depth during the centre's March 2020 meeting, with meaningful inputs from its members, after which commentary was submitted on the new rules and forms. Workshops in this regard were to be held at the end of 2020 but given the lockdown because of Covid-19 pandemic, this didn't materialise.

The South African Revenue Service (SARS) subsequently resumed consultation at the beginning of 2021, where the centre provided input. Part of this input included support for the e-filing kind of system, which would improve communication efficiency and Agri SA recommended a phased-in implementation, while keeping

Die voorsitter van die sentrum is Nicol Jansen, met Cobus van Zyl wat dien as ondervoorsitter. Addisionele lede van die komitee is Heinie du Toit, Johan Berg en Len Vorster. Die bestuur van die sentrum word deur Kulani Siweya bygestaan.

Tydens die Sentrum van Uitnemendheid (SvU) se vergadering op 17 November 2020 is die sentrum se naam verander na die Sentrum van Uitnemendheid Ekonomie, met die handelskomponent verwyder. Die handelsaangeleenthede word nou hanteer binne Agri SA se Bedryfskamer onder leiding van Jolanda Andrag.

Die sentrum se bedrywighede hou verband met ekonomiese sake wat 'n uitwerking het op die ontwikkeling, winsgewendheid, stabiliteit en volhoubaarheid van landbou. Met betrekking tot ekonomiese sake, lewer die sentrum insette en/of kommentaar oor ekonomiese beleide, insetkoste, die dieselmikorting vir landboudoeleindes, belastingaangeleenthede, Covid-19, asook landbouwetgewing. Die sentrum hanteer onder andere ook aspekte wat verband hou met padinfrastruktuur en telekommunikasie.

Verskeie uitkomstes is gedurende die verslagjaar behaal waartydens heelwat tyd wat gespanneer was aan elektrisiteitsaangeleenthede en finansiering in die landbousektor.

DIESELKORTINGS

Soos in die afgelope 4-5 jaar, het hierdie sentrum voortdurend saam met Graan SA gewerk rondom die nuwe stelsel.

Met die nuwe dieselmikortingstelsel word daar beoog om 'n dieselmikortingsprofiel te skep deur registreer wat tipies soos e-filing sal werk. 'n Werkwinkel in dié verband was vir die einde van 2020 beplan, maar weens die inperking as gevolg van Covid-19 het dit nie plaasgevind nie. Met die sinvolle insette vanaf lede, was kommentaar oor die nuwe reëls en vorms ingedien. Hierdie nuwe reëls is indringend bespreek tydens die sentrum se Maart 2021 vergadering.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) het aan die begin van 2021 sy beraadslagings hervat, waarop die sentrum ook insette gelewer het. Hierdie insette sluit in ondersteuning vir die e-filing-tipe stelsel, wat die doeltreffendheid van kommunikasie sal verbeter. Agri SA het aanbeveel dat implementering van die nuwe stelsel ingefaseer word, terwyl die huidige stelsel in stand gehou word om enige onvoorsiene probleme uit te skakel. Verder het die sentrum weereens die belangrikheid beklemtoon van logboeke om verkope en gebruik te bevestig. Waar die bestaande stelsel in baie opsigte oop is vir nie-nakoming, het ons aanbeveel dat logboek-vereistes bespreek word vóór die volgende implementeringsfase. Dit is veral belangrik gegewe die onrealistiese verwagtinge rondom die voorkoms van die logboek, asook die verskille in interpretasie van die besonderhede wat moontlik in die logboek ingesluit moet word.



the current system working to avoid any unforeseen glitches. Furthermore, the centre reiterated the importance of logbooks that serve to ascertain the eligibility of purchase and usage and, with the current system open to non-compliance in many aspects, we recommended for logbook requirements to be discussed before the next phase of consultation. This is particularly important owing to the unrealistic expectations on the look of the logbook as well as differences in interpretation on the details expected to be included in the logbook.

Owing to the purpose of the refund, which is to provide relief from road-related tax burdens for certain non-road users involved in qualifying primary activities and support the competitiveness of agriculture, the centre strongly emphasised the need to have a definitive percentage of the general fuel levy and road accident fund levy (RAF), eg 100% RAF and 40% of fuel levy. This is to remove any uncertainty and undermine the system.

PROPERTY TAX

An internal sub-committee on municipal property tax rates has been established within the centre under the chairmanship of Len Vorster. The other elected members include Gernie Botha, Sandy La Marque, Deidre Carter, Nicol Jansen and Rodger Ferguson as external expert consultant. The sub-committee intends to offer guidance on procedural matters on property tax-related queries and grievances. This follows a guideline booklet that was disseminated earlier for members to use throughout the process.

ELECTRICITY ISSUES IN AGRICULTURE

Securities: Eskom is legally entitled to deposit accounts for security purposes. The challenge has been in many instances the requirements for these have not been acted upon by Eskom for 30 years in some cases.

In a bid to resolve the generation unit's financial challenges, Eskom intended to bring these deposits up to date at a go. This would have dire consequences for farmers' cash flow. To this effect, the centre entered into negotiations with the power utility to do this in an equitable manner that allows for compliance but also not straining farmer finances.

One important aspect mentioned to Eskom was the willingness of the sector to cooperate but required Eskom to exercise leniency on this front. A blanket approach is not ideal, particularly for the agriculture sector that has a low rate of non-compliance, and to this effect should not be punished for the faults of other agents in the economy. A sectoral approach was suggested to Eskom.

At the CoE meeting that took place on 3 May 2021, it was agreed that a few more proposals can be tabled and negotiated with Eskom by the centre. These include a prepaid system to overcome deposit requirements and tie to it an incentive market-related interest rate. Second is a risk-based deposit system to incentivise loyal customers and tie to this a phased-in approach on higher deposits for reconnection after non-payment from existing clients as well as new clients with no payment history with Eskom and those with an irregular payment history. Attached

Om die doel van die korting, naamlik om die pad-verwante belastinglas vir sekere nie-padgebruikers wat betrokke is by kwalifiserende primêre aktiwiteite, te verlig en die mededingendheid van die landbou te ondersteun, het die sentrum hom sterk beywer vir 'n definitiewe persentasie van die algemene brandstofheffing en padongelukfondsheffing (POF), byvoorbeeld 100% van die POF en 40% van die brandstofheffing, wat dan enige onsekerheid sal uitkakel.

EIENDOMSBELASTING

'n Interne sub-komitee is binne die sentrum aangestel onder voorsitterskap van Len Vorster getaak om sake rakende munisipale eiendomsbelastingkoerse te ondersoek. Die ander verkose lede sluit in Gernie Botha, Sandy La Marque, Deidre Carter, Nicol Jansen en Rodger Ferguson as eksterne kundige. Die sub-komitee beoog om leiding te bied ten opsigte van prosedures rondom eiendomsbelastingkwessies en -griewe. Dit volg nadat 'n riglyngids aan lede beskikbaar gestel is waarvan hulle gebruik kan maak gedurende hierdie proses.

ELEKTRISITEITSAANGELEENTHEDE IN DIE LANDBOU

Kollateraal: Eskom is wetlik geregtig op depositorekenings as kollateraal. Die uitdaging was dikwels die vereistes in hierdie verband waarop Eskom in sommige gevalle vir 30 jaar geen ag geslaan het nie.

In 'n poging om die opwekkingseenheid se finansiële probleme aan te spreek, beoog Eskom om hierdie deposito's met een aanslag op datum te bring. Dit hou ernstige gevolge vir boere se kontantvloed in. Om hierdie rede onderhandel die sentrum met Eskom vir 'n bedeling waar boere stelselmatig hulle uitstaande verpligtinge kan nakom sonder om hulle finansiële situasie onder onnodige druk te sit.

Een ander belangrike aspek wat aan Eskom uitgewys is, is die gewilligheid van die sektor om saam te werk. Dus word daar egter van Eskom verwag om toegewend op te tree in hierdie verband. 'n Algemene benadering is nie ideaal nie, veral nie binne die landbousektor waar nie-nakoming selde voorkom. Die sektor moet dus nie gevolglik gestraf word vir die foute wat ander agente in die ekonomie gemaak het nie. 'n Sektorale benadering word in die verband voorgestel.

Tydens die SvU-vergadering op 3 Mei 2021 is daar ooreengekom dat 'n aantal verdere voorstelle ter tafel gelê kan word en met Eskom daarvoor onderhandel kan word. Dit sluit in 'n vooruitbetalingstelsel om depositovereistes te omseil, gekoppel aan 'n markverwante rentekoers as insentief. 'n Tweede voorstel behels 'n risiko-gebaseerde depositostelsel om lojale kliënte aan te spoor wat gekoppel is aan 'n ingefaseerde benadering ten opsigte van hoër deposito's vir aansluiting ná wanbetaling deur bestaande kliënte, asook kliënte wat geen betalingsgeskiedenis met Eskom het nie en diene met 'n geskiedenis van ongereelde betaling. Belastingvoordele kan gekoppel word aan die eers genoemde voorstel. Die sentrum sal in 'n parallelle proses ondersoek instel na die belastingimplikasies en die maksimum tydperk wat toegelaat word vir vooruitbetaling.

to the first proposal could come tax benefits. The centre will in a parallel process investigate what the tax implications are and the maximum period allowed for pre-payment.

Service delivery: In the same meeting that took place on 3 May, a new top-down and bottom-up strategy was introduced. The procedure involves provincial affiliates engaging with Eskom's provincial structures on after-hours service delivery. The focus should be on services from 16:30 till 24:00 as a priority. Agri SA, through the Economics CoE, will engage Eskom on a national level, advocating enablers to deal with this and other maintenance-related matters.

Load shedding and agriculture: During the reporting year, load shedding once again haunted South Africans. Agri SA expressed its concern over the negative impact that load shedding could have on the primary agricultural sector, the food value chain and the economy as a whole.

Load shedding has a particularly negative impact on energy-intensive agricultural industries across the value chain, from farm gate to the consumer's home. Maintaining the cold chain is critical to ensure quality and the shelf-life of food.

ROAD INFRASTRUCTURE

Agri SA engaged SANRAL to reach an amicable solution on a rural road camera network system. This system is used extensively by law enforcement agencies by way of sharing the information obtained by the camera system with these agencies and has resulted in numerous successes in apprehending criminals.

In addition to this, we discussed the maintenance of fencing next to SANRAL roads and the arrangement of 50:50 maintenance cooperation between SANRAL and farmers, as well as the required specification of fencing next to SANRAL roads. During this discussion, it was pointed out to SANRAL that the risks that the agricultural sector carries by being neighbours with SANRAL are far greater than other "normal neighbours". An agreement was reached and signed that a 50:50 maintenance cooperation between SANRAL and farmers would be put in place.

Following cyclone Eloise experienced in the latter part of 2020 and early 2021, this was declared to be a national disaster, which meant that a budget allocation was unlocked, aimed at addressing damages and provide relief. The Economics CoE, in conjunction with the Risk and Disaster Unit, surveyed to assess the extent of damages caused to infrastructure, including roads. The findings were subsequently provided to the National Disaster Management Centre (NDMC) and we lobbied for budget allocation to remedy the situation.

Appreciating that not all roads fall under SANRAL's ambit we used the same report and initiated to engage the department of transport. A meeting is yet to take place, but efforts are being made to bring the department to the table and discuss these issues.

Dienslewering: Tydens dieselfde vergadering op 3 Mei is 'n nuwe top-down- en bottom-up-strategie voorgelê. Die prosedure behels skakeling tussen provinsiale affiliasies en Eskom se provinsiale strukture ten opsigte van na-uurse dienslewering. Die fokus moet op die prioritering van dienste tussen 16:30 en 24:00 wees. Agri SA, via die SvU Ekonomie, sal met Eskom op nasionale vlak skakel om voorspraak te maak vir fasiliteerders om hiermee, asook ander instandhouding-verwante aangeleenthede, te onderhandel.

Beurtkrag in die landbou: Gedurende die afgelope verslagjaar is Suid-Afrika weereens deur beurtkrag geteister. Agri SA het sy misnoeë uitgespreek oor die negatiewe uitwerking wat beurtkrag op die primêre landbousektor, asook die voedselwaardeketting en die ekonomie as geheel, kan hê.

Beurtkrag het veral 'n negatiewe invloed op energie-intensiewe bedrywe oor die waardeketting heen, vanaf die plaashek tot die verbruiker se tafel. Instandhouding van die koue voorsieningsketting is uiters noodsaaklik om die gehalte en raklewe van voedsel te verseker.

PADINFRASTRUKTUUR

Agri SA het met SANRAL onderhandel vir 'n vreedsame oplossing rakende 'n landelike kameranetwerkstelsel. Hierdie stelsel word doeltreffend gebruik deur die inligting wat via die kamerastelsel verkry word met wetstoepassingsagentskappe te deel. Dit het gelei tot die suksesvolle arrestasies van menige misdadigers.

Samesprekings het ook gefokus op die instandhouding van omheining langs SANRAL se paaie en die reëling tussen SANRAL en boere ingevolge waarvolgens instandhouding op 'n 50:50-grondslag deur SANRAL en die boere gedoen sal word, asook die vereiste spesifikasies vir omheining langs SANRAL se paaie. Tydens hierdie samesprekings is daar aan SANRAL uitgewys dat die risiko's vir lede van die landbousektor wat bure van SANRAL is, veel groter is as dié van "normale bure". 'n Ooreenkoms is bereik en onderteken waarvolgens instandhoudingskoste op 'n 50:50-grondslag tussen SANRAL en die boere gedeel sal word.

Ná afloop van die Eloise-sikloon in die tweede helfte van 2020 en begin van 2021, het die regering 'n nasionale ramp verklaar, wat beteken het dat 'n begrotingstoewysing ontsluit is om finansiële hulp te verleen om vir die skade te vergoed. Die SvU Ekonomie, tesame met die Risiko- en Rampeenheid, het 'n opname gedoen om die omvang van die skade aan infrastruktuur, insluitend paaie, te bepaal. Die bevindinge is daarna aan die Nasionale Rampbestuursentrum (NDMC) beskikbaar gestel en Agri SA het voorspraak gemaak vir 'n toewysing uit die begroting vir hierdie doel.

Gegewe dat nie alle paaie onder SANRAL se bestuur val nie, het ons dieselfde verslag gebruik om skakeling met die departement van vervoer te inisier. 'n Vergadering het nog nie plaasgevind nie, maar pogings word al jare lank aangewend om die departement aan boord te bring om hierdie aangeleenthede te beprek.



2021 NATIONAL BUDGET

The centre actively participated in submissions made before the tabling of the national budget through Business Unity South Africa (BUSA). A letter was also addressed to the minister of finance, focused mainly on advocating for a bailout for the Land Bank, a key institution for the sector. Subsequently, R7 billion was allocated to assist the Land Bank with its liquidity challenges, however, Agri SA did reiterate that cash alone was not the solution and called for further assistance in the form of restructuring. Following the budget speech, a comprehensive budget review was done by the centre of the outcome and its implications on the sector.

RADIO AND TELEVISION

During the year, discussions around renewable energy, as well as other relevant issues within the centre's focus areas, were conducted on various radio and television platforms, including OFM, Farmer's Weekly, SABC, eNews and Landbouweekliks. This centre also enjoyed tremendous coverage in respect of a wide variety of issues and kept farmers informed in this regard.

AGRICULTURE AND AGRO-PROCESSING MASTER PLAN

The centre submitted comprehensive inputs to the department of agriculture, land reform and rural development (DALRRD) on the first draft of the Agriculture and Agro-Processing Master Plan (AAMP).

The latest developments on the process comprise of two documents:

1. The Agriculture and Agro-processing Master Framework Agreement.
2. The Agriculture and Agro-processing Master Action Plan.

The framework agreement document informs the drafting and finalisation of the action plan of the AAMP. However, the action plan is work in progress, negotiations on targets and commitments will follow.

MEDICAL AID

The centre collaborated with the Labour and Development CoE on investigating a possible medical aid product. This resulted in Agility Health joining Agri SA's Corporate Chamber as a new member and the group shared its value proposition with all members and affiliates.

PRODUCTION/INPUT WORKING GROUP

Agri SA is a member of Grain SA's production/input working group, which meets regularly. An extensive agenda was covered during the reporting year, including problems relating to poor road conditions, electricity, water, copper theft, the theft of farm produce, sectoral determinations and the introduction of a national minimum wage. These matters form part of the focus areas of Agri SA's centres of excellence.

2021 NASIONALE BEGROTING

Die sentrum was aktief betrokke by die voorbereiding van voorleggings wat deur Besigheidsenheid Suid-Afrika (BUSA) gedoen is voordat die nasionale begroting ter tafel gelê is. 'n Brief is ook aan die minister van finansies gerig, hoofsaaklik om voorspraak te maak vir 'n hulp pakket vir die Land Bank – wat 'n sleutelinstelling vir die sektor is. Daarna is R7 miljard toegewys om die Land Bank met sy likiditeitsprobleme te help. Agri SA het egter beklemtoon dat kontant alleen nie die oplossing is nie en het gevra vir verdere hulp in die vorm van herstrukturering. Ná afloop van die begrotingsrede het die sentrum 'n omvattende begrotingsoorsig oor die uitkomst, asook die implikasies daarvan op die sektor, gedoen.

RADIO EN TELEVISIE

Gedurende die jaar is daar gesprekke gevoer op verskeie radio- en televisieplatforms, insluitend OFM, Farmer's Weekly, SABC, eNews en Landbouweekliks, oor hernubare energie asook ander toepaslike sake binne die sentrum se fokusareas. Die sentrum het ook ruim dekking ontvang ten opsigte van 'n wye verskeidenheid aangeleenthede en het boere op hoogte gehou in hierdie verband.

LANDBOU- EN AGRO-PROSESSERINGSMEESTERPLAN

Die sentrum het omvattende insette aan die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling (DALRRD) gelewer oor die eerste konsep-raamwerk van die Meesterplan vir Landbou en Agro-prosesseringmeesterplan (AAMP).

Die jongste verwikkelinge rondom vordering met die proses behels twee dokumente:

1. Die Raamwerkooreenkoms vir die Landbou- en Agro-prosesseringsmeesterplan.
2. Die Aksieplan vir die Landbou- en Agro-prosesseringmeesterplan.

Die raamwerkooreenkoms dien as grondslag vir die formulering en finalisering van die AAMP se Aksieplan. Die Aksieplan is egter steeds in konsepvorm. Onderhandelinge oor teikens en ondernemings sal volg.

MEDIESE HULP

Die sentrum het met die SvU Arbeid en Ontwikkeling saamgewerk ten opsigte van die ondersoek na 'n moontlike mediese hulp-produk. Dit het daartoe gelei dat Agility Health by Agri SA se Korporatiewe Kamer aangesluit het as nuwe lid. Die mediese groep het sy waardeproposisie met alle lede en affiliasies gedeel.

PRODUKSIE/INSET-WERKGROEP

Agri SA is 'n lid van Graan SA se produksie/inset-werkgroep, wat gereeld vergader. 'n Omvattende agenda is gedurende die verslagjaar gedek, met inbegrip van probleme rondom swak padtoestande, elektrisiteit, water, koperdiefstal, diefstal van



ECONOMIC REVIVAL PLAN

It was decided to merge the event into the Agri SA congress for 2021, where the focus will be on policy implementation, specifically for aspects that have an impact on agriculture, including the development of both emerging and commercial farmers. This entails support for emerging farmers to come into the “system” and support to sustain existing commercial farmers, i.e. “protecting what we have” whilst “adding” emerging farmers to the sector. Global role players, for example the World Bank and the International Monetary Fund (IMF), should be invited to attend this session.

TRADE

Over the past year the agricultural trade environment had to overcome many challenges caused by lockdowns announced in various countries at the beginning of 2020. Even before a national lockdown was announced in South Africa, supply chain disruptions caused bottlenecks at ports of entry. During this time the lockdowns in China, large parts of South East Asia and Europe caused drastic changes in consumer patterns.

Following the announcement of a lockdown in South Africa, the impact of these challenges was compounded by the inconsistent interpretation of lockdown regulations, reduced operational capacity at the ports and Covid-19 cases, which caused intermittent disruptions in logistical hubs.

During this reporting period, Agri SA's relationships with state departments such as the department of transport, the department of trade and industry (DTiC), the department of agriculture, land reform and rural development (DALRRD) enabled the organisation to resolve many of the arising trade challenges. The unprecedented crisis allowed the organisation to collaborate closely with State Owned Enterprises (SOEs) such as Transnet, which seeded a relationship set to significantly strengthen the agricultural industry's relationship with both the port and rail segments of Transnet.

Over the last year the international market access challenges, both tariff and non-tariff, were captured and a report was presented to the department of international relations and cooperation (DIRCO). Concurrently, challenges were taken up with the DTiC and DALRRD through the Agricultural Trade Forum (ATF). This strategy mitigated the miscommunication and misinformation between state departments and increased the efficiency of the agricultural industry's collective lobbying efforts.

A key future prospect is the implementation of the African Continental Free Trade Area (AfCFTA), which holds significant opportunity for the industry if risks linked to biosecurity standards and custom rules are implemented consistently. Agri SA, alongside other industry bodies, will monitor the final negotiations closely.

plaasprodukte, sektorale vasstellings en die instelling van 'n nasionale minimumloon. Hierdie aangeleenthede vorm deel van die fokusareas van Agri SA se sentra van uitnemendheid.

EKONOMIESE HERNUWINGSPLAN

Daar is besluit om die onderwerp te kombineer met Agri SA se 2021-kongres, waar daar gefokus sal word op beleidsimplementering, spesifiek aspekte wat 'n uitwerking het op die landbou, insluitend die ontwikkeling van beide opkomende en kommersiële boere. Dit behels ondersteuning vir opkomende boere om toe te tree tot die 'stelsel', asook ondersteuning om bestaande kommersiële boere volhoubaar te hou, d.w.s 'om te beskerm wat ons het', terwyl opkomende boere die sektor betree. Globale rolspelers, byvoorbeeld die Wêreldbank en Internasionale Monetêre Fonds (IMF), moet genooi word om hierdie sessie by te woon.

HANDEL

Oor die afgelope jaar was die landbouhandelsomgewing genoop om menige uitdagings aan te spreek wat veroorsaak is deur die inperkings wat aangekondig is in menige lande aan die begin van 2020. Sels vóór die aankondiging van 'n nasionale inperking in Suid-Afrika, het voorraadketting-ontwrigtings versperrings by hawens tot gevolg gehad. Gedurende hierdie tydperk het die inperkings in China, asook groot dele van Suidoos-Asië en Europa, drastiese veranderinge in verbruikerspatrone meegebring.

Ná die aankondiging van die inperking in Suid-Afrika, is die uitwerking van hierdie uitdagings vererger weens verskillende vertolkings van die regulasies, 'n afname in kapasiteit by hawens, Covid-19 asook afwisselende ontwrigting in logistieke hubs as gevolg daarvan.

Oor hierdie tydperk het Agri SA se verhoudinge met staatsdepartemente soos vervoer, handel, nywerheid en kompetisie (DTiC), en landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling (DALRRD) dit moontlik gemaak vir die organisasie om menige van die voortspruitende uitdagings aan te spreek. As gevolg van die ongekende krisis, moes die organisasie nou saamwerk met staatsondernemings (SOE's) soos Transnet, wat aanleiding gegee het tot 'n hegte verhouding tussen die landboubedryf en die hawe- sowel as spoorsegmente van Transnet.

Gedurende die afgelope jaar is die uitdagings rondom internasionale marktoegang, beide tarief en nie-tarief, gedokumenteer en 'n verslag is aan die departement van internasionale verhoudinge en samewerking (DIRCO) voorgelê. Die uitdagings is terselfdertyd opgeneem met die DTiC en DALRRD via die Landbouhandelsforum (ATF). Hierdie strategie het daarin geslaag om misinformatie en misleidende kommunikasie tussen staatsdepartemente te verminder en om die doeltreffendheid van die landboubedryf se kollektiewe voorspraakpogings op te skerp.

'n Belangrike vooruitsig vir die toekoms is die implementering van die African Continental Free Trade Area (AfCFTA), wat geweldige geleenthede vir die bedryf inhou indien die risiko's gekoppel aan biosekuriteitstandaarde en doeane-reëls konsekwent toegepas word. Agri SA, tesame met bedryfsliggame, sal die finale onderhandelinge fyn dophou.

от закупа и в забвении
 итти приключе и по
 како за-используе и ии
 ст-применителю побуждают реале
 медоносности са дити итти и
 сенорина стимулос дити -
 приподнимают ажно итти
 итерити дити итти
 дити, определителю. припод
 итти. К итти дити дити
 итти дити дити
 итти дити дити - в
 итти дити дити



AGRI SECURITAS TRUST FUND

AGRI SECURITAS TRUSTFONDS



Kiewiet Ferreira

Chairman
Voorsitter

The Agri Securitas Trust Fund's board of trustees functions under chairmanship of Kiewiet Ferreira, who was elected as chair during the report year. Kobus Visser is the functionary.

INTRODUCTION

The Agri Securitas Trust Fund strives for a safer rural environment by supporting local security projects. The relevant projects are aimed at introducing preventative measures, as well as post-trauma assistance.

The Trust Fund makes financial support available to farming communities to improve their safety.

An important aspect that is considered when deciding on the funding of projects is the cooperation that exists between the local community and the South African Police Service (SAPS). All projects that are supported must also operate within the statutory and institutional frameworks. Since the Trust Fund does not have any executive capacity, it executes its mandate via other organisations, for instance farmers' associations.

INCEPTION OF THE TRUST FUND

After the Summit on Rural Safety held on 10 October 1998, the Agri Securitas Trust Fund was created as an initiative of Agri SA.

The initiative was supported by the former president, Nelson Mandela, and serves as the ideal partner in the battle against rural crime. Over the years, the Trust Fund has developed a proven record of helping to safeguard farming communities. The Fund also serves as a neutral platform for people who want to contribute towards the protection of the farming community.

TRUST DEED

The trust deed makes provision for a board of trustees consisting of a maximum of 12 members. As a general guideline when appointing trustees, the current professional status of the candidates is taken into account.

AGRI SECURITAS

TrustFund | Trustfonds | 6461/01

Die Raad van Trustees van die Agri Securitas Trustfonds funksioneer onder voorsitterskap van Kiewiet Ferreira, wat tydens die verslag jaar tot voorsitter verkies is. Kobus Visser is die funksionaris.

INLEIDING

Die Agri Securitas Trustfonds beywer hom vir 'n veiliger landelike omgewing deur plaaslike beveiligingsprojekte te ondersteun. Verbandhoudende projekte is gerig op voorkomende maatreëls sowel as nasorg.

Die Trustfonds is daarop gerig om finansiële hulp aan boerdery-gemeenskappe beskikbaar te stel, ten einde die veiligheid van sodanige gemeenskappe te verbeter.

'n Belangrike aspek met die oorweging van die befondsing van projekte is die samewerking wat tussen die plaaslike gemeenskap en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) bestaan. Alle projekte wat ondersteun word, moet ook binne die wetlike raamwerk en institusionele werkwyse bedryf word. Aangesien die Trustfonds nie oor uitvoerende kapasiteit beskik nie, voer hy sy mandaat uit deur middel van ander organisasies, soos byvoorbeeld boereverenigings.

ONTSTAAN VAN DIE TRUSTFONDS

Die Trustfonds is ná die Spitsberaad oor Plattelandse Veiligheid op 10 Oktober 1998 as 'n inisiatief van Agri SA in die lewe geroep.

Die inisiatief is deur voormalige president Mandela ondersteun en die Trustfonds dien as 'n ideale vennoot in die stryd teen landelike misdaad. Die Trustfonds het oor jare 'n bewese rekord opgebou om plaasgemeenskappe te help beveilig. Dit dien ook as 'n neutrale platform vir instansies waardeur bydraes gemaak kan word tot die beskerming van die boerderygemeenskap.

TRUSTAKTE

Die Trustakte maak voorsiening vir 'n raad van trustees wat uit nie meer as 12 lede mag bestaan nie. As 'n algemene riglyn by die aanstelling van trustees, word die bestaande professionele werkstatus van kandidate in ag geneem.

During the report year, Omri van Zyl resigned as trustee. His resignation is currently being considered by the Master of the High Court. Christo van der Rheede, the Executive Director of Agri SA, was appointed in his official capacity as fellow trustee. The existing board of trustees consists of Kiewiet Ferreira (chair), Japie Grobler, Willie Fourie, John Williams, Tharina Rossel, Hans van der Merwe, Mosiuoa Lekota, Dan Kriek and Cobus van Zyl.

FINANCIAL REPORTING

The Trust Fund received an unqualified report from its auditors.

The board is responsible for the content and integrity of the financial statements. The Audit Committee received confirmation that the Trust Fund could continue operating as a going concern. The board, which is responsible for approving the financial statements, has expressed its appreciation to the Audit Committee for the work they do on behalf of Trust Fund. The Audit Committee consists of Hans van der Merwe (chair), Kiewiet Ferreira and Johannes Möller.

During the past year, the board noted an increase in applications for financial assistance, especially from farmers' associations, for the installation of camera systems. The equipment is technologically advanced and very expensive. After critical assessment of the Trust Fund's financial position, the board decided that, given a lack of available funds, it would be unable to accommodate any new requests; therefore, until further notification, the board will not be considering any new requests for additional funding. Provincial affiliates of Agri SA were informed accordingly.

The board has appointed Blouwillem Theron on a contract basis to assist in securing sponsorships or donations for the Trust Fund. He will focus largely on corporate and agribusiness companies, especially those within the agricultural value chain.

PROJECTS FINANCED BY THE TRUST FUND

Since its inception, the Trust Fund has been involved in the financing of various projects, including camera systems, radio communication systems, the erection of booms, acquisition of rural security equipment, funding of research on the motives behind farm attacks, support for security desks operated by provincial organisations, the purchase of drones, and funding of trauma counselling.

During the report year, the Trust Fund supported the following projects financially:

NATIONAL

Reformanda Counselling Services: Reformanda Counselling Services has for the past 14 years been actively involved in providing counselling services to farming communities countrywide. Individual counselling sessions are also provided after workshops.

The Trust Fund has been repeatedly thanked for the funding it provides for the initiative to assist the farming community to

Gedurende die verslagjaar het Omri van Zyl as trustee bedank en sy bedanking word tans deur die Meester van die Hooggeregshof oorweeg. Christo van der Rheede, Uitvoerende Direkteur van Agri SA, is ampshalwe as mede-trustee aangewys. Die huidige raad van trustees bestaan uit Kiewiet Ferreira (voorsitter), Japie Grobler, Willie Fourie, John Williams, Tharina Rossel, Hans van der Merwe, Mosiuoa Lekota, Dan Kriek en Cobus van Zyl.

FINANSIËLE VERSLAGDOENING

Die Trustfonds het 'n ongekwalifiseerde verslag van sy ouditeure ontvang.

Die raad is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state. Die Ouditkomitee het hom daarvan vergewis dat die Trustfonds as 'n lopende onderneming kan voortgaan. Die raad is verantwoordelik vir die goedkeuring van die state en het sy waardering teenoor die Ouditkomitee uitgespreek vir die werk wat namens die Trustfonds gedoen word. Die Ouditkomitee bestaan uit Hans van der Merwe (voorsitter), Kiewiet Ferreira en Johannes Möller.

Die afgelope jaar het die raad 'n toename ervaar in aansoeke om finansiële ondersteuning, veral met die oprigting van kamerastelsels deur boereverenigings. Die toerusting is tegnologies gevorderd en baie duur. Ná 'n kritiese evaluering van die trustfonds se finansiële posisie het die raad besluit dat, weens die huidige beskikbare fondse, dit van so 'n aard is dat dit nie voldoende is om nuwe versoeke vir ondersteuning te akkommodeer nie. Tot verdere kennisgewing sal die raad nie nuwe versoeke vir addisionele befondsing kan oorweeg nie. Provinsiale affiliasies van Agri SA is dienoreenkomstig ingelig.

Die raad het Blouwillem Theron op 'n kontrakbasis aangestel om die raad behulpsaam te wees met die werf van borgskappe of skenkings aan die Trustfonds. Hy sal hoofsaaklik fokus op korporatiewe- en landbou-verwante maatskappye, veral dié in die landbou-waardeketting.

PROJEKTE DEUR DIE TRUSTFONDS GEFINANSIER

Die Trustfonds was sedert sy ontstaan by die finansiering van verskeie projekte betrokke, wat die volgende insluit: kamerastelsels, voorsiening van radio-kommunikasiestelsels, oprigting van valhekke, verskaffing van landelikebeveiligingstoerusting, befondsing van navorsing oor motiewe vir plaasaanvalle, ondersteuning aan veiligheidslessenaars wat deur provinsiale organisasies bedryf word, aankoop van hommeltuie en traumaberading.

Gedurende die verslagtydperk het die Trustfonds die volgende projekte finansiël ondersteun:

NASIONAAL

Reformanda Beradingsdienste: Reformanda Beradingsdienste is vir die afgelope 14 jaar aktief betrokke by die verskaffing van landwyse beradingsdienste aan landbougemeenskappe. Individuele



deal with trauma. The success of the trauma workshops can be ascribed to the fact that remote farming communities can access the services of Reformanda to address their emotional problems.

Agri SA's Rural Safety Centre of Excellence: The centre's policy actions are aimed at improving and promoting the safety of farming communities. This ideal can only be realised if circumstances, including the security environment, are conducive to facilitating a profitable and safe agricultural sector. Agri SA's Centre of Excellence: Rural Safety focuses on a policy environment within which rural safety can be promoted. The Trust Fund makes a financial contribution towards the activities of the centre but had decided to discontinue such support from the beginning of the new financial year on 1 May 2021.

PROVINCIAL PROJECTS SUPPORTED

During the past year, the following projects received financial assistance in response to requests.

FREE STATE

In this province, the following projects were assisted financially:

- **Mockesdam Farmers' Association, camera system:** Stock theft, copper theft, home burglaries and armed robberies are particularly prevalent in the area. By installing a camera system at strategic locations, suspicious vehicles can be monitored and reported to a control room to reduce crime in the area.
- **Geluksdam Agricultural Association, camera system:** The installation of a camera system in this area can offer the police an advantage in combatting crimes such as theft or farm attacks. The system will be used to monitor vehicle movement in the area, especially along the main access routes.
- **Soutpan Farmers' Association, camera system:** Stock theft is the order of the day in the area, while farm attacks, home burglaries, assault and grain theft are also prevalent. A camera system is implemented to monitor suspicious vehicles. If used in combination with effective communication, the camera system can contribute towards preventing crime.
- **Riversdale Farmers' Association, camera system:** Stock theft, as well as the theft of diesel, batteries and equipment, is increasing by the day. The area is also vulnerable to farm attacks. By installing cameras, the area can be constantly monitored.
- **Excelsior Agricultural Association, camera system:** Stolen goods and cannabis are transported along secondary roads, while the theft of farm inputs, solar pumps and copper cables, as well as stock theft, poses a serious problem in the area. The installation of camera systems will make a contribution towards the monitoring of vehicles in the area and can also serve as a deterrent.

beradingsessies vind ook ná afloop van werkwinkels plaas.

